University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

# MULTISENSORIESE LITURGIE

deur

Izak du Plessis

Voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

MA (Teologie)

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA

Studieleier: Prof. H J Pieterse

Medestudieleier: Prof. C J A Vos

OKTOBER 2004

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

University of Pretoria

TITLE: MULTI-SENSORY
LITURGY

by Izak du Plessis

Supervisor: Prof. H J Pieterse

Co-Supervisor: Prof. C J A Vos

Department: Practical Theology

Degree: MA ( Theology )

SYNOPSIS

Multi-sensory worship is a popular term in postmodern worship. It involves seeing, hearing, tasting, smelling, touching, and experiencing. This approach is an attempt to enhance communication in worship gatherings. According to the latest trends in the science of communication, this is the way to go. Due to the decline of church attendance in the Reformed Churches, some congregations experiment with some of the elements of Multi-sensory Worship as well as other approaches. The danger is that they can lose their reformed identity. Although it is important to keep up with the culture we live in, it is as important to stay in touch with the tradition. This thesis investigates the possibility of incorporating multi-sensory elements in the reformed church service. According to this thesis the answer lies in Multi-sensory Liturgy.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

# SLEUTELTERME

LITURGIE

VERNUWING

AANBIDDING

MULTISENSORIES

GEREFORMEERD

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

# INHOUDSOPGAWE

SLEUTELTERME ........ III
INHOUDSOPGAWE ........ IV
INLEIDING ........ VIII
Metodiek ........ xii

**HOOFSTUK 1 ........ 3**

DIE EREDIENS IN VERANDERENDE TYE ........ 3
1. Daling in erediensbywoning ........ 3
2. Kritiek teen die erediens ........ 4
2.1. Onaanpasbaarheid ........ 4
2.2. Onverstaanbare taal ........ 4
2.3. Nie-aktuele prediking ........ 5
2.4. Lewensvreemde eredienste ........ 5
2.5. *De-ja-vu* ervarings ........ 5
2.6. Kortom, die hele liturgie van die kerk is doods. ........ 6
3. Begrip vir die tydsgees waarin ons leef ........ 6
3.1. Kultuur ........ 7
3.2. Paradigmaskuiwe ........ 10
3.3. Modernisme ........ 11
3.4. Postmoderne tyd ........ 13
3.5. *Orality Shifts* ........ 14
3.5.1. *Aural-Orality* ........ 16
3.5.2. Die Skryf-en Drukkuns ........ 16
3.5.3. *Secondary Orality* ........ 17
3.6. Hermeneutiek ........ 22
4. Nuwe era vir die erediens? ........ 23

**HOOFSTUK 2 ........ 25**

DIE EREDIENS IN DIE NG KERK ........ 25
1. Wat is gereformeerde identiteit ? ........ 25
2. Gereformeerde identiteit en die erediens ........ 29
2.1. Die Skrif alleen ........ 29
2.2. Die Geloof alleen ........ 30
2.3. Die Genade alleen ........ 31
2.4. Die Wet ........ 31
2.5. Die Verbond ........ 32

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

3. Gereformeerde Spiritualiteit ..........33
4. Die erediens in die NG Kerk..........34
4.1. Vorm van die erediens in die NG Kerk..........36
4.2. Die preek ..........40
4.3. Die Sakramente ..........41
4.4. Liturgiese Formuliere..........41
4.5. Die Kerklied ..........42
4.6. Die Kerkgebou ..........43
5. Gevolgtrekking..........43

**HOOFSTUK 3 ..........49**

LITURGIESE VERNUWING..........49
1. Wat is liturgie? ..........49
1.1. Die Begrip ..........50
1.2. Die ontwikkeling van liturgie ..........53
1.2.1. Bybelse agtergrond ..........53
1.2.1.1. Ou Testamentiese perspektiewe ..........53
1.2.1.2. Nuwe Testamentiese perspektiewe..........56
1.2.2. Na-Apostoliese ontwikkelinge..........58
1.2.2.1. Die Oosterse kerk..........59
1.2.2.2. Die Noord-Afrikaanse kerk ..........59
1.2.2.3. Die Westerse kerk ..........60
1.2.3. Die Reformasie..........62
1.2.3.1 Luther ..........63
1.2.3.2. Zwingli ..........64
1.2.3.3. Calvyn..........59
1.2.4. Liturgiese modelle van die twintigste eeu..........66
1.3. Liturgiese vernuwing ..........68

**HOOFSTUK 4 ..........76**

MULTISENSORIESE AANBIDDING ( WORSHIP ) ..........76
1. Inleidende opmerkings..........76
2. Wat is Multisensoriese Aanbidding?..........78
3. Op die spore van Multisensoriese aanbidding..........78
3.1. Bybelse spore ..........78
3.2. Spore in die kerkgeskiedenis ..........80
3.3. Universele Geloofspraktyke ..........80
3.4. Die Postmoderne era ..........81
4. Hoe leer mens deur middel van multisensoriese aanbidding?..........81
4.1. Hoe absorbeer mense inligting?..........82
4.2 Multisensoriese Aanbidding en die manier waarop ons leer..........82
5. ’n Model vir Multisensoriese Aanbidding?..........83

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

5.1. Algemene waardes ....................83
5.2. Die praktyk van Multisensoriese aanbidding ....................85
5.3. Opsomming ....................87
6. Kritiese evaluering ....................88

**HOOFSTUK 5 .................... 106**

MULTISENSORIESE LITURGIE .................... 106
1. Kom ons droom... .................... 106
2. Liturgie en Multisensoriese kommunikasiemiddele .................... 107
2.1. Liturgie en die visuele .................... 107
2.1.1. Simboliek en kuns .................... 108
2.1.2. Visuele tegnologie .................... 109
2.2. Liturgie en musiek .................... 110
2.2.1. Sang .................... 111
2.2.2. Instrumentale musiek .................... 112
2.2.3. Elektroniese musiek .................... 112
2.3. Liturgie en taal .................... 113
2.4. Liturgie en ruik, voel en proe .................... 114
3. Beginsels vir Multisensoriese Liturgie .................... 115
4. Hoekstene vir Multisensoriese Liturgie .................... 116
4.1. God versamel ons voor Hom .................... 120
4.1.1. Voorbereiding .................... 122
4.1.2. Aanvangswoord/Votum .................... 123
4.1.3. Seëngroet .................... 126
4.1.4. Antwoord op groet .................... 127
4.2. Diens van die woord .................... 128
4.2.1. Gebed om die opening van die Woord/Epiklese .................... 129
4.2.2. Skriflesing met reaksies .................... 129
4.2.3. Prediking .................... 131
4.3. Diens van die tafel .................... 133
4.4. Uitsending .................... 134
5. Verskuifbare handelinge .................... 136
6. Die doopdiens .................... 137
7. Voorbeeld van 'n erediens met multisensoriese elemente .................... 138
8. Gevolgtrekking .................... 151
BRONNELYS .................... 154

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

# ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS

1. Hendro, my seuntjie van twee jaar oud is die eerste persoon wat ek wil bedank. Eintlik om verskoning vra. Jammer my seuna dat Pappa nie altyd kon kom speel nie as jy roep "Pappa kommie." Dit het my hart gebreek om jou te hoor huil omdat Pappa nie kon help bou of "kalletjie" ry nie. Jou geklop aan my studeerkamerdeur was ŉ inspirasie om klaar te kry. Maar nou's Pappa klaar. Ek is nie ŉ akademikus nie. Al wil ek met die beste wil in die wêreld een wees. Ek is net ŉ Pappa en ŉ man en ŉ dominee. Ek en jy gaan nou baie karretjies ry en die huis vol paaie bou.

2. Janah, dit was nou weer so. Nagte se alleen slaap. Gelukkig het jy hierdie keer vir Hendro gehad. Dankie my vrou vir jou geloof in my, selfs wanneer ek weet ek maak droog. Jy bly my inspirasie en motivering om te doen wat ek doen. Dankie vir al jou kritiek op my eksperimente. Jy is voorwaar ŉ uitstekende klankbord.

3. Die lidmate van die NG Kerk Randpark verdien ook vermelding vir hierdie poging om akademies te verkeer. Dankie vir die tye af om aan my verhandeling te werk. Dankie ook dat ek my passie vir die erediens by julle kan uitleef. En dankie dat julle my verduur.

4. Aan die Here in wie se diens ek is, baie dankie vir ŉ geleentheid soos hierdie. Dankie dat ek die gawe van lewe mag hê. Dankie dat ek in U kerk mag werksaam wees. Dis ŉ geweldige voorreg. En dankie Vader dat dit verby is.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

# INLEIDING

In 'n referaat vir die Buvton Konferensie in Stellenbosch ( 1 September 2003 ), maak Prof. John W. de Gruchy die volgende stelling: "*Many people brought up in the Reformed faith have become Catholics or Anglicans, or joined Charismatic Churches for aesthetic amongst other reasons. They have found in these churches, though very different, an appreciation of the aesthetic and a use of the artistic in ways that have usually been absent from our own worship.*"

'n Mens hoef nie baie moeite te doen om die geldigheid van hierdie stelling te bevestig nie. Byna elke gesprek in kerklike kringe loop in een of ander stadium uit op mense se ongemak met die gereformeerde tradisie. Die gereformeerde tradisie is te stroef en swaarmoedig. Daarom soek mense na iets nuut, iets verfrissend, iets wat weer die Here van die kerk aan hulle kan voorstel. Vernuwing in die erediens is al vir baie lank dié gonswoord in gereformeerde kerke ( Cilliers 2004:5 ).

Maar dis nie net in die gereformeerde tradisie waar daar gepoog word om van die erediens 'n feestelike geleentheid te maak nie. Wêreldwyd is daar pogings om die kerk van die Here se weeklikse samekomste nuut en vars aan te bied.

Van charismatiese megakerke tot die kleinste tradisionele gemeentes is voortdurend in 'n worsteling om 'n ontvolkte erediens weer bekend te stel aan mense as 'n ontmoeting met die Lewende Here. Die bekendste pogings in hierdie verband is die wêreldwye verskynsel van die sogenaamde *seekers-church* en die *emerging church*.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

In elkeen van dié groot bewegings is daar ook duidelike pogings om stukrag aan die erediens te verskaf. Die bekendste verskynsel is *Multi-sensory Worship* ( Kimball 2003 & 2004; Miller 1999 & 2001; Glass 2003 ens. ).

*Multi-sensory Worship* behels die inspanning van al die menslike sintuie om God te aanbid ( Kimball 2004:81 ). Dit is 'n poging om 'n nuwe baadjie vir die erediens aan te trek deur middel van kuns, sang, stilte asook eietydse en tradisionele simbole. Uit elke kerklike tradisie word iets geleen en nuwe dinge word bygevoeg om gelowiges tot 'n nuwe vlak van deelname in die erediens te betrek. Ek bespreek die besonderhede hiervan later in hierdie verhandeling.

Alhoewel kerke in die gereformeerde tradisie dit nie formeel so doen nie, is daar duidelike pogings om iets van hierdie beweging ook in ons eie kerke tot stand te bring. Die totstandkoming van die Leesrooster is so 'n voorbeeld. Landwyd besef al hoe meer gereformeerde gemeentes dat daar te min gemaak is van die erediens. Die styl waarin ons aanbid het vervelig geword.

Geen mens is vir verveling gemaak nie en God se skepping is ook nie vervelig nie. Daarom behoort geen erediens vervelend te wees nie. Daarom is daar ook geen rede om verveeldheid te duld nie. As daar een intoleransie is wat Christelik is, dan is dit die een teen verveling ( Cilliers 1998:12 ).

Om hierdie rede het sommige gereformeerde kerke ( veral die NG Kerk ) begin om nuwe vorms van aanbidding in hulle eredienste in te voer en al hoe verder verwyderd geraak van die Gereformeerde liturgiese tradisie ( De Gruchy 2003 ). Sommige onbewustelik en ander doelbewus omdat hulle skop teen enigiets wat soos tradisie lyk.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Dit is egter 'n gevaarlike benadering. Die gevaar is dat ons in ons verstaan van vernuwing die pad wat die kerk deur die eeue geloop het, heeltemal gaan vergeet.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Anti-tradisionalistiese vernuwing is ʼn weiering om te leer uit die goeie keuses sowel as die mislukkings van ons kerklike voorgangers – en dit lei dikwels daartoe dat ons in ons tyd verkeerde keuses maak en ou mislukkings in nuwe gestaltes herhaal. As ons die pad vorentoe wil vind, moet ons onthou waar ons vandaan kom en hoe ons tot hier gekom het ( Cilliers 2004:10 ).

Daarom is hierdie verhandeling nie ʼn poging om weg te breek van die gereformeerde erediens nie. Die doel van hierdie verhandeling is om die erediens van die NG Kerk met sy gereformeerde karakter te ondersoek teen die agtergrond van die veranderende tye waarin ons leef. ʼn Voorstel vir ʼn multisensoriese benadering word gemaak na aanleiding van ʼn ondersoek na die verskynsel van *Multisensory Worship.*

Baie mense beleef dat die skoonheid van die erediens in ʼn dorre ortodoksie vervaag het as gevolg van die kerk se onwilligheid om aan te pas. Mense ervaar dat die erediens bloot ʼn teologiese lesing is wat glad nie grond vat nie in hulle wêreld waar hulle moreel-etiese besluite moet neem en dit soms verskriklik moeilik vind om God raak te sien ( Nel 2003:105 ). Die "ou, ou tyding" gaan by mense verby. En die kuns is om die bekende "ou, ou tyding" uit ʼn nuwe, "aweregse" hoek te sien – en dit so oor te vertel of oor te teken of andersins oor te skep dat ander dit ook uit hierdie nuwe hoek kan sien ( Cilliers 1998:34 ).

Die kerk hoef egter nie noodwendig soos die wêreld te wees of by die wêreld se waardes en metodes aan te pas nie. Volgens alle aanduidings is daar in elk geval ʼn weerstand teen die pogings van baie kerke en gemeentes om ten alle koste in pas met die tyd te wees ( Nel 2003:105 ). Daarom word die voorstel vir ʼn multisensoriese benadering gedoen binne die raamwerk van die NG Kerk se gereformeerde identiteit.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Alhoewel *Multi-sensory Worship* 'n opwindende verskynsel is, wat daarin slaag om selfs tradisionele elemente aan te wend in die erediens, verkies ek om die term Multisensoriese Liturgie vir die doeleindes van hierdie verhandeling te gebruik, omdat die erediens volgens Firet ( 1968 ) 'n liturgiese gebeure is, wat sentraal staan in die kerklike lewe ( vgl. De Klerk 1982:11 ). Die aanbidding van God in die gereformeerde tradisie kom tot uiting in die liturgiese gebeure in die erediens. Dit is die tradisie waarin ek staan en waarin ek beslag wil gee aan 'n verhandeling soos hierdie.

Ek maak nie aanspraak daarop dat die voorstel vir Multisensoriese Liturgie 'n nuwe opwindende verskynsel vir die NG Kerk is nie. In meeste gereformeerde eredienste is hierdie element tog aanwesig. Hierdie verhandeling is dus slegs 'n poging om hierdie elemente te identifiseer en 'n bietjie uit te brei na aanleiding van die beeldkultuur waarin ons tans leef. Ek hoop om hiermee 'n sinvolle voorstel te maak vir 'n erediens wat 'n appèl sal maak op elke gereformeerde gelowige wat daarna smag om die heerlike werklikheid van God in ons alledaagse bestaan raak te sien, te hoor, te voel, te ruik en te proe.

**Metodiek**

Hierdie verhandeling is 'n literatuurstudie van bronne wat beskikbaar is. Die begrip Multisensoriese Liturgie bestaan nie amptelik nie. Die beginsel van multisensoriese eredienste word egter in verskeie bronne oor die erediens aangeraak.

Alhoewel *Multisensory Worship* 'n wêreldwye verskynsel is, is wetenskaplike werke oor die onderwerp nie geredelik beskikbaar nie. Die meeste werke in hierdie verband is kontemporêr. Ek moes my dus op enkele van hierdie bronne en die internet verlaat vir inligting. Ek het veral webtuistes besoek van

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

kerke wat ŉ multisensoriese benadering volg, om inligting oor die verskynsel te kry.

Vanuit my literatuurstudie het ek hierdie verhandeling soos volg ingedeel:

1. Hoofstuk 1 is ŉ beskrywing van die hedendaagse tydsgees. Ek het in hierdie hoofstuk gepoog om mense in die postmoderne tyd, se manier van verstaan en kommunikasie te bepaal. Dit het duidelik geword dat die mens meer as ooit tevore, as totale wese met alle sintuie kommunikeer. Die beeldkultuur waarin ons leef het nie net te doen met prentjies nie, dit het ook te doen met klank en ritme en belewenis.

2. Hoofstuk 2 gee ŉ beskrywing van ŉ tipiese erediens in die NG Kerk. Daar word bepaal wat gereformeerde identiteit is en hoedat dit tot nou toe gestalte gekry het in die erediens. Hieruit blyk dit duidelik dat die gereformeerde erediens se liturgie nie in alle opsigte voldoen aan die vereistes wat deur die postmoderne tyd gestel word nie. ŉ Voorstel vir Liturgiese Vernuwing word gemaak.

3. In hoofstuk 3 word die voorstel gemotiveer deur terug te loop op die spore van die liturgie. Ek het eers na die begrip self gaan kyk en bevestiging gekry dat liturgie dit beteken wat ons sê dit beteken. Daarna het ek ŉ beskrywing van die liturgiese ontwikkeling gegee om ons te bring by die punt waar ons kan sê dat dit nodig geword het om die liturgie in die erediens te verander. Ek het ses vereistes hiervoor gevind by Prof. John W. de Gruchy waarmee ek identifiseer.

4. Hoofstuk 4 is in die lig van die voorafgaande ŉ beskrywing van Multisensoriese Aanbidding ( *Worship* ) soos wat ek dit uit verskeie

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

bronne saamgestel het. Dit is eintlik ’n poging om hierdie verskynsel aan te bied as alternatief vir die erediens soos wat dit in baie gevalle nog funksioneer. Uit die kritiek teen hierdie verskynsel is dit egter duidelik dat ons gereformeerde identiteit in die proses sal verloor. Dit kan ons nie bekostig nie. Daarom maak ek ’n voorstel vir Multisensoriese Liturgie.

5. Hoofstuk 5 stel Multisensoriese Liturgie aan die orde. Sekere beginsels word gestel en vanuit ’n streng gereformeerde oogpunt word liturgiese voorstelle gemaak binne ’n ordelike raamwerk. ’n Praktiese voorbeeld van ’n multisensoriese diens word ook gegee. Die belangrikste ding is om te besef dat dit nie ’n Hollywood-produksie hoef te wees nie. Nie alle sintuie moet ten alle onkoste in elke erediens aangespreek te word nie. Net ’n bietjie meer moeite van predikante en lidmate kan van die erediens ’n onvergeetlike gesprek met God maak.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*H o o f s t u k 1*

# DIE EREDIENS IN VERANDERENDE TYE

## 1. Daling in erediensbywoning

Sedert die begin van die Christelike kerk het die gelowiges saamgekom in en vir die erediens. Die erediens is die hoof gebeure in die gemeente se aanbidding van God drie-enig. Elke gemeente kom weekliks in 'n erediens bymekaar om te aanbid. Dit is 'n uitdrukking van die geloofsgemeenskap se toewyding aan die Here. Barnard ( 1981:3 ) noem die erediens die eeue-oue barometer van die geloof. Om 'n Christen te wees het feitlik sinoniem geword met erediensbywoning. Dit geld vir kerke regoor die wêreld.

Volgens statistieke van erediensbywoning bly lidmate egter deesdae op groot skaal weg van die erediens. In die NG Kerk het bywoningsyfers byvoorbeeld tussen 1981 en 2000 gewissel tussen 'n skrale 32% en 37% van die totale lidmaattal ( Kerkspieël 2000 ). Maar soos reeds genoem, geld dit ook vir kerke in ander wêrelddele. Kimball ( 2004:xi ) skryf dat baie Amerikaanse kerke ervaar dat mense tussen 18 en 35 jaar nie meer hulle eredienste bywoon nie. In Europa gaan dit nog slegter met die erediens waar erediensbywoning drasties daal. Dalings van tot 30% word in verskillende lande genoem ( Chu 2003:15 ).

'n Mens kan seker boeke hieroor skryf. Maar kom ons volstaan met die stelling dat die erediens vir baie mense nie meer 'n bekoring inhou nie. Mense het meer kritiek teen die erediens as positiewe gevoelens. Baie van die kritiek is geldig en ander is minder geldig. Dit sou ons egter loon om eerlik hierna te kyk.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

## 2. Kritiek teen die erediens

Chu ( 2003:13 ) skryf: *"Christianity is becoming a minority faith in Europe, as church attendance falls, the clergy ages, and scandals and harsh doctrine drive people away. But the faith is reappearing – and thriving – in all sorts of unexpected places."*

Nel ( 2003:26 ) meen dat ons baie naïef is as ons dink dat alle Christene in die kerk is. Dit is ook baie naïef om te dink dat alle mense wat nie in die kerk kom nie, nie Christene is nie. Daar is baie mense buite die kerk wat ernstig is oor God. Daar is baie mense wat voel dat ŉ mens die Here op baie ander maniere kan dien as om elke Sondag in die kerk te sit of Bybelstudie - en selgroepe by te woon.

Mense is dus nog nie klaar met God nie. Maar dit lyk of hulle klaar is met die kerk. Daarom is dit belangrik om die kritiek teen die erediens ( die barometer van die kerklike lewe ) ernstig te neem. Hier volg ŉ paar van die belangrikste punte van kritiek teen die erediens.

### *2.1. Onaanpasbaarheid*

Baie mense ervaar dat die meeste gemeentes ŉ onaanpasbare bedieningstyl handhaaf ( Nel 2003:105 ). Die erediens bly vassteek in ŉ outoritêre en rigiede styl. ŉ Anonieme respondent skryf dat die kerk nog steeds te sterk klou aan tradisies asof dit die alfa en omega is ( Nel 2003:105 ). Die stemming van die eredienste is te somber, kleurloos en onbesield ( Barnard 1981:4 ).

### *2.2. Onverstaanbare taal*

Die taal is onverstaanbaar en die leraars spreek nie deur hulle prediking die mense in hulle eie leefwêreld aan nie ( Nel 2003:105 ). Ook Barnard ( 1981:4

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

) wys al meer as twintig jaar gelede uit dat die taal van die erediens die onbegryplike taal van die geleerdes is en kultuurvreemd is.

### *2.3. Nie-aktuele prediking*

Leraars spreek nie deur hulle prediking die mense in hulle eie leefwêreld aan nie. Soms ervaar hulle dat dit ŉ blote teologiese lesing is wat glad nie grond vat nie in hulle wêreld waar hulle moreel-etiese besluite moet neem en dit soms verskriklik moeilik vind om God raak te sien ( Nel 2003:105 ). Antwoorde word gegee op vrae wat die mens nie stel nie en op brandende vrae waarmee mense loop, word onseker geantwoord of geen antwoord gegee nie ( Barnard 1981:5 ). Preke rus mense nie toe vir alledaagse uitdagings nie ( Kerkbode 15 Maart 2002 ).

### *2.4. Lewensvreemde eredienste*

Die liturgie word soms as realiteitsvreemde verskynsel gesien, nuttig in terme van ontspannings- of gemeenskapstigtende waarde, maar met min betrekking tot die alledaagse lewe. ŉ Voorbeeld hiervan is die feit dat armes liturgies gesproke afwesig is en gemarginaliseer word in baie kerke se eredienste ( Wepener & Cilliers 2004:365 ). Barnard ( 1981:5 ) meen dat die werklikheid in die erediens gemis word, dat dit ŉ vlug uit die harde werklikheid is. Die erediens staan te veel afgeskerm van die alledaagse lewe.

### *2.5. De-ja-vu ervarings*

Baie mense getuig van hoe uitputtend hulle dit vind dat hulle so dikwels in eredienste dieselfde vervelende boodskappe hoor. Elke erediens is ŉ volgende poging om oorbekende vertroostinge uit te deel ( Kerkbode 1 November 2002 ). Te midde van ŉ lewe wat steeds nuwe dinge soek en oplewer en waar alles verander, bly die erediens nagenoeg dieselfde: met dieselfde struktuur, inhoud,

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

boodskap, sakramente, gebede, Bybel en dieselfde inkleding ( Barnard 1981:6 ).

### *2.6. Kortom, die hele liturgie van die kerk is doods.*

Die grootste kritiek teen eredienste was nog altyd dat dit te passief is en iets is waaraan mense nie met liggaam en siel aktief kan deelneem nie ( Barnard 1981:4 ). Die kerk bly nog vasklou aan ŉ Woordgesentreerde liturgie wat tydens die Reformasie ontstaan het. Veral in die gereformeerde tradisie vind ŉ mens dat kreatiwiteit en die estetiese geen plek het nie. In baie gevalle het eredienste verval in ŉ dorre ortodoksie omdat die leiers van die kerk nie ŉ begrip het vir die tydsgees waarin ons leef nie.

## 3. ŉ Begrip vir die tydsgees waarin ons leef

Hoe ŉ mens dink en wat jy glo, word onder meer bepaal deur die spesifieke tyd in die geskiedenis waarin jy leef. In hierdie sin is ŉ mens onwillekeurig ŉ "kind van jou tyd" en daarom is dit belangrik om die tydsgees waarbinne mens leef te verstaan, om te kan weet hoekom mense dinge op ŉ sekere manier sien en waarom mense op ŉ bepaalde manier in dinge glo ( Du Toit 2000:13 ). Die voortdurende veranderende tydsgees of kultuursituasie waarbinne ons leef, het beslis ŉ invloed op mense se siening rondom die erediens omdat die kerk altyd deel is van die gemeenskap waarin hy leef en werk ( Petkewitz 1991:229 vgl. Vos 1996a:234 ).

Nie net in Suid Afrika nie, maar ook in vele ander kultuursituasies is daar radikale oorgange aan die afspeel. Dis amper asof ŉ nuwe tipe mens besig is om te ontwikkel. Om hierdie oorgang te benoem, gebruik denkers verskeie terme. Vanuit die Westerse kultuurperspektief word daar dikwels gepraat van die oorgang van die moderne tyd na ŉ postmoderne tyd. Die godsdiensfilosoof Diogenes Allen skryf byvoorbeeld: *"Our intellectual*

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*culture is at a major turning point. A massive intellectual revolution is taking place that is perhaps as great as that which marked off the modern world from the Middle Ages. The foundations of the modern world are collapsing and we are entering a postmodern world"* ( vgl. Koopman & Vosloo 2002:21 ).

Wanneer mens egter hieroor nadink, raak dit duidelik dat komplekse en moeilik aantoonbare sake ter sprake is. Tog is dit belangrik om iets van die veranderende kultuursituasie te probeer verstaan. Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar nie so iets soos die huidige situasie bestaan nie, maar eerder 'n veelvoud van situasies wat deur demografiese, ekonomiese, politieke, kulturele en psigiese faktore gevorm word. Vir die prediker bring dit die opgaaf om sy tyd en tydsgees te ken en te interpreteer ( Vos 1996b:13 ). Ek wil dit probeer doen na aanleiding van Quicke ( 2003:65 ) se indeling. Hy noem ses belangrike begrippe wat belangrik is vir die een-en-twintigste eeu: kultuur; paradigmaskuiwe; modernisme; postmoderne tyd; *orality shifts* en hermeneutiek.

### *3.1. Kultuur*

Die term *kultuur* word meestal in 'n beperkende konteks gebruik. 'n Kerk met lidmate van verskillende etniese en sosiale agtergronde word *multikultureel* genoem. Ons praat van 'n *jeugkultuur* en 'n *studentekultuur* en selfs van *subkultuur.* So probeer ons die verskillende kategorieë onder een vaandel plaas.

Die erediens vind in 'n unieke konteks plaas met 'n spesifieke kultuur. Hierdie konteks word deur die alledaagse leefwêreld sowel as deur die verskillende liturgiese komponente bepaal. Die uitwerking van die omgewing behoort in die erediens gereflekteer te word ( Vos 1996a:192 ). Dit is ongelukkig so dat die kerk op die oog af nie veel doen of gedoen het om heersende kulture te

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

verstaan nie. Ons kan dalk van 'n *kerkkultuur* praat teenoor ander kulture. Dit is na my mening 'n onhoudbare situasie en ek wil die stelling maak dat die erediens weer relevansie sal kry as die kerk erns maak met die heersende kultuur van sy tyd.

Dit is nodig dat ons die term *kultuur* op twee maniere wyer rek. Eerstens moet ons die groter prentjie raaksien en tweedens is dit belangrik dat ons die verband raaksien tussen kommunikasie en kultuur.

Eerstens benodig ons 'n definisie van kultuur wat die kenmerke van 'n hele groep mense in 'n spesifieke tydvak insluit. Kultuur is die totale konteks waarin ons leef, werk, speel en selfs kerk toe gaan ( Quicke 2003:66 ). Generasieverskille, etniese en sosiale kontraste, en populêre voorkeure is ondergeskik aan die heersende kultuur. Niebuhr ( 1951:32 ) meen dat kultuur so inklusief moet wees as die konsep van beskawing. *"It comprises language, habits, ideas, beliefs, customs, social organization, inherited artifacts, technical processes and values."*

Dit is van kritiese belang dat die kerk in die Westerse wêreld die tye van "Westerse kultuur" en die diepgaande veranderinge hiervan, in hierdie wye konteks sal onderskei ( Quicke 2003:67 ).

Tweedens is dit nodig om die rol van kommunikasie in kultuur te besef. Dit word algemeen aanvaar dat kommunikasie verbaal en nie-verbaal plaasvind binne die nuanses van komplekse verhoudinge. Dit gebeur ook so in die erediens. Ons kan dus praat van kommunikatiewe handelinge in die erediens.

Kommunikatiewe handelinge geskied as 'n tweerigtingverkeer. Dit is nie net die pastors, predikante of priesters wat bedien of die evangelie kommunikeer

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

nie. Diegene met wie ons in gesprek is, stuur ook boodskappe aan ons en neem deel aan hierdie kommunikasie op gelyke vlak. Die hele gemeente is deelnemers en die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie geskied in so 'n situasie ook as tweerigtingverkeer. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie is gekleur deur ons Christelike hoop en verwagting van die komende Koninkryk van God waartoe ons die werklikheid van gemeentelede en die samelewing wil verander. Daarom staan hierdie handelinge in die gees van liefde, vryheid en bevryding, geregtigheid en solidariteit ( Pieterse 2001:13 ).

God gee aan ons die gawe van kommunikasie sodat ons aktief medeskeppers van ons kultuur kan wees. Wanneer ons dus as voorgangers in die erediens kommunikeer, brei ons God se koninkryk uit en help ons mense om hulle lewens te vorm deur hulle lewens met mekaar te deel.

Die voorganger in die erediens speel dus 'n sleutelrol om die atmosfeer in die erediens te skep. Hulle het die sleutelrol as medeskeppers van kultuur. Hulle is nie magteloos teen die veranderende Westerse kultuur nie ( Quicke 2003:66 ). Die liturgiese handelinge mag daarom nie as monoloë voordrag aangebied word nie, maar dit behoort 'n uitnodiging tot en 'n geleentheid vir liturgiese deelname deur die hele gemeente te wees.

Ongelukkig is dit so in die Westerse kerk, dat kultuurveranderinge die erediens van die kerk nog altyd onkant gevang het en so die Goeie Nuus van die evangelie verlore laat gaan het. Baie predikante het die veranderinge geïgnoreer en hele gemeentes ineen laat stort. Ander het weer te maklik gekonformeer ( Quicke 2003:67 ).

Kultuurveranderinge is 'n voortdurende golf waarmee die kerk gedurig rekening sal moet hou. Nie om noodwendig daarby aan te pas nie, maar om strategies te besin om so die voortbestaan van die erediens te verseker.

### *3.2. Paradigmaskuiwe*

Thomas Kühn verduidelik in sy boek *The Structure of Scientific Revolution* ( 1970 ) dat kennis altyd in bepaalde paradigmas funksioneer. Die term "paradigma" word gebruik om 'n bepaalde *struktuur van denke* of 'n *manier van dink* te beskryf. Volgens Kühn kan 'n paradigma gesien word as die probleemoplossingsmodel of verwysingsraamwerk waarbinne 'n wetenskaplike sy wetenskap bedryf. Alhoewel Kühn hierdie teorie van hom op die wetenskap van toepassing maak, kan dit ook geld van enige sisteem van kennis of struktuur van denke wat op 'n gegewe tydstip in 'n bepaalde gemeenskap oorheersend is ( vgl. Bosch 1992:186 ).

Die idee van paradigmaskuiwe kan egter nie kritiekloos toegepas word in die algemene wêreld en in die studie van teologie nie. Wanneer Kühn van nuwe paradigmas praat, dan is dit 'n paradigma wat die oue totaal en al vervang. In teologie en in die algemene samelewing kan ou paradigmas aanhou bly voortbestaan ( Bosch 1992:186 ). Wanneer ons dus van paradigmaskuiwe praat in ons poging om die tydsgees te verstaan, moet ons in gedagte hou dat ons met ou en nuwe paradigmas werk wat langs mekaar staan en selfs in baie gevalle vermeng is. 'n Ou paradigma verdwyn selde ( Bosch 1992:186 ). Dit is van kritiese belang vir ons nadenke oor die erediens.

'n Duidelik aantoonbare voorbeeld hiervan is die omskakeling van premoderne denke na die moderne denke. Omdat die paradigmaskuif so ingrypend en volledig is, kan daar ook binne die wetenskapsfilosofie van die premoderne tyd se denkstruktuur, gepraat word van pre modernisme, terwyl daar van die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

moderne tyd se denkstruktuur gepraat word as modernisme. Die toevoeging van die isme-agtervoegsel dui aan dat dit ʼn filosofiese denkkonstruksie of ʼn ideologie is ( Du Toit 2000:50 ). Dieselfde kan egter nie met die term postmoderne tyd gedoen word nie. Die rede hiervoor is dat die breuk tussen die moderne en die postmoderne tyd nie so duidelik en ingrypend is soos die tussen die premoderne en die moderne tyd is nie.

ʼn Mens kan dus praat van pre modernisme en modernisme, maar nie van postmodernisme nie, aangesien dit ʼn ope vraag is of ons met ʼn klassieke paradigmaverskuiwing te doen het ( Du Toit 2000:50 ).

### 3.3. *Modernisme*

Wat is modernisme en wanneer het moderniteit begin? Die standaard antwoord is dat moderniteit rondom die begin van die sewentiende eeu begin het, en dat dit gebou is op die tweeling pilare van die moderne *filosofie* ( met René Descartes as sleutelfiguur ) en die moderne *wetenskap* ( met Galileo en Newton as belangrike figure ) ( Koopman en Vosloo 2002:22 ).

Moderniteit is al vir die laaste 250 jaar die heersende denkraamwerk en die meeste van ons se denke is hierdeur gevorm sodat dit vir ons moeilik is om die skuif wat ons tans ervaar te verwerk. Om as "modern" geklassifiseer te word was immers ʼn kompliment. Dit het beteken dat ons kontemporêr is en in pas met die tyd. Maar daar is al hoe meer bewyse dat baie hedendaagse mense so ʼn bietjie agter die tydsgees is ( Quicke 2003:70 ).

Om dit te verstaan moet ons na die breë geskiedenis van moderniteit gaan kyk. Descartes ( 1596 – 1650 ) se bekende uitspraak, *Cogito ergo sum* ( "Ek dink, daarom is ek" ), verwoord goed die moderne lewenshouding se klem op redelikheid en individualiteit. Descartes het te midde van onsekerheid en

onstuimigheid gesoek na ŉ fondament vir sekerheid en tot die gevolgtrekking gekom dat hy aan alles twyfel. Hy twyfel egter nie dat hy twyfel nie, daarom dié geloof in die rede as fondament vir die lewe. Uit hierdie klem op die rede en die individu het daar in sewentiende- en agtiende-eeuse Europa mettertyd ŉ beweging begin groei wat as die Verligting ( of *Aufklärung* ) bekend sou staan ( Koopman en Vosloo 2002:22; Du Toit 2000:26; Quicke 2003:70; Vos 1996b:234 ).

Naas en in noue samehang met die filosofiese revolusie, is die groei van die moderne lewenshouding ten nouste verweef met die skouspelagtige opkoms van die wetenskap en tegnologie. Hiermee saam kom die ingrypende implikasies van die Industriële Revolusie en verstedeliking. Hier staan Isaac Newton ( 1642 – 1727 ) sentraal. Weens sy wetenskaplike teorieë het die geloof begin groei dat die wêreld wetenskaplik kenbaar en verklaarbaar is.

Alhoewel die tydperk vanaf 1600 in Europa ŉ era van relatiewe voorspoed was, was dit ook ŉ tydperk van algemene onsekerheid met godsdiens oorloë en kerklike verdeeldheid. Uit dit het die soeke na ŉ ander fondament vir sekerheid begin groei. Die laat-Middeleeuse leefwêreld met sy klem op ŉ sekere beskouing van gesag, tradisie en die groep, het al ontoereikender begin lyk ( Koopman & Vosloo 2002:24 ).

Hierdie omstandighede was die ideale geboortegrond vir die era van modernisme. Modernisme bied ŉ samevatting van die kenmerke van ŉ tydvak wat in die sewentiende en agtiende eeue in Europa begin het, maar wat sy piek in die twintigste eeu bereik het. Dié era word gekenmerk deur ŉ vertroue op die wetenskap en tegnologie as instrumente van rede en vooruitgang, die ontwikkeling van industriële produksie van artikels, gewoonlik in ŉ kapitalistiese ekonomiese stelsel, en die opkoms van burokratiese organisasies.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Kinders van hierdie tydsgees is dus mense wat leef volgens ŉ absolute stel beginsels waardeur hulle begrip van die wêreld gevorm word ( Quicke 2003:70 ). Intussen is die wêreld besig om ŉ geweldige skuif te maak wat vir baie mense ŉ skokkende ontnugtering is. Alles waaraan hulle probeer vasklou, is besig om soos drome in die verste voue van die brein verlore te raak.

### *3.4. Postmoderne tyd*

Vandag kan mens nie ŉ akademiese tydskrif of proefskrif of analise van ons tyd lees waarin die term "postmoderniteit" nie gebruik word nie. Postmoderniteit vorm dus baie beslis die basis van die nuwe geslag se denke en besluite. Dit is egter nie ŉ maklik definieerbare begrip nie. Die term word op ŉ wye verskeidenheid maniere gebruik. Maar miskien is die aanwending van die term juis tekenend van die gees van die postmoderne tyd.

As gevolg van die invloed van die postmoderne tydsgees leef ons in die 21ste eeu in ŉ tyd van groot onsekerheid en onstabiliteit ( Du Toit 2000:56 ). In Suid Afrika spesifiek, vind ons in hierdie stadium op alle terreine ŉ gekompliseerde vermenging van premoderne, moderne en postmoderne lewens- en wêreld- beskouings ( Du Toit 2000:58 ).

Ten spyte van hierdie verlies aan sekuriteite, het die postmoderne tyd ons blootgestel aan die herwaardering van die mens as spirituele wese ( Du Toit 2000:59 ). Ten spyte van vrese vir die teendeel, het die postmodernistiese lewensbeskouing tog nuwe ruimte vir ŉ godsbesef geskep. Maar meer as dit, daar is ŉ nuwe ruimte vir ŉ nuwe godsbesef in die postmoderne tydsgees.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Koopman en Vosloo ( 2002:29–30 ) noem ’n paar kenmerke van die post-moderne lewenshouding wat volgens my ’n bepaalde invloed het op mense se godsbesef:

- Verlies aan kultuuroptimisme en skeptisisme teenoor vooruitgang.
- Klem op verweefdheid en netwerke.
- Groeiende agterdog teenoor kennis.
- ’n Breër verstaan van rasionaliteit.
- Reproduksie en die eklektiese gebruik van woorde en beelde.
- Groeiende agterdog oor die subjek-objek-skeiding van die Verligting. Dit gaan meer oor geloofwaardige lewens as geabstraheerde waarhede.

Die postmoderne lewenshouding word dus deur agterdog gekenmerk. Daar is ’n verlies aan vertroue in groot sisteme en omvattende stories. Dit sluit die erediens in.

### 3.5. *Orality Shifts*

Walter Ong het in 1982 ’n boek geskryf met die titel *Orality and Literacy: The technologizing of the Word.* Quicke ( 2003:74-81 ) bespreek Ong se indeling van die hoofperiode in die geskiedenis van woorde. Ek wil aandag gee aan hierdie indeling, aangesien dit na my mening ’n verhelderende insig is wanneer ons na die erediens en die liturgie kyk teen die agtergrond van die tydsgees waarin ons leef. *Orality Shifts* het te doen met hoe woorde werk en dit neem ons tot in die hart van die uitdaging om in die postmoderne tyd eredienste te lei.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*Orality* is nie opgeneem in een van die erkende woordeboeke vir Engels nie. Daar is dus ook nie ŉ Afrikaanse ekwivalent beskikbaar nie. Daarom behou ek die term om reg te laat geskied aan die wye betekenis wat daarmee gepaard gaan.

In die breë word *orality* gesien as die linguistiese gevolg van ŉ sekere kommunikatiewe funksie. Die basis is die verskillende voorwaardes van spraak en skrif en die verskillende style en kenmerke wat bepaal word deur hierdie voorwaardes.

Volgens Quicke ( 2003:74 ) analiseer Ong die belangrikste periodes in die geskiedenis van woorde. Hy noem die vroegste periode *primary orality,* toe mense nog onbekend was met die skryfkuns. Die skryfkuns, wat sy oorsprong by die Sumeriërs in 3500 v.C. gehad het, is een van die mensdom se belangrikste "tegnologiese" uitvindsels. Dit het begin om spraak te verskuif vanuit ŉ "orale-gehoor"-wêreld na die sensoriese wêreld van sien. Woorde kon nou nie net gehoor word nie, maar ook gesien word.

In die vyftigerjare van die vyftiende eeu het die ontstaan van die drukkuns ŉ verdere dramatiese invloed teweeg gebring. Ong glo verder dat die meer onlangse ontwikkeling in die elektroniese wêreld ŉ nuwe tydperk ingelui het, wat hy *secondary orality* noem. Alhoewel dit ŉ simplistiese indeling is, is dit tog handig om hierna te kyk, aangesien ŉ begrip hiervan ons kan help om ŉ beter greep te kry op die tyd waarin ons leef.

Hier volg nou ŉ bespreking van Ong se indeling.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*3.5.1. Aural-Orality*

*Aural-orality* het voorgekom onder mense wat nie skrywers was nie en wat gekommunikeer het deur middel van praat en luister. In hierdie tydperk was woorde "klanke" vanuit 'n persoon se "interne bewussyn". Hierdie "uitgeklankte" woorde was in sigself 'n gebeure. Die oor was 'n primêre deel van kommunikasie omdat klank belangrik was. As mense nie kon hoor en onthou nie, dan het kommunikasie misluk.

Die drukkuns het mense later gehelp om beter te onthou omdat woorde toe op papier bewaar kon word. Voor die tyd van die drukkuns, het mense oor 'n beperkte woordeskat beskik en het hulle woorde versigtig gebruik sodat waarhede onthou kon word. Om iets belangrik te kon onthou moes hulle hul beperk tot gedenkwaardige uitsprake.

In hierdie tyd het mense die voorreg gehad om gesprekke te voer in mekaar se fisieke teenwoordigheid. Mense kon dus verbaal en nie-verbaal kommunikeer. Dit het bepaalde psigologiese en sosiale voordele ingehou. Dit help mense om mekaar beter te verstaan en om mekaar te vertrou.

Om hulle te help onthou, het mense tegnieke ontwikkel soos mnemoniek, ritmes en repetisie. Die belangrikste tegniek was egter die storie. Die aanmekaarweef van stories was 'n fundamentele manier om te verseker dat waarhede oorgelewer sou word van generasie tot generasie. Omdat *aural-orality* 'n spreker en 'n luisteraar vereis wat fisiek teenwoordig is, was dit onvermydelik dat die vertel van stories gemeenskappe geskep het.

*3.5.2. Die Skryf-en Drukkuns*

Hierdie tweede era van kommunikasie is begin met die uitvinding van skrif. Vir die eerste keer was dit moontlik om te kommunikeer deur na woorde te

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

kyk. Gutenberg se uitvinding van die drukpers het net so groot invloed gehad. Vir die eerste keer kon mens met massas kommunikeer. Om te kan skryf het 'n onontbeerlike hulpmiddel in kommunikasie geword. Woorde het presiese goed geword wat 'n mens kon opneem in indekse, woordeboeke en lyste. In die wetenskap het eksakte verbalisering moontlik geword. Die oog, in pleks van die oor, het nou primêr geword. Geen fisiese verhoudings was nodig nie. Individue kon woorde op papier optel en neersit wanneer hulle wou. Gemeenskap was nie meer essensieel nie. Alhoewel stories 'n belangrike deel van kommunikasie gebly het, was dit nie meer langer nodig om dit te memoriseer nie.

*3.5.3. Secondary Orality*

Hierdie derde tydperk word gekenmerk deur die ontstaan van die elektroniese revolusie. Die elektroniese transformasie van verbale uitdrukkings het die verbintenis van die woord aan die ruimte, wat deur die skryfkuns en die drukkuns verleen is, verdiep. Dit het ook die bewussyn van 'n nuwe tydperk verskerp.

Op 'n manier vind ons van die kenmerke van *primary orality* terug in *secondary orality.* Soos *primary orality* bestaan daar ook 'n sterk groepbewussyn in *secondary orality.* Daar is waardering vir die gesproke woord in die groep, die gehoor. Maar *secondary orality* werk met groepe wat baie groter is as die groepe van *primary orality.* Mense is deel van 'n globale wêreld.

Volgens Koopman en Vosloo ( 2002:34-35 ) het die bekende sosioloog Anthony Giddens, vir die BBC 'n reeks praatjies, die sogenaamde *BBC Rieth lectures* gehou. Dit beskryf hoe globalisering ons lewe herskep. Hy noem hierdie reeks praatjies, asook sy boek wat daaruit voortvloei, *Runaway World.*

Hierdie titel suggereer ŉ gebrek aan die sekuriteitsgevoel wat die modernisme gekenmerk het. Ons wêreld is soos ŉ weghol trein: buite beheer. Die wetenskap en tegnologie het nie die wêreld veiliger gemaak nie. Inteendeel, die risiko's lyk groter. Daarom praat sommige ontleders dan ook van ons samelewing as ŉ risiko samelewing.

Met die groeiende rekenaartegnologie en die gebruik van elektroniese geld, lyk ons kwesbaarder en meer uitgelewer aan risiko's. Hierdie ervaring van groter kwesbaarheid hang saam met die ervaring dat almal op die planeet se lewe toenemend nouer verweef raak. Dit versterk die gevoel dat die wêreld al kleiner raak. Vir baie verteenwoordig globalisering inderdaad die idee dat die wêreld klein geword het. Ons lewe in een wêreld, ons almal is verbind en verweef.

Modulasie, vibrasies en deelname in ŉ groter gemeenskap is teweeggebring deur twee vorme van die elektroniese media: die oudiovisuele, wat verband hou met plesier en vermaak, en dataprosessering, wat informasie en berekening behels.

Die elektroniese rewolusie het nuwe moontlikhede gebring vir onderrig. "Laat enigiemand wat ore het om te hoor en oë het om te sien, hoor en sien." Die regter en die linker brein kan nou gekombineer word. Dit is veral belangrik om raak te sien dat die storie weer ŉ belangrike plek gekry het. In die modernisme is die storie as onderrigmiddel as minderwaardig beskou. Maar die storie het nou weer belangrik geword.

Woorde lyk of dit anders funksioneer in *secondary orality.* Die woorde "spontaneïteit" en "informele gesprekke" het nou belangrik geword. Dit is egter ŉ spontaneïteit en informaliteit wat versigtig gekonstrueer is. Hierdie

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

geprakseerde spontaneïteit betrek al vyf sintuie. Multisensoriese taal en stories het na vore gekom as primêre maniere van kommunikasie, om prentjies met woorde te teken en om multisensoriese ervarings te skep.

Televisie het natuurlik ŉ geweldige invloed in die elektroniese era. ŉ Nuwe gehoor het na vore getree. Die televisie vertoon beelde, nie konsepte nie; dit kombineer verbale en nie-verbale kommunikasie; inligting word oorgedra in grepe of indrukke eerder as opeenvolgende ( veral in advertensies met vyftig beelde in dertig sekondes ); ons konsentrasiespan is korter; ons luister meer passief. Televisie kombineer sien en hoor op maniere wat merkwaardig verskil van die vorige eras. As ŉ visuele medium is die beeld en die grafika die hart van kommunikasie, nie die woorde wat gespreek word nie. Dit wat ons op televisie hoor is nie gesprekke nie, maar die viering van aanskoulikheid. Woorde op televisie is nie bedoel om gehoor te word nie. Dit moet gesien word.

Televisie en filmteater is ŉ kulturele grondverskuiwing wat op 28 Desember 1895 begin het. Ongeveer 35 mense het die dag in Parys die eerste bioskoop wat deur die Lumiere-broers aangebied is, bygewoon ( www.scienceandsociety.uk ). Die oudiovisuele kultuur is as sewende kunsvorm gebore en het die wêreld verower. Vandag is dit tekenend van die postmoderne era dat dit oorheers word deur simbole en estetika. Die mens is vandag ŉ visualis, ŉ film-, video-, TV- en rekenaar-"kyker". Opgeslurp in die *Era of Image* ( Wepener 2004:25 ).

Maar dis nie van gister af so nie. Eeue gelede het Aristoteles reeds gesê dat die mens geen gedagte kan bedink sonder ŉ beeld nie ( Viljoen 2004:27 ). En as die prentjie nog kan beweeg soos sedert die eerste bioskoop in Parys, soveel indrukwekkender. Geen wonder dat die hedendaagse mens gebombardeer

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

word deur beelde nie. Almal wat iets in die wêreld wil kommunikeer, dra kennis van hierdie ontwikkeling en gebruik dit om hul boodskap oor te bring. Want beelde is die fondament van ons denke. Ons slurp dit op. Daarom sê Barnard ( 2003:2 ) dat beelde deel geword het van die westerse verbruikerskultuur: *"Beelden word geconsumeerd. Een beeldcultuur dus, maar wel een beeldcultuur die even nihilistisch is als het consumentisme van de westerse wêreld."*

Sample ( 1998 ) wys hoedat die veranderinge wat deur televisie meegebring is, versnel is deur die koms van rekenaars en die internet. Die elektroniese rewolusie het mense veral bemagtig met 'n buitengewone sin vir kreatiwiteit. Dit het mense in staat gestel om interaktief te wees, webblaaie te ontwerp, aanlyn te publiseer en selfs om films te maak.

Sample ( 1998:25 ) meen dat elektroniese geletterdheid vereis dat Christene op drie nuwe maniere oor kommunikasie dink. Eerstens vereis beelde dat daar versigtig gereflekteer moet word. Dit is nie meer 'n geval van "sien is glo" nie, maar "ons sien niks voordat ons nie eers glo nie". Verhoudings tussen kulture, taal en beeld is meer kompleks in 'n multisensoriese konteks.

Tweedens is daar "klank as ritme". "Ek sien wat jy bedoel" het plek gemaak vir "Ek hoor wat jy sê". Babin ( 1991:58 ) sê dat baie jongmense nie belang stel in inligting as dit hulle nie skud nie. Hulle word slegs deur vibrasie geraak.

In die derde plek is visualisering baie meer as om na 'n skerm te kyk. Visualisering behels ook beelde en klank. Visualisering behels 'n nuwe soort "bedrading" vir die mens.

In die elektroniese kultuur het sensoriese ervarings soos nog nooit tevore ineen gevleg nie. Ervaring is betekenis.

Sample ( 1998:104 ) redeneer ook verder dat die ineenvlegting van beeld, klank as ritme, en visualisering die beste resultate het in die grandiose en in vertonings waarin stories geskep word en gemeenskappe "bedraad" word vir klank. Hy pleit vir 'n kerk wat die nuwe tegnologieë verreken in hulle eredienste. So 'n kerk sal sy eie storie kan begin vertel en sy eie tradisies vestig.

Tabel 1 ( Quicke 2003:81 ) bied in breë trekke die belangrikste verskille in die drie eras. Daar is baie rede tot kritiek. Mens kan egter nie die nuwe era waarin die erediens moet funksioneer, ontken nie.

| ***Aural-Orality*** | ***Skryf- en Drukkuns*** | ***Secondary Orality*** |
|---|---|---|
| Before writing but also affecting a majority of the population before print | Alphabetic letterpress<br>Invention of print ( 1450's ) | Since 1985<br>Electronic revolution |
| Aural/oral way of thinking | Literate way of thinking | New ways of thinking |
| Ear – thought relates to sound | Eye – thought relates to sight and space | Ear and eye – thought relates to space and time |
| Mono – right brain | Mono – left brain | Stereo – right and left brain, image, beat, visualization |
| Story – memorable, mnemonics, rhythms, | Ideas – conceptual, abstract, analytical, explanation, | Story and ideas – symbolic, image, experiential, |

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

| | | |
|---|---|---|
| repetitions | linear, one-way. | modulation, participation, intuitive, holistic, two-way. |
| Language – mobile, warm, personally interactive | Language – inhuman, passive, unresponsive | Language – new self consciously informal style |
| Community – group minded because no alternative | Individuality – private world of print | Community – self-conscious global village, spectacle |

**Tabel 1. Belangrikste kenmerke van die Drie Eras van Kommunikasie**

### *3.6. Hermeneutiek*

Mens kan in die versoeking wees om hermeneutiek as 'n poging om ons tydsgees te verstaan, te ignoreer. Die kwessie van hermeneutiek is egter die basis vir alles wat reeds gesê is en nog gesê moet word. Die aard van hermeneutiek – die kuns of wetenskap van interpretasie – is interdissiplinêr. Alle kommunikasie vereis interpretasie, selfs alledaagse gesprekke. Hermeneutiek het dus ten doel om gapings in tyd, kultuur, taal en begrip te oorbrug ( Quicke 2003:82 ).

Hermeneutiek vereis ons aandag omdat dit self deur paradigmaskuiwe moes gaan. Schleiermacher het die fondament gelê met sy redenasie dat alle linguistieke simbole verkry moet word vanuit die manier waarop verstaan plaasvind ( vgl. Quicke 2003:82 ). Hy het van die veronderstelling uitgegaan dat dit wat verstaan moet word, alreeds van geweet moet word. Moderne denke het groot waarde geheg aan objektiwiteit.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Hermeneutiek is egter ook dramaties beïnvloed deur paradigmaskuiwe in die kultuur. As ons veronderstel dat die *Aufklärung* die basis gelê het vir modernisme, dan is dekonstruksionisme verseker die middelpunt van postmoderniteit. Hierdie filosofiese skuif wou wegbeweeg van pogings om die outeur se bedoeling te verstaan en fokus eerder op die rol van die leser. Want lesers bring hulle eie oortuigings en interpretasies na die teks ( Quicke 2003:83 ).

Meer onlangs het die fokus weer weggeskuif van beide die outeur en die leser na die teks toe. Hierdie beweging word verbind aan Paul Ricoeur. Hy meen dat lesers te maklik hulle eie idees in die teks kan projekteer. Hy het ŉ driefase benadering voorgestel vir wanneer mens ŉ teks lees. Die eerste fase is ŉ naïewe lees. Die teks word dan op sigwaarde aanvaar. Die tweede fase behels die hermeneutiek van suspisie. Lesers benader dan die teks met ŉ selfkritiese bewussyn oor hoe gapings in tyd, kultuur, taal en verstaan hulle kan help om vrae oor die teks te vra. Die derde fase vereis ŉ tweede naïwiteit. Lesers bevind dat elke teks ŉ eie lewe, wêreld en krag het. Woorde sê nie net dinge nie, maar dit doen ook dinge. Lesers moet dus oop wees vir die teks se boodskap. Alhoewel kritiese denke belangrik is, moet mens ook bereid wees om verby dit te beweeg om na die teks se stem te luister. Die voldoende gebruik van suspisie en selfkritiek in hermeneutiek is belangrik as ons nie afgode wil aanbid nie deurdat ons ons eie verwagtinge en beelde na die teks toe projekteer nie.

### 4. ’n Nuwe era vir die erediens?

Baie voorgangers in die erediens is vandag verward omdat dit voel of die vinnig opeenvolgende oorgange van die lewe hulle oorweldig. Baie hou maar

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

net aan met die ou beproefde manier terwyl ander frenetiese pogings aanwend om te vernuwe.

Op 11 September 2001 het die wêreld gesien hoedat twee vliegtuie in die Wêreldhandelsentrum in New York vasvlieg. Kykers is met hierdie beelde na nuwe vlakke van werklikheidservaring gevoer. Hierdie beelde het mense in trauma soos nog nooit verenig nie. Kykers het ’n behoefte gehad aan verduideliking en analises. Televisiestasies het dit voorsien tesame met kenners en interpreteerders. Die woorde, belewenisse van ooggetuies en die aangrypende beelde het mense vir ure voor hulle televisies vasgenael laat sit. Mense kon deel hê aan hierdie gebeure soos getuies in ’n globale ervaring. Woorde, beelde, analises en ervaring het ineen gesmelt om ’n totale belewenis te skep.

Woorde funksioneer nou in ’n nuwe realiteit. Die konteks vir die erediens het vir altyd verander. Dit kan nooit weer dieselfde wees nie. Daarom is dit nodig om die voorkoms van die erediens te verander. Ook die NG Kerk met sy gereformeerde tradisie het na my mening nodig om weer na die erediens te kyk, omdat die erediens binne bogenoemde konteks aangebied word.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*H o o f s t u k 2*

# DIE EREDIENS IN DIE NG KERK

Die erediens in die NG Kerk funksioneer as 'n gereformeerde erediens in 'n veranderende wêreld soos wat ek dit in hoofstuk 1 verduidelik het. Gereformeerdheid is deel van ons identiteit. Dis die bril waardeur ons na die wêreld kyk. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n beskrywing van die gereformeerde erediens te gee sodat ons dit kan evalueer in die lig van 'n veranderende wêreld. Die beskrywing gaan fokus op 'n (stereo-) tipiese erediens soos wat dit nog in baie tradisionele gemeentes voorkom. Ek is deeglik bewus daarvan dat daar baie gemeentes is wat nie meer sulke eredienste het nie. Daar word egter nog steeds pogings aangewend om gereformeerd te bly.

## 1. Wat is gereformeerde identiteit ?

Die beskrywing van gereformeerdheid is meestal gebaseer op die bekende eksklusiwiteitsuitsprake van die Reformasie. Volgens hierdie uitsprake kan 'n mens deur die Skrif alleen, deur die geloof alleen en deur die genade alleen deel kry aan die heil ( Wethmar 2002:252 ). Dit is belangrik om te weet dat hierdie drie eksklusiwiteitsuitsprake alleen reg verstaan word as hulle ten nouste met mekaar verbind word en as mens hulle sien teen die agtergrond van fundamentele herstel wat in die Reformasietyd ten opsigte van die openbaringsbegrip tot stand gekom het ( Wethmar 2002:252 ).

Sedert die Aleksandrynse teologie van Origenes en Clemens in die derde eeu het die gedagte ontwikkel dat die Bybel 'n duister boek is wat alleen deur die kerklike leeramp uitgelê kan word ( Rossouw 1963:64 ). Die redding was nie soseer te vind in 'n persoonlike verhouding met God nie, maar hoofsaaklik

deur deelname aan die sakramente wat die kerk beskikbaar stel aan diegene wat aan die kerk gehoorsaam is. Die genade word dus ʼn fisiese werklikheid waaraan ʼn mens deur die sakramente deel kry, terwyl die geloof tot gehoorsaamheid gereduseer word.

Die Reformasie het egter beklemtoon dat die Bybel ʼn duidelike boek is, nie op ʼn semantiese vlak nie, maar op ʼn religieuse en geloofsvlak ( Rossouw 1963:64). Die Reformatore het dit so gestel: *Sacra scriptura sui ipsius interpres* ( Berkouwer 1966:180 ). Met hierdie stelling het hulle bedoel dat die Heilige Gees wat die primêre outeur van die Heilige Skrif is, in die mens die geloof in die sentrale heilsboodskap van die Skrif tot stand bring. So kom ʼn mens in ʼn persoonlike verhouding tot God tereg waarin heil ervaar word (Wethmar 2002:252 ).

In ʼn Reformatoriese kerk speel die Heilige Skrif ʼn fundamentele rol omdat die prediking van die evangelie die wyse is waarop God met die mens praat. In die wyse waarop God deur die Skrifboodskap die mens aanspreek, het die Reformatore drie dimensies ontdek wat onderskeidelik die waarheidsdimensie, die beloftedimensie en die vervullingsdimensie genoem word ( Rossouw 1963:166 ). Met hierdie terme word die volgende bedoel: in die proses waarin deur die verkondiging van die Skrifboodskap die heil tot stand kom, word daar getuig dat ons redding buite onsself ( *extra nos* ) in die Persoon en werk van Jesus Christus geleë is – dit is die waarheidsdimensie in die verkondiging van die Skrifboodskap. Maar die heil geskied nie alleen buite ons in Christus nie. Hierdie heilsboodskap word deur die Skrif as belofte aan ons betuig en verkondig. Die heil geskied in Christus nie alleen buite ons nie, maar ook vir ons ( *pro nobis* ) – dit is die beloftedimensie van die Skrifboodskap. En die evangelie as heilsboodskap vir ons word deur die Heilige Gees in ons lewe ( *in*

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*nobis* ) toegepas sodat ons in gehoorsaamheid daaraan lewe ( Krusche 1957:294 vgl. Wethmar 2002:294 ). Die heilsgebeure, soos die Reformasie dit sien, verwys dus nie alleen na Christus buite ons en die belofte van die evangelie vir ons nie, maar ook na die totstandkoming van die geloof in ons. Dit is die vervullingsdimensie in die geskied van God se Woord. Die Reformatore het in hierdie verband gepraat van die *testimonium Spiritus Sancti internum,* die inwendige getuienis van die Heilige Gees ( Rossouw 1963:236 ). Wanneer die Reformasie dus *sola Scriptura* sê, gaan dit nie maar net om die Bybel as boek nie, maar om ŉ omvattende heilsgebeure.

In die lig hiervan moet ons ook verstaan dat wanneer die Reformasie sê dat die heil *sola fide*, deur die geloof alleen, tot stand kom, daarmee nie maar net op ŉ vae gemoedsaandoening gedui word nie. Dit is eerder so dat in ooreenstemming met en in aansluiting by die drie elemente wat in die verkondiging van die Skrifboodskap ontdek is, die Reformatore ook in die geloof drie elemente aangedui het. Dit is: kennis, vertroue en gehoorsaamheid. Die geloof is in kennis gerig op die heilsgebeure in Christus, ervaar met vertroue die toesegging van die heil en leef in die krag van die Gees ŉ lewe van toewyding en gehoorsaamheid aan Christus ( Wethmar 2002:253 ).

Waar die redding van ŉ mens se lewe deur die Skrif alleen en deur die geloof alleen op hierdie manier gesien word, word dit ook duidelik waarom Gereformeerdes altyd daar byvoeg dat dit alles uit genade geskied. Daarmee word bedoel dat die geloof nie ŉ menslike prestasie of ŉ verdienstelike werk is nie. Ons verlorenheid is so groot dat ons niks het om aan te bied nie. Daarom is die geloof soos ŉ leë hand waarmee ons dit ontvang wat God verniet gee. Die geloof is die weg waarlangs ons God se genade ontvang. En dit is juis om hierdie genadekarakter van die geloof te beklemtoon dat Gereformeerdes

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

soveel klem op die uitverkiesing gelê het. Daarmee wou hulle sê dat die inisiatief vir ons redding radikaal by God is ( Wethmar 2002:253 ).

Ek het reeds genoem dat die geloof ook gehoorsaamheid behels. Dit hang saam daarmee dat Gereformeerdes daarvan oortuig is dat die mens wat uit genade gered is, ook persoonlik deur die Gees geheilig word en in die wêreld uitgestuur word om daar die wil van God te doen. Die heiliging van die lewe speel nie net in persoonlike sfeer af nie. Gereformeerdes streef daarna dat God se eer op alle terreine van die lewe gedien word. Dit is tipies Gereformeerd om die wet van God in alle lewensfere te wil gehoorsaam. Daarmee is dus gesê dat die Gereformeerde etos daardeur gekenmerk word dat die wet van God ʼn belangrike rol in die lewe het. Die wet dien as struktuur van ʼn geheiligde lewe ( Wethmar 2002:253 ).

ʼn Beskrywing van Gereformeerdheid sou onvolledig wees as daar nie ook na die verbond verwys word nie. Vir Gereformeerdes is die geloof nie net ʼn saak van die individu nie, maar dit word ook beleef in die opvolging van geslagte. Toe die Anabaptiste radikaal met die kerklike tradisie breek en die kern van die geloof gaan vind in die strewe na buitengewone geestelike gawes en die geesdriftige Christendom van 1 Korintiërs 14 as model vir die ware kerk invoer, het hulle ook die kinderdoop verwerp ( Jonker 1998:41 ). Hiermee kon die Reformatore nie vereenselwig nie en het hulle die kinderdoop wat in die verbondsbegrip begrond is, behou. Die kinderdoop is gesien in die lig van die besnydenis en dus as teken en seël van die verbond van God se genade met sy volk. Die geloof is nie alleen ʼn saak vir die individu nie, maar vir opeenvolgende geslagte en trouens vir die hele samelewing.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

## 2. Gereformeerde identiteit en die erediens

Die basiese elemente van die Reformatoriese ideaal kan dus beskryf word met die kernwoorde Skrif, geloof, genade, wet en verbond. Alles in die gereformeerde tradisie staan en val hierby. Ook die erediens. Die gereformeerde erediens is dus 'n erediens wat voldoen aan die basiese elemente van die Reformatoriese ideaal. Enige erediens waarin hierdie elemente nie aanwesig is nie, is nie 'n gereformeerde erediens nie.

### *2.1. Die Skrif alleen*

Alle gereformeerdes staan op die Woord ( Cilliers 1998:69 ). Teenoor die Roomse stelreël: "Waar die priester is, is die kerk", het die Reformatore gesê: "Waar die Woord is, is die kerk" (De Klerk 1982:20 ). Daarom bepaal die plek van die Bybel in die geloofsuitsprake of belydenisskrifte die inrigting van die handelinge van die kerk asook sy liturgiese lewe. In die liturgiese handelinge van 'n kerk word die leerstellinge wat hy ten opsigte van die Woord onderskryf, deursigtig ( De Klerk 1982:14 ).

Hoe 'n erediens daar uitsien, wat gesê en gedoen word, moet gestel word in die helder lig van die Skrif. Alles moet so na as moontlik aan die sentrale bedoeling van die Skrif geskied en die norm van die Skrif moet by alles onverkort aangelê word. Die vorm van die erediens word dus nie in die eerste plek na die smaak van mense bepaal nie, maar volgens die wil van die Here. Daarom sê H. S. Coffin: *"God meets with his people upon his own terms, not upon theirs"* ( Barnard 1981:488 ). Die belangrikste doel en vraag is dus: Word God verheerlik deur dit wat in die erediens gesê, gedoen, gesing en bedink word ( De Klerk 1982:15 ).

Niks wat teen die norm van die Bybel indruis mag dus in die erediens toegelaat word nie. Waar die Bybel nie alles beskryf nie, moet gesoek word

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

om die gees en bedoeling daarvan te ondersoek en in alle eerlikheid te gehoorsaam ( Barnard 1981:488 ).

Ideaal gesproke sou die gereformeerde erediens met al sy liturgiese momente, vanaf die eerste tot die laaste woord en handeling, diensbaar moet wees aan die wat, hoe en waarom van God se handeling soos dit in die Bybel as openbaringsbron van God se waarheid opgeteken is ( Cilliers 1998:76 ).

As die Skrifgesag in die gedrang kom, kom die Reformatoriese aard van die kerk in gedrang. Waar die vertroue in die Bybel as God se lewende Woord ondermyn word, word ook 'n skadu gewerp oor die God van die Woord omdat Hy dan nie meer ontmoet word as die lewende God wat in ons wêreld en geskiedenis teenwoordig is nie ( Smit 1998:36 ).

### *2.2. Die Geloof alleen*

Deur "die geloof alleen" word die dinge wat in die Woord verkondig word aanvaar. Die liturgiese gebeure roep dus om werklik ontmoetingsgebeure te wees, tot die geloof in en vertroue op dit wat in die Woord en in die sakramente belowe word en deur laasgenoemde verseël word ( De Klerk 1982:16 ).

Daarom hang die liturgie ten nouste saam met die belydenis van 'n bepaalde kerk. In die liturgie moet die belydenis duidelik tot uitdrukking en tot funksionering kom. Soos 'n kerk glo, so aanbid hy – *lex credendi est lex orandi.* In die liturgie gaan dit om die mees essensiële punte van die geloof, wat uit die aard van die saak nie in elke preek tot uiting kan kom nie. Die inrigting van die erediens is afhanklik van die wyse waarop die kerk die openbaring van God beleef en bely ( Barnard 1981:491 ).

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

### *2.3. Die Genade alleen*

Met die erkenning van die Skrifgesag moet ook daarop gewys word dat die heil wat onder, en saam met die lesing en bediening van die Woord deur die Heilige Gees bemiddel word, die aandag daarop vestig dat alles uit genade geskied. Die "genade alleen" bewaar nie slegs van ŉ valse slawerny van verpligte dienste wat in die erediens verrig moet word nie, maar bring ook ŉ feestelike dankbaarheid wat alles moet stempel. In die ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente gee die beginsel "uit genade alleen" aan die liturgie ŉ eie karakter, waarin alles van God verwag word ( De Klerk 1982:16).

Adams ( 2000 ) stel dit so: *"Reformed spirituality is funded - in heart, mind and soul - by a sure and certain knowledge that the initiative is with God (God comes to us in grace) and that the response comes from us, in gratitude"*.

### *2.4. Die Wet*

Dat die eer van God op alle terreine van die lewe gedien moet word, hang vir gereformeerdes saam met hulle oortuiging dat ŉ mens wat uit genade gered is, ook persoonlik deur die Gees geheilig en in die wêreld uitgestuur word om dáár die wil van God te doen. Daarom neem gereformeerde gelowiges ook die hele Woord van God ernstig op as Ou en Nuwe Testament en as Wet en Evangelie. Hulle verstaan die Bybel nie net as die blye boodskap van vergifnis nie, maar ook as die blye boodskap dat Christus die mag van die sonde oorwin het en dat gelowiges geroep word om in hulle hele lewe uit hierdie oorwinning van Christus te lewe en Gods gebod in alles te gehoorsaam. Gereformeerdes is mense wat nie net hulle persoonlike lewe nie, maar ook hulle gesins- en gemeenskapslewe, hulle arbeid en ekonomie, ja, ook hulle politieke lewe volgens die eise van Gods wet wil inrig. Daar is geen duimbreedte van die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

aardse werklikheid waarvan Christus nie sê: "Dit is Myne" nie. Dit is tipies gereformeerd om die Wet van God op alle lewensterreine te wil gehoorsaam uit dankbaarheid vir Sy vrye genade én dit binne die erediens te laat funksioneer. Heyns ( 1970:27 ) maak die volgende stelling: *"Genade – Gods genade – is nie net mededelend nie, maar ook gebiedend."*

Daarom is die wet ook bepalend vir die erediens wat 'n gereformeerde identiteit het. Die troonwet het as bepalende dokument van die verbondsooreenkoms tussen die Here en sy volk 'n konstituerende betekenis vir verbondsverkeer ( De Klerk 1982:80 ). Volgens Heyns ( 1970:27 ) is die wet die imperatief vir die verbond. In dankbare liefde en oorgawe volbring die volk dan die wil van die Koning wat hulle verlos het. Daarom omspan die wet as troonwil die ganse lewe en ook die liturgiese handelinge van God se kinders.

Die erediens kan nooit sonder die wet wees nie omdat die wet 'n integrale deel van die evangelie self is, deel is van die enkelvoudige Godsopenbaring aan ons. Die wet funksioneer dus in die erediens op 'n eksplisiete of implisiete wyse, of behoort ten minste te funksioneer. Die verskillende funksies van die wet is 'n realiteit, is ingebed in die weefsel van die gereformeerde erediens en speel mee in die verkondiging en belewing van sonde, verlossing en dankbaarheid. In elke erediens is die dinamika van die wisselwerking tussen sonde, verlossing en dankbaarheid op die spel ( Algemene Sinode 2002:79 ).

### *2.5. Die Verbond*

Om die wese van die erediens ten volle te verstaan, moet agter al die genoemde fasette van die wese van die erediens, die werklikheid en omvattende betekenis van die verbond gesien word. Die wese van die erediens lê ingebed in die verbond, dit leef uit die verbond en vind die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

verwerkliking in die verbond. En Christus is die Hoof van die verbond, wat Hy steeds in die erediens bevestig, vernuwe en die weldade daarvan na die gemeente laat toevloei deur die werking van die Heilige Gees. Die instrumente waardeur Hy dit doen is die Woord en die sakramente. Die erediens rus in die verbond ( Barnard 1981:480 ).

**3. Gereformeerde Spiritualiteit**

Bogenoemde beginsels rig die wese van ŉ erediens wat in die gereformeerde tradisie staan. Dit is ook die geval in die NG Kerk. Behalwe vir hierdie grondstene van die gereformeerde identiteit, het daar uiteraard ook ŉ paar karaktertrekke ontstaan wat eie is aan die gereformeerde erediens. Dit is die persoonlikheid van die gereformeerde erediens. Ons noem dit gereformeerde spiritualiteit. In die algemene spreektaal is dit hierdie karaktertrekke wat mense in gedagte het wanneer hulle van gereformeerdheid praat. Ek verwys kortliks hierna aangesien dit ŉ belangrike bepalende faktor in die erediens van die NG Kerk is.

Die Gereformeerde spiritualiteit kom uit die tyd van die Kerkhervorming. Dit is hoofsaaklik sober, ingetoë en redelik formeel. Die Gereformeerde gelowige leef nederig en dankbaar voor die Here, met min sterk vorms van emosionele vreugde of droefheid. In die lig van die nadruk op die amp van die gelowige het hy/sy ŉ breë belangstelling in die lewe en die samelewing, en streef daarna dat die samelewing in gehoorsaamheid aan God moet funksioneer.

Die Gereformeerde erediens het ŉ redelik vaste struktuur, en ŉ baie duidelike wisselwerking tussen die liturg en die gemeente. Die liedere as sowel taalkundig as in terme van musiek is van besonder hoë gehalte. Die orrel is ŉ kenmerk van Gereformeerde sang. Die teologie agter die nadruk op die orde in die Gereformeerde erediens is dat die liturg hoofsaaklik ŉ verteenwoordiger

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

van God is (al verteenwoordig hy/sy in sekere handelinge ook die gemeente), en dat die erediens dan verloop volgens die struktuur van 'n gesprek tussen God en sy gemeente. Daar is baie nadruk op orde, en orde word sterk verbind aan ordelikheid wat geen of min ruimte laat vir onbeplande, spontane optrede van individue behalwe die liturg, wat self aan taamlik duidelike ordereëls hou.

Die prediking is sterk op Skrifuitleg gebou. Dis 'n inkeer tot die Woord van God en aanbidding in die lig van die Woord. Dis 'n lees van die Woord met die insig van die Reformasie, 'n tradisie van spiritualiteit wat uit die tyd van die Reformasie dateer. Die gereformeerdheid van die NG Kerk is tog wel anders as dié wat 'n mens in byvoorbeeld Nederland kry. Dis omdat die vroomheid van die Skotse teologie in die negentiende eeu by ons 'n groot rol gespeel het toe die Skotse predikante hierheen gekom het, en daar 'n saamgroei was van die gereformeerde belydenisteologie wat ons van Nederland geërf het, en die Skotse presbiteriaanse vroomheidsteologie. Voorts is die spiritualiteit van die erediens in die NG Kerk gedeeltelik evangelies, maar dit is ook gerig op intellektuele kennis.

**4. Die erediens in die NG Kerk**

Die erediens in die NG Kerk kom tot uiting in die liturgie wat gestalte gekry het in die lig van 'n gereformeerde identiteit. Die liturgie omvat al die woorde en handelinge van die volle erediens, met insluiting van die preek ( nie die inhoud van die prediking nie ) en die nagmaal; sowel as ander handelinge soos die doop, die openbare belydenis van geloof, die bevestiging van ampsdraers; ook van ander dienste soos gebedsdienste; dan ook die fundering en vormgewing van die erediens, die gebede, liturgiese formuliere, die kerklied; die geskiedenis van die erediens; die verskillende elemente van die erediens afsonderlik en in samehang; die kerklike jaar, die kerkgebou, die kerklike

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

kleed; die hele dinamiek van die erediens en soos dit in lewende wisselwerking staan tot die daaglikse godsdiens en daaglikse lewe ( Barnard 1981:52 ).

Alhoewel dit nooit die bedoeling was nie, het die erediens in die NG Kerk die ryk betekenis en waarde van die liturgie verlore laat gaan. In die mond van die deursnee lidmaat het liturgie te doen met die verloop van die erediens. Dit het na my mening te doen met die feit dat die erediens se orde gereël word deur die *Handboek vir die erediens.* Hierin word die tipiese verloop van die erediens in die NG Kerk uiteengesit, van begin tot einde. Dit het gelei tot tipiese eredienste in die kerk. Die opstellers van *Die Kerkboek* ( 1976 ) verklaar onder meer *"Die bedoeling met die beskikbaarstelling van die verskillende ordes, die formuliere e.s.m. is om willekeur te vermy. Ons sien graag dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n eie stempel op sy eredienste plaas en daartoe word die samewerking van alle leraars en kerkrade versoek."*

Daarom begin die erediens vir die meeste mense die oomblik as die predikant sy kop laat sak om die votum uit te spreek. Voor die votum vind daar geen stuk van die erediens plaas nie ( De Klerk 1982:69 ). Die erediens eindig wanneer die predikant amen sê na die uitspreek van die seën. Die uur is verby. Die vergadering se agenda is afgehandel ( De Klerk 1982:88 ). Tussen hierdie twee handelinge het iets gebeur wat vir baie mense onhoudbaar geraak het en hulle na ander kerke toe gedryf het waar hulle kon feesvier in die erediens. Statistieke wys dat ongeveer 500 000 lidmate uit die NG Kerk, is na Charismatiese kerke toe tussen 1981 en 2001 ( Algemene Sinode 2004 ). Die grootste dryfveer was die dorheid van die erediens.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Kom ons gaan kyk hoe die liturgie gelyk het en in baie gevalle vandag nog lyk. Ek wil kortliks in die volgende volgorde na die elemente kyk: die vorm van die erediens; die preek; die sakramente; liturgiese formuliere, die kerklied; die kerkgebou.

### *4.1. Vorm van die erediens in die NG Kerk*

Die vorm van die erediens in die NG Kerk word aanvanklik gekenmerk deur 'n eenvormige liturgiese orde. Dis eers later toe die *Handboek vir die erediens* ( 1983 ) verskyn het, wat daar begin is om ruimte te laat vir verskillende moontlikhede. Dit moes egter nog verkieslik binne die voorgestelde raamwerk geskied het. Volgens die opstellers is die uitgangspunt dat dit vir die gesonde ontplooiing van die erediens belangrik is dat die liturgiese ordes kerklik vasgestel en eerbiedig moet word. 'n Vaste en vasgestelde liturgiese orde wat die ontmoeting tussen God en sy versamelde gemeente reël, is noodsaaklik omdat God 'n God van orde is, en om aan die erediens 'n sinvolle reëlmaat en styl gee. Dit dien ook as bekende weg waarop die gemeente tot die erediens toetree en help om te waak teen 'n oppervlakkige gesoek na nuwighede in die erediens ( Handboek vir die Erediens 1983:5 ).

Volgens *Handboek vir die Erediens* ( 1983:9 ) lyk 'n volledige erediens in die NG Kerk so:

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlesing van die Tien Gebooie/Wet
5. Verootmoediging en Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging en skuldbelydenis

7. Geloofsbelydenis
8. Sang

| **Soms kan 4-8 met 4-8a hieronder afgewissel word:** |
| --- |
| 4. Voorlesing van Skrifgedeeltes wat wys op sonde en skuld |
| 5. Verootmoediging en skuldbelydenis |
| 6. Genadeverkondiging ( en soms retensie ) |
| 7. Geloofsbelydenis |
| 8. Voorlesing van die Tien Gebooie/Wet as reël van dankbaarheid |
| 8a. Sang |

9. Gebed om die opening van die Woord/epiklese
10. Skriflesing
11. Preek

| **Soms kan 9-11 met 9-11a hieronder afgewissel word:** |
| --- |
| 9. Skriflesing |
| 10. Gebed om die opening van die Woord/epiklese |
| 11. Lied |
| 11a. Preek |

14. Opneem van offergawe
15. Sang
16. Seën

| **By die nagmaalsdiens word 12-16 met die volgende vervang:** |
| --- |
| 12. Sang ( opsioneel ) |
| 13. Lees van die nagmaalsformulier |
| 14. Sang (opsioneel terwyl tafel gereed gemaak word ) |
| 15. Geloofsbelydenis |
| 16. Gebed om seën by die nagmaal |

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

17. Bediening en kommunie
18. Lofprysing
19. Dankseggingsgebed
20. Offergawes
21. Sang
22. Seën

Hierdie liturgiese orde kan wissel met vier moontlikhede vir die nagmaalsdiens en vier moontlikhede vir die oggenddiens sonder die nagmaal. Die wisseling bestaan uit die verskuiwing van die orde van sommige elemente en enkele weglatings. Ek verskaf 'n vergelykende tabel van die vier moontlikhede vir die oggenddiens sonder die Nagmaal ( Handboek vir die Erediens 1983:15-18 ).

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Votum<br>2. Seëngroet<br>3. Lofsang<br>4. Sonde en skuld<br>5. Verootmoediging en skuldbelydenis<br>6. Genadeverkondiging (en soms retensie)<br>7. Tien Gebooie/Wet<br>8. Sang<br>9. Epiklese<br>10. Skriflesing<br>11. Preek<br>12. Danksegging, aanbidding, voorbidding<br>13. Geloofsbelydenis<br>14. Offergawes<br>15. Sang<br>16. Seën | 1. Votum<br>2. Seëngroet<br>3. Lofsang<br>4. Tien Gebooie/Wet<br>5. Verootmoediging en skuldbelydenis<br>6. Genadeverkondiging (en soms retensie )<br>7. Geloofsbelydenis<br>8. Sang<br>9. Epiklese<br>10. Skriflesing<br>11. Preek<br>12. Danksegging, aanbidding, voorbidding<br>13. Offergawes<br>14. Sang<br>15. Seën | 1. Votum<br>2. Seëngroet<br>3. Lofsang<br>4. Tien Gebooie/Wet<br>5. Verootmoediging en skuldbelydenis<br>6. Genadeverkondiging (en soms retensie )<br>7. Geloofsbelydenis<br>8. Sang<br>9. Skriflesing<br>10. Epiklese<br>11. Lied<br>12. Preek<br>13. Danksegging, aanbidding, voorbidding<br>14. Offergawes<br>15. Sang<br>16. Seën | 1. Votum<br>2. Seëngroet<br>3. Lofsang<br>4. Sonde en skuld<br>5. Verootmoediging en skuldbelydenis<br>6. Genadeverkondiging ( en soms retensie )<br>7. Tien Gebooie/Wet<br>8. Sang<br>9. Skriflesing<br>10. Epiklese<br>11. Lied<br>11a. Preek<br>12.Danksegging, aanbidding, voorbidding<br>13. Geloofsbelydenis<br>14. Offergawes<br>15. Sang<br>16. Seën |

Tabel 2: Moontlike liturgiese ordes in die erediens

By die aanddiens word dieselfde orde as by die oggenddiens gebruik, maar die volgende liturgiese elemente is dan opsioneel: voorlesing van die Tien Gebooie/Wet; verootmoediging en skuldbelydenis; genadeverkondiging (en soms retensie ); geloofsbelydenis.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die verskillende liturgiese elemente kom tot uiting in vaste formules en liturgiese formuliere. Dit dien die orde van die erediens. In 'n tipiese erediens van die NG Kerk is daar nog altyd streng by hierdie indeling van die erediens gehou omdat daar geglo is dat dit getrou is aan die erediens se gereformeerde identiteit. Elke element is met groot plegtigheid volvoer en het afgestuur op die groot gebeurtenis van die byeenkoms: die preek!

### *4.2. Die preek*

Alhoewel dit nie so behoort te wees nie, beskou baie gereformeerde gelowiges die preek as die sentrale gebeure in die erediens. Die volgende standpunt van Viljoen ( 2004 ) onderstreep hierdie beskouing: *"Prediking is per definisie monoloog – eenrigtingsgeskenk van Christus aan sy gemeente. Wie wil en kan daarin saampraat?"*

Die uitgangspunt van so 'n siening is dat die sentraliteit van die Woord en die van die Woordverkondiging naatloos ineen skuif en presies oorvleuel. Die res van die liturgie word dan gesien as aanhangsels van die preek, dekor wat die hoofmoment van die prediking in die drama van die erediens moet versterk ( Cilliers 1998:70 ). Müller ( 1990:70 ) meen ook dat baie eredienste so ingerig word dat die preek as 'n eiland ervaar word.

Nog 'n verdere kenmerk is dat die preek in baie gevalle aangewend word as 'n teologiese lesing wat die resultaat is van ordentlike eksegese. Vir baie jare is daar al teenkanting in die NG Kerk oor sogenaamde kapstokprediking. Die siening is dat hierdie prediking nie die heilige waarheid van die Skrif onderskryf nie.

### *4.3. Die Sakramente*

Die sakramente (doop en nagmaal ) in die gereformeerde erediens is nie blote tekens ( *signa nuda )* nie, maar waarborge, Goddelike dade van insluiting in die verbond. Deur die sakramente word God se kinders verseker dat Hy die verbond wat Hy met sy kinders gesluit het sal onderhou.

Die sakramente in die erediens is gestroop van weelderigheid en oorvloed. Elke gelowige wat in opregtheid daaraan deelneem, word gestroop van eie waardigheid. Nat van die water, of met 'n stukkie droë brood in die hand, of 'n mondjievol wyn, is die mens klein, afhanklik en verneder d. So besef elke deelnemer aan die sakramente hoe afhanklik hulle van God is.

Verder word aanvaar dat die sakramente nie menslike uitvindsels is nie, maar Goddelike instellings ( Heidelbergse Kategismus, Sondag 25 ). Daarom word die sakramente met erns hanteer. Dit beteken dat die sakramente nooit in 'n ligte, gesellige luim bedien kan word nie.

Dit is sake van die grootste erns en die liturg kan baie doen om die gemeente dit te laat begryp ( Müller 1990:77 ). Die doop en die nagmaal word met gewyde erns bedien. Veral die nagmaal word hierdeur gekenmerk. Om die heiligheid en erns van die nagmaal te bewaar, word nagmaal in die meeste eredienste van die NG Kerk net vier maal per jaar en op spesiale geleenthede soos feesdienste bedien.

### *4.4. Liturgiese Formuliere*

In die liturgiese formuliere het die gereformeerde kerke en met name die NG Kerk, 'n fyn afgeronde formulering van wat die Skrif leer en die kerk bely aangaande die sakramente en die ampte. Hierdie formuliere word telkens voorgelees by die bediening van die sakramente en die bevestiging van ampte.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die liturgiese formuliere soos dit tans bekend is in die NG Kerk, kan onderskei word in didaktiese en liturgiese gedeeltes ( Algemene Sinode 2002:92 ). Byvoorbeeld kan in die formulier vir die bediening van die nagmaal die gedeelte wat handel oor die wese van die nagmaal breedweg getipeer word as didakties van aard. So is ook die paragraaf wat handel oor die boodskap van die nagmaal en oor die verpligting van die nagmaal didakties van aard.

Maar die paragraaf wat so begin: "Hier by die nagmaal, by die gebruik van die tekens dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou in dankbaarheid ons lewe opnuut aan Hom wy", kan duidelik as meer liturgies van aard beskryf word.

Vir baie jare is dit nou al die siening dat die liturgiese formuliere tot diens is van die gereformeerde ideaal en daarom word daar telkens daarop aangedring dat dit in die erediens behou word, weliswaar in korter vorme oor die laaste tyd.

### *4.5. Die Kerklied*

Die kerklied is allerweë die een liturgiese element wat ten alle koste die gereformeerde ideaal moet dien in die NG Kerk. Want 'n gereformeerde erediens sonder sang is ondenkbaar. Daarom maak die NG Kerk baie moeite met die kerklied. Bundels word gedurig aangepas en bygewerk. Die een groot vereiste bly egter altyd dat die kerklied in die NG Kerk gereformeerd moet klink en wees. Dit beteken dat die inhoud van die lied skrifgetrou en belydenisgetrou moet wees omdat die kerklied die betekenis van die woord versterk. Die melodie moet die element van eerbied bevat.

Die woordinhoud van die kerklied in die NG Kerk voldoen ook gewoonlik aan aanvaarde poëtiese en taalkundige vereistes. Verder word die vereiste van

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

hoogstaande musikale gehalte gestel. Soos Müller dit stel ( 1990:43 ) *"Die musiek moet die inhoud van die woorde dra en bevestig."*

### *4.6. Die Kerkgebou*

Die kerkgebou as liturgiese ruimte word in baie gereformeerde denke nog beskou as die "huis van die Here." Baie faktore het tot hierdie beskouing gelei. Dit begin by die styl waarin kerke in die verlede gebou is. Die argitektoniese ontwerp en struktuur van 'n tipiese kerkgebou getuig van statigheid. Dit is gewoonlik imposante geboue wat getuig van die feit dat die kerk nie aan hierdie wêreld gelykvormig is nie. Baie geboue is inderdaad 'n stuk steengeworde dogmatiek en verkondiging ( De Klerk 1982:120 ). Die ontwerpe is ook gewoonlik baie sober. Nog 'n bekende kenmerk is die ontwerp binne die gebou. Omdat die Woord sentraal is in die gereformeerde identiteit, beteken dit dat die preekstoel sentraal staan in die kerkgebou.

Anders as by die Rooms-Katolieke Kerk met sy menigte van simbole, of die Oosterse Kerk met sy ikone, lê die aksent in die Gereformeerde kerke baie swaar op die sakramente as tekens en seëls wat die Woord vergesel. Daarom is die tafel en die doopvont en die kansel sprekende simbole wat baie sterk spreek van Christus se verhouding tot sy volk. Hierdie simbole is sigbaar en staan naby aan mekaar.

Die kerkgebou in die NG Kerk is afgesien van loodglasvensters, die gebruiklike leë kruis en sober kanselklede, arm aan simbole. Simbole word uiters spaarsaam gebruik.

## 5. Gevolgtrekking

Daar is nie fout te vind met die strewe in die NG Kerk om 'n gereformeerde identiteit te behou nie. Dat ons in die gereformeerde tradisie staan op die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

beginsels van die Skrif alleen, genade alleen en geloof alleen, is 'n trotse erfenis wat getuig van 'n kerk wat erns maak met die Woord en die beloftes van God wat daarin vervat is.

My kritiek is dat ons op afdraaipaadjies verdwaal geraak het en dat ons die feeselement van die erediens verwaarloos het. Elke boek wat oor liturgie uit 'n gereformeerde oogpunt geskryf is, weet te vertel dat die erediens 'n fees is. En die skrywers kry dit reg om in gloeiende taal ons strakke liturgie as feestelik te beskryf.

Maar hoe kan terme soos sober, gewyd, stemmig en gewyde erns enigsins as feestelike woorde beskou word as daar nie tegelyk gepraat kan word van lag en uitbundige vreugde as deel van die erediens nie. Die Charismatiese beweging het dit reggekry. Volgens my hang dit natuurlik weer te veel oor na die ander uiterste, maar baie mense het aanklank hierby gevind. Ja, natuurlik is die erediens nie net een groot partytjie nie. Huil en lag is immers beide deel van die lewe. Soberheid en uitbundige vreugde is beide deel van elke mens se lewensingesteldheid. Maar dit wil tog lyk asof die gereformeerde erediens gedurig 'n begrafnisdiens is. En dis beslis nie die mening van 'n stem in die woestyn nie. 'n Geraamde 500 000 mense tussen 1981 en 2001 het ook hierdie mening gehuldig.

Verder is dit 'n werklikheid dat die suksesvolste gemeentes in terme van getalle binne die NG Kerk, die is wat gedeeltelik of heeltemal gebreek het met tipiese gereformeerde eredienste. Die gemeente van Moreletapark is waarskynlik die bekendste voorbeeld. Maar daar is baie sulke voorbeelde soos Stellenberg, Mosselbaai, Lynnwoodrif ens. Ek wil nie voorgee dat hulle weggedoen het met hulle gereformeerde identiteit nie. Die inrigting van hulle eredienste is net beslis anders as die tipiese gereformeerde erediens. En

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

letterlik duisende mense woon hulle eredienste by. Natuurlik is daar kritiek hierop te lewer. Maar daar is bepaald ook kritiek te lewer op die gereformeerde benadering tot die erediens.

Die eerste stukkie kritiek is teen die vorm van die liturgie en die aanspraak dat dit op ŉ biblisistiese wyse ingerig. Die probleem is dat daar nie pasklare of afgeronde liturgieë in die Bybel voorkom nie. Die Bybel is nie ŉ handboek vir die erediens nie. Die Hervormers het wel die vier elemente wat in Handeling 2:42 aan die orde is ( "die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede", d.w.s. prediking, koinonia, nagmaal en gebed ), as uitgangspunte in hulle denke oor die erediens geneem, maar dit nooit verstaan as ŉ chronologiese orde of vaste patroon vir die inrigting van alle eredienste nie ( Cilliers 1998:70 ).

Voorts kan daar kritiek gelewer word teen die aanspraak dat die erediens in ooreenstemming met Bybels beginsels is. Die Baselse Hervormer Oeccolampadius ( 1482-1531 ), het aangevoer dat die erediens eenvoudig moet wees, omdat Jesus se lewenstyl eenvoudig was; dat kwessies soos die vrye genade van God, die regverdiging deur geloof en veral die Christelike liefde, ŉ bepalende rol nie alleen in die inhoud van die liturgie speel nie, maar veral in die struktuur en styl daarvan. Die probleem is net: beginsels soos geloof , hoop en liefde sê alles, maar juis daarom te min vir die konkrete inrigting van die erediens.

Die volgende punt wat aandag verdien is die preek. Niemand het dit ooit so bedoel nie, maar die hele dampkring van die gereformeerde erediens het uiteindelik ŉ sentrale plek aan die preek gegee. Bitter min mense wens ŉ predikant geluk met ŉ uitstekende diens. Byna elkeen sê gewoonlik: "Dankie

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

vir die mooi boodskap dominee." Maar eintlik is die preek net die gloeilamp wat sy lig op die res van die liturgie laat val.

In die erediens is ons op soek na die waarheid. Die waarheid bly egter altyd iets waarom gestry en gebid en waarna gesoek moet word. Dit word nie as 'n netjiese pakket elke Sondag by die kerk uitgedeel nie. Die kerk is eerder die plek waar uitroepe van vreugde oor die ontdekking van ( nog 'n element van ) die waarheid, en sugte van verlange na ( nog 'n element van ) die waarheid mag opklink.

Daarom is Noordmans se definisie van die erediens so gepas: *"Die erediens is die waarheidsrealisering van die Woord van God in die samekoms van die gemeente."* ( Cilliers 1998:71 ).

Cilliers ( 1998:76 ) sê dat daar in elke erediens een brandende waarheid moet wees wat in al die elemente van die liturgie opflikker, en vanuit die vuur van die dominante teks – wat in die prediking aangesteek is – aan die brand gehou word. Elke gemeentelid moet weet: vandag was dit die een, onontkombare waarheid wat die Persoon van die sprekende God self aan my geopenbaar het.

Na my mening is die inrigting van ons eredienste nie meer in alle opsigte so 'n openbaring nie. Daar word geklou aan 'n sogenaamde gereformeerde karakter van die erediens wat vêr verwyderd is van die eintlike gereformeerde ideaal.

Die gereformeerde tradisie het beslis 'n integriteit wat binne die eredienste van die NG Kerk behou behoort te word en wat verrykend is ( De Gruchy 2003 ). Die feit is dat die liturgie primêr God is wat handel in die Woord en die sakramente en ons wat in geloof, danksegging en voorbidding antwoord. Ons

verstaan van aanbidding is een waarin God die inisiatief neem, ons oproep om te aanbid, Homself openbaar en ons gevange neem om daarop te antwoord.

Maar nadat ons instemmend geknik het vir ons gereformeerde identiteit soos vasgelê in die Reformasie, het dit ook tyd geword dat ons moet besef dat die erediens uiteindelik ook maar ŉ empiriese verskynsel, ŉ menslike bouwerk is wat in ŉ bepaalde tyd, onderhewig aan die wetmatighede van die wêreld en die samelewing, vorm aanneem ( Müller 1990:1 ). Daarom mag ons ook funksioneel na die erediens kyk. En as ons eredienste nie meer tot mense spreek nie, as die boodskap van die evangelie daardeur verduister word ten spyte van ons lofwaardige aansprake, dan moet ons binne die raamwerk van ons gereformeerde identiteit gaan kyk na die konteks van die erediens en ons sal aanpassings moet maak.

De Gruchy ( 2003 ) sê: *"Being Reformed does not mean uncritically holding to our traditions in ways that stifle the Spirit and prevent us from learning and appropriating elements from other traditions or from contemporary impulses of the Spirit. Being Reformed means a constant return to the biblical and patristic sources and an openness to the present action of the Spirit, which is tradition in the making."*

Wanneer ons dan wel terugkeer na hierdie bronne, soos wat Calvyn gedoen het en andere wat betrokke was in die Liturgiese Beweging in die vroeë twintigste eeu, dan kan ons die punt bereik waar ons die ongelooflike waarde van die hele Christelike tradisie kan waardeer. Dan kan ons ŉ punt bereik waar ons liturgie verryk kan word deur die betekenis van die Christelike tradisie. Uiteindelik is die gereformeerde erediens tog ŉ poging om Christen te wees!

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Ek meen dat liturgiese vernuwing in die lig van ons tydsgees, 'n antwoord kan wees. Nie dié antwoord nie, maar 'n antwoord.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*H o o f s t u k   3*

# LITURGIESE VERNUWING

Liturgiese vernuwing verwys na die vernuwing van die vorm en die inhoud van aanbidding in ons eredienste. Ware aanbidding is egter nie dieselfde as korrekte liturgiese praktyk nie. Aanbidding is in wese ons dankbare reaksie op God se genade deur gehoorsaamheid aan Sy wil. Dit het te doen met die heilige lewe as ’n lewende offer en om geregtigheid te laat geskied eerder as om die korrekte uitvoering van ’n ritueel ( De Gruchy 2003 ).

Maar dit beteken nie dat die struktuur en die inhoud van die openbare Christelike aanbidding nie belangrik is nie. Christelike aanbidding is die aanbidding van God in en deur die waarheid wat in Christus openbaar word soos geïnspireer deur die Gees. Dit impliseer egter nie liturgiese chaos of slordigheid nie, maar eerder die vereiste om versigtig te reflekteer op wat ons doen in die liturgie sodat ons kan onderskei of dit inderdaad die waarheid in Christus reflekteer of nie. Ons primêre fokus in liturgiese vernuwing moet dus gerig wees op die opdrag van Jesus dat ons God moet aanbid “in Gees en in Waarheid.” Om dit te kan doen, is dit nodig dat ons eers gaan kyk na wat liturgie is en hoe dit ontwikkel het.

**1. Wat is liturgie?**

Die erediens as liturgiese gebeure, as die fees van die Godsontmoeting, staan sentraal in die kerklike lewe. Dit is die grondvorm vir die funksionering van die gemeente as liggaam van Christus ( Firet 1968 vgl. De Klerk 1982:11 ). Alle kerke, selfs die met die eenvoudigste erediens, het ’n liturgie ( De Gruchy 2003 ).

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die wese van die liturgie bestaan daarin dat dit ŉ ontmoetings- en aanbiddingsgebeure is. Dit is ŉ ontmoeting tussen God en sy gemeente, en ŉ aanbidding van God deur sy gemeente. Die ontmoeting en aanbidding is gegrond in die geloof dat God in die erediens teenwoordig is ( Vos 1996b:217 ).

### *1.1. Die Begrip*

Die woord "liturgie" is afgelei van die begrip *leitourgia*, wat saamgestel is uit die woorde *laos* ( volk ) en *ergon* ( werk ) ( Müller 1990:23; De Klerk 1982:12 ). Volgens De Klerk ( 1982:12 ) is die begrip veral in drie betekenisse gebruik.

Eerstens is dit as ŉ sosiaal-politieke begrip in die wêreld van die ou Grieke gebruik. Die gegoede Griekse burger was verplig om volgens sy inkomste, ŉ eie diens ( *leitourgia* ) in die gemeenskap te lewer. Hy moes op eie koste ŉ publieke bydrae lewer tot voordeel van sy medeburgers. Dit was eers later dat die diens aan die volk, die *leitourgia,* ŉ meer kultiese betekenis gekry het. Dit het gebeur omdat die politieke lewe so nou met die diens aan die gode van die stad en die volk verbind was.

Tweedens is die begrip in ŉ priesterlik-kultiese sin gebruik. In die Septuaginta, die vroegste Griekse vertaling van die Ou Testament, het *leitourgia* ŉ vakterm geword vir die diens wat deur die priesters en die Leviete verrig is. Hier is daar geen sprake van die sosiaal-politieke diens van die Griekse burger nie. Dit dui op die kultiese verrigtinge voor en aan God gedoen, nooit op die diens aan die medemens nie.

Derdens is die begrip in ŉ gemeentelik-diakonale sin gebruik. In die gemeente van die Nuwe Testamentiese tyd was die woord *leitourgia* met sy

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

verbuigings goed bekend. Dit is vir alle dienswerk van die gemeente of van die apostels en ander ampsdraers gebruik, sowel in as buite die eintlike samekoms van die gemeente. Die gemeente het *leitourgia* verrig deur hulleself gelowig op te offer vir die werk of die gemeente van die Here ( vgl. Filip. 2:25 ); deur die heidene wat vir die koninkryk van God gewen is, aan Hom as offer aan te bied ( vgl. Rom. 15:16 ); deur vir kollekte aan die arm gemeente in Jerusalem by te dra ( vgl. 2 Kor. 9:12 ); en deur aan besondere gebedsbyeenkomste wat met vaste gepaard gegaan het, deel te neem ( vgl. Hand. 13:2 ).

Met verloop van tyd het die begrip wat die volksdiens van die Grieke, of die priesterlike diens van die Ou Testament, of die algemeen gemeentelike diens in die Nuwe Testament beskryf het, ŉ wyer maar ook meer spesifieke betekenis verkry. In die wyer sin is dit gebruik vir die samekoms van die gemeente en die viering van sy erediens. In die enger en meer tegniese sin omvat dit die orde en vorm daarvan. Bakker ( 1959 vgl. De Klerk 1982:13 ) toon aan dat beide betekenisse in mekaar oorloop, veral omdat die wese van die erediens nie los staan van die orde waarin dit hom uitdruk nie.

Daar word dikwels van liturgie gepraat asof dit bloot na die orde van ŉ erediens verwys. Selfs in hierdie verhandeling tot op hierdie punt, is liturgie soms in ŉ eng sin aangewend. Liturgie mag egter nooit so eng verstaan word nie. Dit sluit bepaald die orde waarin ŉ erediens verloop in, maar dit is ook baie meer. In my evaluering van Multisensoriese Aanbidding werp ek verder lig hierop.

Liturgie kan omskryf word as die dienswerk wat die Godsvolk ( gemeente ) verrig tot eer van die Here. In sy wydste betekenis sluit liturgie dus die totale aktiwiteite van die gemeente in. Mens sou ook kon sê dat die dienswerk wat

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

die gelowiges in die samelewing, buite die kerk, tot eer van God probeer verrig, is liturgie ( Müller 1990:52 ).

As Paulus ons in Rom. 12:1 oproep om onsself aan God te offer, want dit is die "wesenlike van die godsdiens", dan gebruik hy 'n begrip ( *latreia* ) wat ook met erediens vertaal kan word. Daar is 'n wesenlike verskil tussen die Ou Testamentiese offerdiens in die tempel en die Christelike lewe. Na die finale soenoffer van Christus is daar net een offer wat nou nog sin maak vir die gelowige en dit is dat hy homself moet offer. En nou in die Nuwe Bedeling is dit ons eintlike erediens. Volgens hierdie gedagtegang word erediens doelbewus wyer gesien as die tempelrituele van die Ou Testament. Ons ware erediens word van Maandag tot Sondag en van vroeg tot laat, daar waar Christene hulleself tot beskikking van God stel, uitgeoefen ( Müller 1990:52 ). Liturgie kan dus nie vereng word om slegs na die erediens te verwys en, nog erger, slegs na die orde waarin dinge in die erediens verloop nie.

Tog is dit praktyk om na "liturgie" in 'n enger sin te verwys. Die begrip het in die loop van tyd 'n *terminus tegnicus* geword om te verwys slegs na dit wat in die erediens gebeur. Dit is ook 'n verstaanbare ontwikkeling want die erediens is tog die toppunt en bron van ons offerdiens ( in die sin van Rom. 12:1 ) aan God. Daar verskyn ons voor God met die heel beste wat ons kan offer: ons lof! Maar selfs al gebruik ons die begrip in hierdie enger sin, mag ons nooit die "liturgiese orde" gelyk stel aan "liturgie" nie.

Om dit beter te verstaan wil ek kortliks die ontwikkeling van die begrip aan die orde stel.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

### *1.2. Die ontwikkeling van liturgie*

Agter die huidige gestaltes en vorms van liturgiese ordes, wat eie is aan die NG Kerk ( maar ook ander kerklike groeperinge ), lê daar ’n historiese ontwikkeling wat bepalend daarop ingewerk het. Dit is met die oog hierop dat ek enkele historiese lyne wil trek.

Om in besonderhede in te gaan is onmoontlik, omdat die literatuur hieroor te omvattend is.[1] Dit val ook buite die bedoeling van hierdie verhandeling om te veel aandag daaraan te gee.

#### *1.2.1. Bybelse agtergrond*

Die Bybel gee geen geskrewe liturgie vir die kerk nie.[2] Maar die liturgiese begin-sels lê soos spore in beide die Ou en die Nuwe Testamente ( De Klerk 1981:46 ). Daar is sekere grondlyne waarop ons ag kan gee ( Vos 1996b: 217-228 ).

##### 1.2.1.1. Ou Testamentiese perspektiewe

Die woord “kultus” dui op die diens, die verering van God. In Hebreeus beskryf die woord “diens” dikwels die kultiese verering van Jahwe en ander gode ( Eks. 3:12; 9:1; 20:5; Deut. 4:19; 8:19; 2 Kon. 10:18 ).

In die kultus is die godsdienstige handelinge en verpligtinge teenoor God gereël. Hierdie tekens van dankbaarheid en verering het o.a. bestaan uit offers ( Jes. 1:11, 13; Amos 4:4 e.v. ), liedere en musiek ( Amos 5:23 ) en gebede ( Jes. 1:15 ).

---

[1] Barnard ( 1981 :66-381); Dix ( 1970) Martin ( 1974 ); Maxwell ( 1965 ); om maar net enkeles te noem.

[2] De Klerk ( 1982:46 ); Müller ( 1990:53 ); Cilliers ( 1998:70 ); Vos ( 1996b:228)

Aangesien die Ou Testamentiese gebede 'n stuk geleefde gemeenskap met God is, is dit nie net tot die kultus beperk nie. Die gebede is gerig op God wat na sy volk toe gekom het en hierdie volk verlos het en nog steeds help. Daarom word Hy in gebede aangeroep, geprys en gedank. Daar is ook voorbeelde van klaagbedes.

Verskillende feeste is gevier om die gemeenskap met die lewende God te onderhou ( die Paasfees, die fees van die weke en die Loofhuttefees ). Daar is ook verskillende offers ( die brandoffer, die dank- of vrede-offer, die sondoffer en die skuldoffer ) gebring wat in diens gestaan het van die verheerliking van God, die onderhouding van die gemeenskap met Hom en die versoening van sonde. Die mense wie se sonde versoen is, kon met God gemeenskap hou omdat Hy in die kultus teenwoordig is.

God se teenwoordigheid het beteken dat sy volk Hom kon ontmoet. Drie begrippe staan sentraal in die ontmoeting: *die tent (van ontmoeting ), die tempel, die heerlikheid en die handelinge van God.*

Die tent was die plek van kultiese handelinge ( Eks. 25:22; 29:10 e.v. ) waaraan net geroepe persone deelgeneem het. Hier was God blywend by Israel teenwoordig. Op hulle pad deur die woestyn was die tent van ontmoeting, die plek van God se teenwoordigheid by sy volk. Later het die tentterminologie in die tempeltaal oorgegaan ( Ps. 27:5; 61:5; vgl. 15:1; 78:60; Jes. 33:20 e.v. ).

Volgens die Ou Testament woon Jahwe in die hemel ( Ps. 2:4; 123:1 Deut. 4:36; 26:15 ) en van daar kom Hy na Sinai en van daar af kom Hy ook na sy tempel ( Hab 3:20; Sef. 1:7; Sag 1:17 ) waar Hy dan sy tydelike intrek neem. Volgens die ou tempelwydingspreuk in 1 Kon. 8:12 e.v. is die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

tempel die woonplek van God. Dit is egter nie Hyself wat daar woon nie, maar sy Naam. Hierdie Naam kon dus by verskillende plekke gedenk word ( Eks. 20:24 ), maar die volk kon nooit deur sy Naam te gebruik, oor Hom beskik nie.

Jahwe was nie aan sy tempel gebonde nie. Daarom was die vernietiging van die tempel nie 'n aantasting van Jahwe se teenwoordigheid nie. Hy kan die verre en die naby God wees ( Jer. 23:23; 1 Kon. 8:27 ). Hy is naby vir gebed ( 1 Kon. 8:52 e.v., 59 e.v. ) of in die wysheid van sy wet ( Deut. 4:6-8 ).

Al is die offerdiens met die vernietiging van die tempel beëindig, is daar nog plek vir 'n soort woorddiens met gebede en lesinge as hoofdeel. Die mens was in die erediens die antwoordende mens. In die Psalms het dit deur klag, lof en dank aan die lig gekom.

'n Uitdrukking wat die Goddelike werksaamheid en teenwoordigheid bevat, is die heerlikheid van Jahwe. Volgens Jes. 6:3 is hierdie heerlikheid van Jahwe aan die tempel van Jerusalem verbonde. In die tempel is die heerlikheid van God ervaar en is Hy as Koning geprys ( Ps. 24:10 ). Wat duidelik is, is dat sy *kabod* nie net 'n hemelse grootheid is nie, maar die aarde vul ( Ps. 57:6; 12; 66:1 e.v.; Jes. 42:12). God se heerlikheid kon dus ook vêr van die ( vernietigde ) tempel ervaar word. Hy is altyd werksaam teenwoordig.

In die godsdiens handel God seënend en reddend. Die woord bemiddel die seën ( Num 6:27 ). Die seën word in die godsdiens aan die gemeente ( Num. 6:24-26 ) en aan die enkeling bemiddel ( Ps. 91; 121 ). Dit het by verskillende geleenthede plaasgevind: die oesfees ( Ps. 65 ), die offer ( Lev. 9 ). By dié geleenthede het die priester as bemiddelaar van die seën opgetree. Die seën

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

wat in die kultus ontvang word, word duidelik deur die Aaronitiese seën verwoord ( Num. 6:24-26 ).

Die woord wat redding toesê, het sy oord in die godsdiens. Dit is die sogenaamde heilsorakel waarvan die roep "moenie vrees nie!", in samehang met die klag voorkom. Die redding verdryf die vrees en mond uit in lof aan die Redder. In soverre die klag met 'n sondebelydenis en die bede om vergifnis verbonde is, beteken die toesegging van vergifnis of reiniging deur versoening 'n handeling van die reddende God.

Die woord wat in die godsdiens gespreek is, bestaan uit verkondiging en onderrig. Die priesterlike woord in die godsdiens het aan die groot dade van God herinner. Of dit nou die verbondsluiting of die vernuwing van die verbond was ( Eks 34 ), God het deur alle woorde wat die priester bemiddel, self gepraat. Indirek is die Godslof ook tot die verkondiging in die godsdiens gereken. Die onderrigtende woord van God in die godsdiens was in die eerste plek die proklamasie van die Dekaloog. Die vrae wat in die orakel gevra is, is deur die onderrig van God beantwoord. In die plek hiervan het later die priesterlike onderrig gekom.

1.2.1.2. Nuwe Testamentiese perspektiewe

Die Nuwe Testament gee nie 'n spesifieke en vir alle tye geldende erediensorde aan nie. In werklikheid is daar relatief min direkte gegewens ten opsigte van die orde van die erediens. Die enkele gegewens wat wel voorkom, is gekoppel aan bepaalde gemeentes met 'n eie aard en eiesoortige omstandighede.

In 1 Kor. 11-14 kan drie duidelike elemente van die godsdiens onderskei word:

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

1. die bediening van die Nagmaal ( 1 Kor. 11:20-34 );
2. die profesie ( verkondiging van God se Woord – 1 Kor. 14:5-7, 29-31 );
3. gebed en glossolalie ( as besondere uitdrukking van gebed – 1 Kor. 14:2, 14-19, 27-28 ).

In Hand. 4:2 kan vier elemente onderskei word:

1. die leer van die apostels – preek en Skriflesing;
2. gemeenskap;
3. die breek van die brood – Nagmaal;
4. gebede

Die Christelike gemeente was van die begin af 'n singende gemeente. In Kol. 3:16 en Efes. 5:19 word drie verskillende liedvorme genoem: Psalms ( waarskynlik die Ou Testamentiese Psalms ); himnes ( Luther: lofgesange ) en ander geestelike liedere.

Die Christelike lied het uit verskillende elemente bestaan wat afsonderlik of gekombineerd in die struktuur van die lied voorgekom het. Die belangrikste element was die doksologie. Dit het bestaan uit die lofprysing, danksegging of aanbidding. Verder was daar ook die himniese gebed en die *exhortatio* wat sowel aansporing as vermaning aangedui het. Dié lied het dikwels 'n homileties-didaktiese en etiese funksie verkry wat ook in verbindinge met die doksologie voorgekom het. In sulke gevalle was die aard daarvan doksologies-soteriologies, of dit het deel van die gebed gevorm. Die laaste element was 'n lofprysing aan God vir sy verlossingsdaad in Jesus Christus. Dit het die vorm van 'n dramatiese oorvertel van God se dade in die verlede as bewys van sy genade, oordeel en verlossing aangeneem.

Die groet en die seën het veral in die briewe voorgekom. As ons aanvaar dat die briewe in die erediens gelees is en 'n deel van die samekomste gevorm het, kan ons aanneem dat die groet die begin van die ( woord ) diens aandui, en die seën aan die einde van die brief die oorgang na die maaltyd van die Here aanwys. By dié geleentheid is die vredeskus gegee.

Die wese van die erediens kan deur verskillende woorde verduidelik word. Begrippe soos "samekoms", "die samekoms in God se Naam", "ontmoeting", "diens", "aanbidding", "gemeenskap", "viering", en "verwagting" kom hiervoor in aanmerking. Waar die gemeente saamkom is God in hulle midde. In die erediens ontmoet God en mens mekaar. Die ontmoeting is gegrond op die versoening deur Christus wat in die erediens gevier word ( 2 Kor. 5:18-19 ). Daarom is die ontmoeting 'n feestelike gebeure. In die fees word die heil wat Christus bewerk het, gevier. Die fees kon verskillende gestaltes aanneem: aanbidding, lof, dankbaarheid, gemeenskap, vreugde, diens. Dit het in verskillende elemente ( veral die doop en Nagmaal ) in die erediens voorgekom.

*1.2.2. Na-Apostoliese ontwikkelinge*

Vanuit die erediensvorme van die eerste Christengemeente, waarin die liturgiese elemente wel aanwesig was, maar nog nie so geordend voorgekom het nie, het daar met die verspreiding van die Christendom na ander wêrelddele verskeie liturgiese ordes na vore getree. Ten spyte van klein verskille was dit grootliks eenvormig. Die Skrif, die doop en die nagmaal, die lofsange en die gebede, die kollektes vir die diens van barmhartigheid en ander elemente was by almal aanwesig ( Maxwell 1965:19 ). Sedert die 4de eeu het daar egter groot verander-inge in die liturgie van die Christendom gekom.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Ons sou dit kon klassifiseer volgens die drie lyne van ontwikkeling wat gevolg is by ( Maxwell 1965:34 ):

- Antiochië (die Oosterse kerk),
- Alexandrië (die Noord-Afrikaanse kerk)
- Rome (die Westerse kerk).

1.2.2.1. Die Oosterse kerk

Die kenmerkende van die liturgie van die Oosterse kerk is die volgende:

1. gedramatiseerde karakter van die erediens, waarin die viering van die gemeenskap met Christus as lewende en opgestane Here gesoek word;
2. afwyking van die dialogiese en sobere geloofsontmoeting in die misterieuse drama sodat die prediking as Woorddiens totaal ontbreek;
3. die liturgiese skerm *(ikonastasis)* met beelde *(ikone)* en die verskillende intredes en prosessies waar die evangelie en die gawes van brood en wyn, ens. ingedra word;
4. die passiwiteit waarin die gemeente as toeskouers die hele drama van die heilsgeskiedenis, soos opgevoer deur die priesters en die koor aanskou.

1.2.2.2. Die Noord-Afrikaanse kerk

Die Noord-Afrikaanse kerk met sy roemryke geskiedenis, waarin die name van die kerkleiers soos Clemens, Origenes, Tertullianus, Cyprianus, Athanasius en die alombekende Augustinus 'n ereplek inneem, was reeds 'n bloeiende kerk in die eerste eeue van die Christelike jaartelling.

Volgens opgrawings van meer as 700 kerkgeboue het dit geblyk dat dit in die vorm van basilieke gebou was, *"met die kateder waar die prediker gestaan het*

*eenkant op 'n verhoog, terwyl die nagmaalstafel in die skip gestaan het -juis daar waar die gemeente saamkom. Dit was dan ook nie 'n altaar nie, maar 'n tafel (mensa). Sulke ou basilieke moet in groot getalle aanwesig gewees het, veral in die noordelikste hoek van Afrika. In die binnelandse streke was die kerkies ongetwyfeld kleiner, minder sinvol in styl en struktuur, maar die erediens sou wel op dieselfde patroon ingerig gewees het, met besondere nadruk op die prediking, terwyl die sakramente van doop en nagmaal, en ook die belydenis van geloof deur katkisante, die nodige aandag geniet het"* ( Wegener 1965:284 ).

Die liturgie van hierdie eens florerende kerke rondom die Alexandrynse tradisie, waartoe biskop Sarapion met sy aansluiting by die *Didache* en die ander kerkvaders in aansluiting by die liturgieë van Rome en Konstantinopel ( Bizantium ), 'n eie bydrae gelewer het, het ongelukkig in 'n tragiese verstarring sy groeikrag verloor.

1.2.2.3. Die Westerse kerk

Aanvanklik en tot in die 3de eeu, is die eredienste in Rome in die Griekse taal waargeneem. Gedurende hierdie tyd vind ons 'n beskrywing daarvan in fragmentariese vorm deur bv. Justinus die Martelaar en in die kerkorde van Hippolytus ( 215 n.C. ).

Ons kry by Justinus ( 140 n.C. ) belangrike inligting van die erediens wat op Sondag plaasgevind het. Skriflesing en prediking, die voorlees uit die herinneringe van die apostels en die geskrifte van die profete, waaruit die lering en bemoediging van die gemeente plaasgevind het, het 'n ereplek in die diens gehad. Na die prediking het almal opgestaan en het die gesamentlike gebed gevolg waarna die bydraes vir die armes en die maaltyd opgeneem is.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Vroeg in die 4de eeu, of dalk vroeër, het Latyn die taal vir die liturgiese leiding en handelinge geword, ŉ taal wat vir baie eeue die septer in die erediens sou swaai. Ten spyte van ander liturgieë (bv. die Ambrosiaanse, die Gallikaanse en Mozorabiese) wat destyds in swang was, het Rome sy eie weg gegaan ( Jonker ongedateerd: 73-74).

In die ontwikkeling van die Roomse liturgie is die Skriflesing en prediking algaande verdring deur die altaar. Die tafel is verander tot die offeraltaar.

Die leerstuk van die transsubstansiasie, wat geleer het dat die werklike verandering van die tekens van brood en wyn tot die liggaam en bloed van Christus met die wydingswoorde van die priester geskied, het die misdiens na vore geroep ( Jonker ongedateerd: 74 ).

Waar die eerste Christelike gemeente gepraat het van “die breking van die brood” en die tweede een van die *eucharistie* of danksegging, het dit met verloop van tyd *sacrificium* of offer geword ( Jonker ongedateerd: 74 ).

Sedert die 5de eeu onstaan die benaming “mis”.  Dit is afkomstig van die wegsendingsroep: *ite missa est*.

Met die opkoms van die misdiens wat baie verskillende gestaltes aangeneem het, was die volgende hooftrekke die belangrikste:

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

1. Die sakrament met die offergedagte daaraan verbonde, het die altaar na vore gedring en die tafel en die kansel verplaas.
2. Die priester wat die sakrament in sy werktuiglike werking *( ex opere operate )* moes uitdeel, het heilsmiddelaar met 'n besondere amptelike hoedanigheid geword. Die skeiding tussen die sogenaamde *klerus* ( geestelikes ) en die leke het al skerper geword.
3. Die viering van die teenwoordigheid van Christus in die erediens is gesoek in die misoffer op die altaar, waarin onder die gedaante van brood en wyn, Christus sy liggaam en bloed deur die bediening van die priester aan die Vader opoffer.
4. Die gemeente het al meer passief geword in die diens, waar die wyding en gebruik van die sakrament as sentrum in die liturgie 'n skouspel geword het van priesterlike handelinge.

*1.2.3. Die Reformasie*

Ook vir die Hervorming (Reformasie) het dit gegaan om die werklike teenwoordigheid *(praesentia realis)* van die Here in die erediens. In die soeke na 'n verantwoorde liturgie is daar baie sterk teruggegryp na beide die Bybelse beginsels daarvoor, asook na die voorbeeld daarvan in die vroeg-Christelike kerk, sonder om dit identies met laasgenoemde te maak.

Die teruggrype het ten diepste om leerstellige redes, waarin met Rome verskil is, gegaan. Dit is onmoontlik om oor die reformatoriese teruggrype in besonderhede te handel. Ek sal daarom slegs kortliks die belangrikste kenmerke van die benaderinge van Luther, Zwingli en Calvyn bespreek.

1.2.3.1 Luther

Vir Luther was dit eerstens belangrik dat daar vrye ruimte vir die verkondiging van die Woord moes wees; tweedens dat die offergedagte van die Roomse Mis uit die nagmaalviering moet verdwyn, en dat die nagmaal ŉ maaltydkarakter moet verkry; derdens dat die gemeente in die priesterskap van die gelowiges ŉ aktiewe deel in die erediens moet hê, derhalwe die belangrike plek van die kerklied, en vierdens dat die erediens uiteindelik in die volkstaal moet verloop sodat alle gelowiges aan die diens kan deelneem ( Barnard 1981:263 ).

Sy voorstelle vir die liturgiese vorm van die erediens vind ons in sy *Formulae Missae* ( 1523 ) en *Deutsche Messe* ( 1525 ). Die orde lyk so ( Van der Schoot 1959 vgl. De Klerk 1982:54 ):

- Geestelike lied of Duitse psalm
- *Kyrie eleison* ( 3 maal )
- *Collecta* ( priester met die gesig na die altaar )
- Epistel ( priester met die gesig na die volk )
- Duitse koraal
- Evangelie
- Credo ( geloofsbelydenis )
- Prediking
- Parafrase van die Onse Vader
- Vermaning
- Instellingswoorde en Kommunie; tydens uitreiking van
- die brood: *Sanctus* ( "Die Heilig" lied in Duits ), na die seën van die beker: *Agnus Dei*
- Postkommunie ( danksegging )
- Seën ( Num. 6 ).

Die normale diens van die gemeente het dus sowel die prediking as die nagmaal ingesluit.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

1.2.3.2. Zwingli

Zwingli word dikwels vir sy liturgiese benadering teen die agtergrond van sy humanistiese voorstudie geplaas ( Maxwell 1965:81 ). Die gevolg hiervan was dat hy in sy teologiese uitkyk, meer rasioneel, minder misties en sterk analities sou wees. Dit kan dan ook verklaar waarom die liturgiese gebede so ʼn didaktiese vorm het, en waarom die nagmaalviering so rasioneel benader is. Zwingli se verregaande wegbreek van die Roomse Misdiens kan dan ook gesien word in die volgende kenmerke ( Van der Schoot 1959 vgl. De Klerk 1982:54 ):

1. Die klem op die Skriflesing en homilie ( preek ) is baie sterk.
2. Die nagmaal word as herinneringsfees slegs 4 keer ʼn jaar gevier ( ante-kommunale gebruik van die sakrament ).
3. Die tekens van die nagmaal word aan die gemeente, wat in die banke bly sit het, uitgedra deur die diakens.
4. Die erediens het ʼn baie sobere en eenvoudige karakter gedra, terwyl die musiek en sorg vervang is met spreekkore.

In sy latere uitsprake en werke aksentueer hy die geestelike teenwoordigheid van Christus by die nagmaal in ʼn toenemende mate. Met name sy *Fidei Ratio* ( 1530 ) en *Ex-positio Fidei* ( 1531 ) tree dit sterk op die voorgrond.

1.2.3.3. Calvyn

Straatsburg speel ʼn baie belangrike rol in die geskiedenis van die erediens in die algemeen en veral in die Gereformeerde kerke. Dit was hier dat Diebold Schwarz op 16 Feb. 1524 die gesuiwerde Duitse Mis in die Johannes die Doper-kapel van die katedraal van Straatsburg bedien het. In die Mis het hy, alhoewel die orde hoofsaaklik dieselfde gebly het, die Roomse offerleer afgewys en het hy die gemeente by die skuldbelydenis betrek.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Met die agtergrond in gedagte moet die naam van Martin Bucer genoem word, wat sedert 1525 'n belangrike invloed op die liturgie in Straatsburg en later op Calvyn uitgeoefen het. Hy het veral klem gelê op die vereenvoudiging van die diens, die betekenis van die preek, die uitbreiding van die gemeentesang, die afskaffing van allerlei seremonies, en die vervanging van die verskillende terme wat te veel aan die Roomse offergedagte herinner het ( Groenewald 1953 vgl. De Klerk 1982:55 ).

Dit is verstaanbaar dat Calvyn tydens sy verblyf in Straatsburg op 'n grondige wyse met die liturgiese orde van Bucer kennis gemaak het en dit as voorbeeld vir die Franssprekende gemeente daar gebruik het.

Met sy terugkeer na Genéve moes hy die liturgiese orde aanpas om met die van Farel ooreen te stem. Dit was 'n verarming want die nagmaal word nie meer elke Sondag gevier nie, die absolusie is weggelaat asook die gebruik dat die Tien Gebooie (Dekaloog) gesing word.

Calvyn het onder protes die wysiginge aangeneem ( Groenewald 1953 vgl. De Klerk 1982:55 ). Hy het steeds gehandhaaf dat die Skrif drie dinge verorden het vir die samekoms van die gemeente:

* die prediking van die Woord;
* die openbare en plegtige gebede; en
* die bediening van die Sakramente, veral die Nagmaal.

Die liturgiese orde van die diens, soos Calvyn dit wou hê, het so gelyk:

1. Die skuldbelydenis, Skrifwoord van vergewing en absolusie het 'n vaste plek in die erediens.

2. Calvyn laat die gemeente die Dekaloog en die Apostoliese Geloofsbelydenis sing. Aan die gemeentesang, ook as antwoord in die liturgiese gang van die diens, heg hy groot waarde.
3. Die voorgebed is 'n kort gebed om verligting deur die Gees met die oog op Skriflesing en prediking.
4. Skriflesing en prediking word as 'n eenheid gehandhaaf. Op die voorlees van die Woord volg onmiddellik die verklaring en toepassing.
5. Daarop volg die groot gebed met voorbidding vir allerlei sake en met insluiting van die Ons Vader.
6. Die Apostoliese Geloofsbelydenis volg telkens as antwoord van die gemeente op die preek.
7. Die voorganger verrig die diens van agter die nagmaalstafel, maar gaan op die kansel vir voorgebed, Skriflesing en prediking.
8. Die seën is steeds uit Num. 6.

Die liturgiese orde, wat Calvyn voorgestel het, is deur John Knox na Engeland oorgebring en deur Marten Mikron in medewerking met Johannes 'a Lasco na die Protestantse vlugteling-gemeente in Londen. Dit het ook wortel geskied in Nederland, Frankryk en elders waar Protestantse gemeentes saamgekom het.

### *1.2.4. Liturgiese modelle van die twintigste eeu*

Webber ( ongedateerd ) meen dat die konserwatiewe kerk in die twintigste eeu in vier paradigmas verstaan kan word. Dit is Fundamentalisme, Evangelikalisme, Kontemporêr en Postmodern.

Fundamentalisme ( 1910-1950 ) het begin met die Fundamentalistiese-Modernistiese kontroversie toe verskeie konserwatiewe kerke weggebreek het van hulle denominasies as gevolg van doktrinale veskille met liberale denke. Anti-intellektualisme, anti-ekumene en anti-sosiale verkeer was kenmerkend van

hierdie kerke. Voorts was daar ŉ goeie skoot wettisisme aanwesig wat die doktrinale waarhede en morele lewe beheers het. Die erediens het bestaan uit voorbereiding, die preek en ŉ uitnodiging om tot bekering te kom. Musiekleiers het die sang gelei wat daarop ingestel was om die hart voor te berei vir die boodskap van verlossing.

Evangelikalisme ( 1950-1970 ) het kort na die Tweede Wêreldoorlog ontluik. Dit was ŉ reaksie op die fundamentalisme van vroeër. Tog was dit die geboorte van ŉ nuwe soort fundamentalisme. Evangelikaliste is pro-intellektualiteit, pro-ekumene en pro-sosiale interaksie. Opleiding is hoogs intellektueel. Daar is gefokus op *evidence that demands a verdict*. Die histories-kritiese benadering is in Bybeluitleg aangewend. Kennis van die waarheid is baie belangrik. Daar was geen formele opleiding ten opsigte van aanbidding nie.

Die Kontemporêre paradigma ( 1970-1990 ) het ŉ nuwe benadering op die kerk, bediening en aanbidding gehad. Hulle is grootliks beïnvloed deur die Pinkster en Charismatiese bewegings. Doktrinale kwessies is nie baie belangrik nie. Hulle primêre doelwit is om die behoeftes van mense te bepaal en ŉ kerk te wees wat kultureelsensitief is. Tradisie is van geen belang nie. Aanbidding is ŉ musiekgedrewe tydjie waarin relevante liedere met die klanke van kontemporêre kultuur gesing word. Dit word gevolg deur ŉ preek wat fokus op persoonlike behoeftes. Hierdie behoeftegesentreerde benadering is ongelooflik suksesvol, veral onder mense tussen dertig en veertig jaar oud.

Postmoderniteit ( 1990 - ) se ontwaking kan nie regtig gedateer word nie. Dit het egter sterk na vore gekom sedert die negentigerjare wat die kerk aan betref. Dit kan ook "Postmoderne Konserwatiewe Christendom" genoem word. Dis ŉ nuwe konserwatiewe benadering. Vir baie beteken dit "na die Christelike

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

era." Meer spesifiek impliseer dit dat die Christelike wêreldsiening en die Christelike waardes nie meer so 'n sterk invloed het nie.

Hierdie vierde groep vra vrae soos: "Hoe lyk die kerk in 'n kultuur waar die Christelike bewussyn nie meer vanselfsprekend is nie?" of "Watter tipe vorming moet mens ondergaan om voor te berei vir die bediening in hierdie soort kultuur?"

### *1.3. Liturgiese vernuwing*

Dit bring my terug by die inleiding van hierdie hoofstuk waar ons gesê het dat die liturgie baie beslis nie gelyk gestel kan word met die liturgiese orde in 'n erediens nie. En as mens na die Bybelse agtergrond daarvan kyk, dan word dit duidelik waarom nie: omdat God die hele skepping vul, selfs buite die kerkgebou!

Die manier waarop die liturgie egter in eredienste hanteer is deur die lang ontwikkelingsgeskiedenis daarvan, en die wyse waarop dit daar uitsien vandag, kan 'n mens laat begryp waarom die liturgie maklik as 'n realiteitsvreemde verskynsel gesien word. Want die liturgie het 'n *terminus tegnicus* geword.

Volgens my is dit beslis die geval in die gereformeerde erediens. Die liturgie van die erediens in die NG Kerk het lewensvreemd geword. Gevul met teologiese en dogmatiese waarhede, maar met geen betrekking tot die werklike lewe nie en veral nie met betrekking tot die tydsgees waarin ons leef nie.

Die liturgie in die erediens is 'n fees op die aarde ( Openb. 4:9 ). Daarom mag die erediens nie wêreldvreemd wees nie. In die lig van ons gereformeerde tradisie en in die lig van die tydsgees waarin ons bestaan, mag ons ook

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

liturgiese vernuwing in ons eredienste inbring, solank ons onthou waaroor dit gegaan het en waaroor dit ook nou gaan.

Soos hierbo bespreek, het hierdie liturgie deur die eeue op grond van die geloofsinsigte van die kerk gegroei.  Daarom is liturgiese vemuwing altyd in die eerste plek ’n ontdekkingstog; daarna kan die kreatiewe aktiwiteit volg.

Dit beteken nie dat alles wat op die liturgiese akker in die verlede ontwikkel het, noodwendig goed is nie, want die tradisie lewer ook sy kwota onkruid op. Dit is dikwels die taak van die kerk van die hede om die vergroeisels op die liturgiese erf op te ruim sodat die hoekpenne weer sigbaar kan word.

Maar ’n kerk wat sy liturgiese erfgoed misken, word geestelik arm. Die kritiese vraag van Paulus in 1 Kor. 14:36 verplig ons steeds om ems te maak met die liturgie van die kerk van alle eeue en alle plekke: “Het die woord van God miskien van julle af uitgegaan? Of het dit julle alleen bereik?”

Dit beteken egter nog steeds nie dat ons in die Bybel kan soek na ’n duidelike liturgiese orde nie. Soos hierbo uiteengesit is daar wel baie liturgiese spore in sowel die Ou as die Nuwe Testament en die grondelemente of hoekpilare vir die erediens kan en moet uit die Skrif afgelei word. Die Nuwe-Testamentiese erediens is ongetwyfeld deur die Ou-Testamentiese kultus en veral deur die sinagogediens wat tydens die Ballingskap ontwikkel het, beïnvloed.

’n Studie van die sinagogale erediens toon groot ooreenkomste met die vroeë samekomste van die Christene. Daar is in die sinagoge byvoorbeeld baie klem gelê op die gebede wat hoofsaaklik die grootheid van God bely het. Verder was daar voorlesings uit die Wet en die profete wat opgevolg is met ’n

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

vertaling in die omgangstaal, Aramees.

Wat begin het as ŉ mondelinge vertaling in die omgangstaal, het later ontwikkel in die eenvoudigste preekvorm, die homilie. Tussen die tempeldiens en die Chris-telike erediens is daar ook verbindingslyne. Om maar net een te noem: in die tempeldiens het sang en musiek reeds ŉ belangrike plek ingeneem en hierdie beklemtoning is eenvoudig voortgesit.

Maar Christus is die einde van die wet — ook die einde van die wettiese rituele voorskrifte vir die erediens! Daarom, ten spyte van die reeds genoemde ooreen-
komste, verskil die gestalte van die erediens van die Nuwe-Testamentiese ekklesia
fundamenteel van die kultus in die Ou Verbond. Die nuwe erediens staan nie onder voorskrifte nie, maar in die vryheid van die Gees.

Liturgie is nou die gevolg van die vrymagtige werking van die Heilige Gees wat dit moontlik maak dat die gemeente in spontaneïteit byeenkom om die fees van die opstanding te vier. Daartoe word die gemeente wel opgeroep en aangespoor, maar geen wettiese voorskrifte word gegee nie.

Uit oproepe, opdragte en gebeurtenisse in die Nuwe Testament kan ons wel ŉ klompie buitelyne rekonstrueer: Die dissipels van Jesus het bymekaargekom volgens die sinagogale tradisie om die Woord te hoor en te reageer met gebed en lofsegging. Die dood van die Here is verkondig en hul verlossing is gevier in die sakrament. Daar was sonder twyfel ŉ groot mate van vryheid in die liturgie met die proklamasie en die respons as die substansiële elemente wat altyd aanwesig was.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die een uitstaande kenmerk van die Nuwe-Testamentiese en vroeg-Christelike erediens, is die eenvoud daarvan. Die prediking was ŉ eenvoudige homilie, die sakramente is sonder kleurryke seremonie bedien, die gebede was spontane, vrye
gebede.

Deur die loop van die eeue vind ons ŉ komplisering van die liturgie. Voorskrifte en aanskoulike rituele raak aan die orde van die dag. Dit was eers Calvyn en die ander hervormers wat teruggekeer het na ŉ sober liturgie. Die hervorming was ŉ belydenis en liturgiese opruimingsaksie. Die onbybelse ver-
groeisels is weggesny en daar is teruggekeer na die wesenlike.

Die kenmerk van die reformatoriese liturgie is eenvoud, met baie groot klem op die prediking van die Woord en die betrokkenheid van die gemeente. Hoewel Calvyn moeite gedoen het om liturgiese ordes daar te stel, het hy dit nooit as ŉ liturgiese wet hanteer nie.

Sodra ons aanvaar dat daar vir die erediens van die Nuwe Bedeling geen blou-druk of voorskrifte gegee is nie, en dat ons lewe in die vryheid van die Gees, moet
ons ook aanvaar dat dit nie moontlik of wenslik is om een bepaalde orde as die regte een uit te sonder of te kanoniseer nie. Ons uitgangspunt moet eerder wees
om die "kritiese grense" (Brunner vgl. Müller 1990:54 ) af te steek.

Anders gestel, die hoekpenne waarbinne elke erediens moet beweeg ten einde binne die suiwer evangelie te bly, moet helder en duidelik afgesteek word. Binne hierdie kritiese grense moet elke gemeente die vryheid hê om sy eie

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

liturgie te laat groei. As liturgie die geloofsuitdrukking van 'n bepaalde gemeente is, sal daar balans gevind moet word tussen eenheid (met ander gemeentes) en uniekheid. Indien dit nie gebeur nie, loop die liturgie al meer die gevaar om wêreldvreemd te word.

Soos in hoofstuk 1 verduidelik, leef ons in 'n tydsgees waarin die estetiese en die kreatiewe al hoe belangriker geword het. Kommunikasie het ontwikkel tot iets wat ook deur visualisering gedoen word. Maar meer as dit, het ons gesê, visualisering moet met klank en ritme gekommunikeer word.

Barnard ( 2003 ) meen dat liturgie verduidelik kan word in terme van sien en verbeelding. Daarom is die liturgie ook 'n kommunikatiewe handeling binne 'n bepaalde tydsgees. Dit beteken dan in die lig van bogenoemde dat ons die vryheid het om ook liturgies te vernuwe.

De Gruchy ( 2003 ) noem in hierdie verband ses voorstelle vir liturgiese vernuwing binne die gereformeerde erediens. Ek deel sy oortuigings en daarom gee ek dit hier weer as die vereistes wat ek wil stel vir liturgiese vernuwing in die gereformeerde erediens.

Eerstens is dit belangrik dat liturgiese vernuwing in die gereformeerde erediens nie kan gebeur deur liturgiese elemente onkrities te leen vanuit ander tradisies nie. Die gereformeerde tradisie het 'n integriteit wat die moeite werd is om te behou, ter wille van ons self en ter wille van die ekumeniese kerk as 'n geheel. Volgens De Gruchy praat Nicholas Wolterstorff van ons meesterlike liturgie se inherente gekontroleerdheid. Dit kom na vore in die erkenning dat dit primêr God is wat handel in die liturgie deur die Woord en die Sakrament. Ons reageer in geloof, danksegging en deur uit te gaan in die wêreld. Ons verstaan van die erediens is een waarin God die inisiatief neem, ons oproep om

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

te aanbid, Homself bekend stel aan ons en ons sodoende oortuig om in geloof te antwoord. Dit is in elk geval hoe die teorie dit stel. Ons moet egter erken dat die gereformeerde tradisie in sommige gevalle ons liturgiese geboortereg verkoop het en dat daar vandag ŉ groot behoefte bestaan om ons vindingrykheid weer op te diep en ons eredienste te vernuwe. Daar is verseker elemente in ons liturgiese praktyk wat ons geen duit help om te verstaan watter nut dit vir die geloof en aanbidding het nie.

In die tweede plek is daar egter geen rede waarom ons in die gereformeerde tradisie nie ook vanuit ander liturgiese tradisies en praktyke kan leen nie. Natuurlik altyd binne die raamwerk van dit wat vir ons belangrik is. Om dit nie te doen is arrogant en dit sluit ons uit van die moontlikheid om te vernuwe. Dit laat ons liturgie ook armer. Die ekumeniese beweging het vir ons die geleentheid gegun om die ongelooflike diepte en rykdom van die Christelike tradisie in sy geheel te beleef. Om gereformeerd te wees beteken nie om onkrities vas te hou aan ons tradisies op maniere wat die werking van die Gees inhibeer nie. Om gereformeerd te wees beteken nie dat ons nie kan leer en ervaar hoedat ander tradisies deur die Gees geïnspireer word nie. Om gereformeerd te wees beteken om gedurig terug te keer na die Bybel en patristiese bronne. Dit beteken ŉ openheid vir die werking van die Gees. Dit is die aanhoudende skep van tradisie. Gereformeerde aanbidding is immers ŉ poging om Christen te wees!

Derdens is liturgiese vernuwing ŉ organiese proses. Dit nie die resultaat van die herontdekking van antieke tradisies of tradisies van die verlede nie. Dit is ook nie ŉ stel innoverende elemente wat van buite of van bo af op ons afgedwing word nie. Volgens De Gruchy sê die Franse gereformeerde teoloog, Benoit, dat liturgiese vernuwing nie bloot ŉ terugkeer is na die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

verlede, of na iets kunsmatig nie. Dit is eerder 'n groeiende organisme wat ontwikkel vanuit die grond waar dit begin het en deur dit te versorg oor die eeue. Die liturgie is 'n ononderbroke stroom, 'n lewende fontein van gebed deur die eeue, wat die gebed van die kerk en ons individuele gebede voed en onderhou. Hierdie organiese verstaan van liturgiese vernuwing is belangrik omdat dit ons bevry van 'n statiese begrip van wat dit beteken om iets uit die verlede te herwin op maniere wat van toepassing is op die hede.

Vierdens het die gereformeerde tradisie nog altyd die belangrikheid van ons kerk se historiese konteks erken. Dit kan gesien word vanuit die verskillende geloofsbelydenisse wat oor die eeue op verskillende plekke ontstaan het. Dieselfde behoort te geld vir die wyse waarop die gereformeerde liturgie aanhaak by die konteks. Met dit in gedagte moet ons erken dat liturgiese vernuwing binne die Suid Afrikaanse konteks nie losgemaak kan word van die multi-kulturele diversiteit van ons kerk en die behoeftes van die groter gemeenskap nie. Ons het 'n wonderlike geleentheid vir liturgiese vernuwing en daar is 'n uitdaging om te erken dat vernuwing nie geskei kan word van die stryd vir geregtigheid en versoening in die wêreld nie.

In die vyfde plek moet ons besef dat estetiese kreatiwiteit binne die kerk 'n essensiële element in liturgiese vernuwing is. Met artistieke kreatiwiteit word bedoel die vermoë om kunswerke en argitektuur te skep, om musiek te komponeer of om te dans en dramas op te voer. Met implikasie word ook bedoel dat daar binne die kerk 'n ontwaking moet plaasvind van estetiese intelligensie wat in staat is om vorm, tekstuur en kleur, klank en reuk te waardeer. Kortom, dit is tyd om die skoonheid te waardeer met al ons sintuie. Om dit te kan doen is 'n gawe van God, 'n uitdrukking van die skoonheid van God. Beide die ontwaking van 'n sin vir estetika en die uitoefening van

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

artistieke kreatiwiteit is nodig vir liturgiese vernuwing. Soos in die inleiding van hierdie verhandeling gesê, het baie gereformeerde gelowiges na ander kerke toe verdwyn omdat hulle ervaar dat skoonheid nie verreken word in gereformeerde eredienste nie.

In die sesde plek het dit tyd geword dat die nagmaalsfees weer sy regmatige plek kry deur middel van liturgiese vernuwing. Die Gereformeerde tradisie het tog daartoe gelei dat daar ietwat van ŉ skeiding is tussen die Woord en die Sakramente. Ons kom nie meer agter dat ŉ erediens sonder sakramente onvolledig is nie.

In die wêreld is daar talle pogings om liturgies te vernuwe. Vanuit die konserwatiewe kringe van die Kerk van Engeland en die Anglikaanse Kerk in Engeland het daar ŉ beweging ontstaan wat bekend is as *Alternative Worship.* In Amerika staan dit bekend as *Emerging Worship.* Hierdie beweging se byeenkomste word gekenmerk deur Multisensoriese Aanbidding ( *Worship* ) wat die karakter van tradisionele eredienste totaal verander het. Ek wil hierdie beweging in die volgende hoofstuk ondersoek om te bepaal of die beginsels daarvan behulpsaam kan wees vir liturgiese vernuwing in die NG Kerk.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*H o o f s t u k  4*

# MULTISENSORIESE AANBIDDING ( *WORSHIP* )

## 1. Inleidende opmerkings

Die inligting wat in hierdie hoofstuk oor Multisensoriese Aanbidding vervat is, kom grootliks voor op verskeie webtuistes van kerke waar hierdie benadering gevolg word. Daar bestaan nie werklik ŉ gestruktureerde model hiervoor nie. Uit die enkele literatuur wat beskikbaar is en op grond van die praktyk wat op die verskillende webtuistes beskryf word, het ek gepoog om die breë beginsels daarvan te verduidelik. Ek sal aan die einde van die hoofstuk ŉ evaluering doen na aanleiding van die inligting uit die beskrywing en in die lig van die gereformeerde tradisie. Die doel is uiteindelik om te bepaal of die multisensoriese benadering binne die gereformeerde identiteit kan funksioneer.

Multisensoriese aanbidding funksioneer onder die sambreelterme *Alternative Worship* of *Emerging Worship*. Dit is nie ŉ styl nie, maar ŉ benadering waarvan die stilistiese implikasies wyd van mekaar kan verskil. Alternatiewe aanbidding gebeur wanneer mense die erediens herontwerp vir hulleself in vorme wat hulle identiteit en die kultuur waarin hulle leef reflekteer. Dis ŉ poging om ruimtes te skep binne ŉ postmoderne era waar gelowiges met hulle ware persoonlikhede met God en met mekaar kan verkeer sonder "godsdienstige maskers" en opgelegde gedragsvorme. In praktyk behels dit ŉ totale herwaardering van wat ŉ erediens regtig moet wees – waarvoor dit bestaan, hoe dit gelei word, wat in die diens gebeur, watter taal gebruik word, waar mense sit en hoe die ruimte moet lyk ( Collins www.alternativeworship.org ).

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die term vind sy oorsprong min of meer in die vroeë negentigerjare met die opkoms van alternatiewe musiek en 'alt.'-forums op die internet. Dit ontstaan hoofsaaklik in gemeentes van die Kerk van Engeland en in sommige Anglikaanse gemeentes ( Roberts 1995 ). Die bedoeling was om 'n voorstel te maak vir 'n alternatiewe erediens wat buite die hoofstroom funksioneer.

Die term *Alternative Worship* kom egter al hoe meer onder skoot omdat dit die benadering as 'n styl wil etiketteer en die grense daarvan wil afbaken. Die beswaar word gestel ( Collins www.alternativeworship.org ): *"Much of the mainstream church has labelled what we do "alternative." But we have no interest in being viewed as mainstream by an organisation that is itself so marginal. We are concerned with presenting our faith in a way that our culture would see as mainstream. We believe that this is in continuity with the way of Christ."*

Op die oomblik is daar nog nie 'n ander naam vir die beweging nie. Pogings is aangewend vir terme soos *Emerging Worship* of "Postmoderne Kerk". *Emerging Worship* het nogal posgevat in Amerika soos blyk uit Kimball ( 2004 ) se boek met dieselfde titel. Daar bestaan egter nie eenstemmigheid oor die term nie. Alhoewel daar 'n beduidende groep mense is wat hou by die term *Alternative Worship*, ten spyte van die kritiek, gebruik ek die term "Multisensoriese Aanbidding". Ek gebruik dit omdat dit geen onsekerheid laat oor die saak waaroor dit gaan nie. Soos reeds genoem is alternatiewe aanbidding nie 'n styl nie, maar 'n benadering waarvan die uitdrukking daarvan verskil van byeenkoms tot byeenkoms. Die een kenmerk wat egter by alle

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

byeenkomste van die *Alternative Worship*-beweging aanwesig is, is die multisensoriese aard daarvan.[3]

## 2. Wat is Multisensoriese Aanbidding?

Multisensoriese aanbidding behels sien, hoor, proe, voel, ruik en ervaring. Dit beteken dat die aanbidding van God kan geskied deur sang, stilte, prediking en kuns. Dit plaas die aanbidder binne 'n groter spektrum van geloofsuitdrukking ( Kimball 2004:81 ). In die definiëring van multisensoriese aanbidding word dan na multisensoriese elemente en handelinge verwys as 'n antwoord op die werk van God. Hierdie simbole word vervat in beskikbare materiaal vir die sintuie in 'n poging om die aanbidder in totaliteit te betrek in aanbidding en lering ( Glass 2003: www.courses.indwes.edu ).

## 3. Op die spore van Multisensoriese aanbidding

Volgens die bronne wat multisensoriese aanbidding wil bevorder, is daar in die tradisie van die kerk besliste spore van multisensoriese elemente wat in die era van modernisme en rasionaliteit verlore geraak het en nou weer opgediep moet word ( Glass 2003: www.courses.indwes.edu ).

### *3.1. Bybelse spore*

Dit word gestel dat dwarsdeur die Ou Testament voorbeelde van multisensoriese elemente van aanbidding gevind kan word, waarvan die primêre doel was om uitdrukking te gee aan gehoorsaamheid en dankbaarheid oor dit wat God vir sy kinders doen. Dit kan klaarblyklik gesien word in die tabernakel, die offerstelsel, die voorwerpe in die tempel en in praktyke waarin

---

[3] Vgl. www.vintagefaith.com; www.multisensoryworship.com; www.alternativeworship.com; www.emergingchurch.com; www.sacramentis.com; www.ginkworld.com; www.next-wave.org.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

reuk, sig, klank, gevoel en smaak 'n primêre rol gespeel het. Ander praktyke soos die besnydenis en salwing verskaf ook blykbaar insig in handelinge wat mense fisies geaffekteer het en waardeur aanbidding beoefen is ( Glass 2003 www.courses.indwes.edu ).

Die voorwerpe in die tabernakel was byvoorbeeld aanskoulike items van die beste materiaal. Die altare, oortrek met goud, was gebou om groot offers aan die Here te bring. Die reuk van hierdie offers sou die hele area gevul het. Verder was daar ook die kleiner altaar waar wierook gebrand is. Al die gereedskap en instrumente was van goud.

Die offerstelsel was 'n aanslag op die sintuie wat in die alledaagse praktyk bestaan het. Die bloed, vuur, rook en reuke was prominent.

Verder was die bonatuurlike ervarings van mense altyd groots en visueel. Die rook- en vuurkolomme wat die Israeliete gelei het, die plae in Egipte, manna en die veldslae wat gewen was, was alles 'n heenwysing na die werk van God in die lewe van sy kinders.

Die salwing van konings en profete stort die teenwoordigheid van God op daardie persoon. Dit is in oorvloed gedoen sodat dit van die persoon afgedrup het. Die reuk daarvan sou ook kenmerkend gewees het.

Die Nuwe Testament skets 'n prentjie van uiterste sensoriese openbaring – Jesus Christus – tasbaar en sigbaar – 'n letterlike aanraking van die vleesgeworde God. Jesus self het gereeld voorwerpe en simbole gebruik om sy boodskappe tuis te bring. Sy wonderwerke spreek duideliker as baie woorde van sy Goddelikheid. Verder het hy praktyke ingestel wat die Waarheid fisies kon oordra. Die nagmaal en die doop is 'n multisensoriese

verkondiging van die genade. Dit bring die Engelse teks van Psalm 34:9 na vore: "*Taste and see that the Lord is good*".

In die Nuwe Tesamentiese kerk is daar ook multisensoriese praktyke aan die orde. Salwing en die oplegging van die hande is voorbeelde hiervan. Die taktiele waarde hiervan word nog duideliker wanner ons dit beskou in die lig van onlangse navorsing op die waarde van aanraking. Hiervolgens is bepaal dat aanraking tien maal sterker is as emosionele kontak ( Gaddy & Nixon 1998:23 ).

### *3.2. Spore in die kerkgeskiedenis*

Deur die geskiedenis van die kerk het die swaai van die pendulum kontrasterende tydperke gebring waarin multisensoriese handelinge nie altyd dieselfde verstaan is nie. Verskillende tradisies het verskillend hierna gekyk. Die indrukwekkende katedrale van vroeër tye vertel egter van 'n tyd toe stories vertel is aan die wat nie kon lees nie deur middel van beskilderde vensters, standbeelde en kuns in die katedrale. Die koms van die Verligting het rasionalisme gebring en baie van die multisensoriese elemente in die kerk het verdwyn. Sedert die Reformasie het die kognitiewe die affektiewe oorheers. Dit het 'n verarming in die Christelike aanbidding teweeg gebring wat weer heringestel moet word ( Glass 2003: www.courses.indwes.edu ).

### *3.3. Universele Geloofspraktyke*

Multisensoriese elemente van aanbidding word nie net in die Christelike tradisie gevind nie. Dit word ook in ander godsdienste aangetref. Voorbeelde hiervan is offerstelsels, die gebruik van wierook en kerse en tasbare objekte vir gebed. Boeddhisme, 'n godsdiens wat vinnig al hoe groter aanhang kry, is deurdrenk met dit wat gesien, gevoel en geruik kan word.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die *New Age*-beweging leen ook goed soos wierook en praktyke soos joga en kristalle om die mens se gees met die realiteit te laat bind. Moslems gebruik 'n gebedsmatjie en onderhou die vas om sodoende hulle geestelike lewe te verryk.

Dwarsdeur die wêreld van godsdiens word multisensoriese elemente erken as hulpmiddels om die geestelike ervaring te verdiep.

### *3.4. Die Postmoderne era*

In die postmoderne era leun voorstanders van multisensoriese aanbidding baie op die feit dat die postmoderne mens leer deur ervaring en deelname. Dis 'n beeldgedrewe era ( soos in hoofstuk 1 bespreek ) waarin mense 'n behoefte het aan betekenisvolle verbintenisse. In die postmoderne kultuur sal mense enigiets doen om nie die verbintenis te verloor met die ervaring van die lewe nie ( Sweet 2000:31 ). Gaddy en Nixon ( 1998:21 ) meen dat die oproep om te aanbid 'n holistiese sowel as 'n heilige oproep is. Elke sintuig van die mens is 'n potensiële medium vir aanbidding.

Vir die kerk is dit belangrik om in hierdie era die evangelie 'n werklikheid te laat word. Daarom moet die kerk meer middeleeus word as modern, meer apostolies as patristies ( Sweet 2000:28 ). Daarom moet daar teruggekeer word na objekte, rituele en praktyke wat vir eeue deur die kerk in die Protestantse tradisie verwaarloos is.

## 4. Hoe leer mens deur middel van multisensoriese aanbidding?

Die oordrag van kommunikasie word baie gebruik om multisensoriese liturgie te regverdig.

### *4.1. Hoe absorbeer mense inligting?*

Buite die kerk en in die kerk leer mense op verskillende maniere. Nie net is die inhoud wat geleer word belangrik nie, maar ook die metodes van kommunikasieoordrag is strategies belangrik. ŉ Teorie van veelvoudige intelligensie word voorgestel ( Gardner vgl. Glass 2003 www.courses.idnwes.edu).

Klaarblyklik erken hierdie werk nie net die belangrikheid van sintuie in die leerproses nie, maar ook verskillende subkapasiteite waarin mense beter in staat is om te leer. Dit sluit in visueel/ruimtelik, logies/matematies, verbaal/linguisties, musikaal/ritmies, liggaamlik/kinesteties, interpersoonlik/sosiaal, intrapersoon- lik/introspektief en naturalisties.

### *4.2. Multisensoriese Aanbidding en die manier waarop ons leer*

As ons aanvaar dat mense leer en aanbid deur middel van hulle sintuie, dan ontstaan die vraag na die rol van sintuie in aanbidding. As objekte en hulpmiddels in aanbidding wat gemik is op die sintuie ŉ menslike uitdrukking is, dan reflekteer dit slegs die mensdom se strewe na God. As God egter sekere vorme van aanbidding geïnisieer het, dan dien dit ŉ hoër doel. Dan is sensoriese aanbidding ŉ skakel tussen die ewige, onsigbare God en die materieëlgebonde tasbare mens.

Deur die reuk van kerse, die smaak van nagmaalbrood, die klanke van instrumente, die sigbaarheid van die kruis, die aanraking van medegelowiges en ander dinge is ons sintuie ŉ venster waardeur ons die geheime van die Heilige God leer. Sweet ( 2000:124 ) sê *" In fact, the story of the Gospel is told most effectively with bread and wine – images and elements of the earth, images and elements you can taste, touch, see, smell, and hear. Postmoderns need to be able to taste, touch, hear, smell and see this story of Jesus."*

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

## 5. ’n Model vir Multisensoriese Aanbidding?

Daar is geen spesifieke model vir multisensoriese aanbidding nie. Die rede is omdat elke byeenkoms uniek is binne die konteks en die gemeenskap van ’n spesifieke gemeente. Elke byeenkoms se grootte verskil. Elke byeenkoms vind plaas in ’n eie ruimte. Daarom verskil elkeen van mekaar ( Kimball 2004:73 ). In my navorsing het ek egter opgelet dat daar tog algemene waardes is waaraan elke byeenkoms voldoen. Alhoewel daar nie ’n lys met formele waardes bestaan nie, word hierdie waarneming ook bevestig deur die verskillende voorstanders van die beweging op die webtuistes waarna ek alreeds verwys het. Ek verwys kortliks na hierdie waardes. Ek gaan ook verduidelik hoedat multisensoriese aanbidding prakties beslag kry deur te verwys na temas wat algemeen voorkom.

### *5.1. Algemene waardes*

1. **Deelname en interaksie** – Die beginsel word gestel dat multisensoriese aanbidding wegbeweeg van ’n toeskouersmentaliteit. Aanbidders word deelnemend en interaktief in die byeenkoms betrek sodat dit nie ’n opvoering of ’n program moet wees nie. Die doel is om God te aanbid en aan Hom die eer te bring.
2. **Organiese ontwerp** – Baie multisensoriese aanbiddingsgeleenthede poog om nie-linieer te wees. Die gedagte is dat presiese vooraf beplanning die werking van die Gees beperk. Daarom vloei die byeenkomste organies. Dit beteken dat daar geen rigiede vorm aan die byeenkoms is nie. Mense kan ook rondbeweeg dwarsdeur die byeenkoms.
3. **Gewyde ruimte** – ’n Gewyde ruimte word geskep deur middel van visuele elemente. Antieke kruise, kunswerke, gebedstasies, beligting, visuele beelde deur middel van tegnologie, loodglaswerke, simbole, kerse ens. word hiervoor ingespan.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

4. **Multisensoriese benadering** – Uiteraard word daar gepoog om soveel as moontlik sintuie te betrek deur middel van sang, stilte, prediking en kuns. Gesamentlike etes is ook deel van hierdie byeenkomste.
5. **Vryheid van beweging** – In teenstelling met tradisionele eredienste kan mense enige tyd in die byeenkoms rondbeweeg. Gebedstasies word opgerig waarheen mense kan beweeg tydens gebedstye.
6. **'n Ander fokale punt** – Die prediking vind nie plaas op 'n verhoog of 'n kansel nie. Daar word gepoog om soveel as moontlik tussen die mense te wees. Verskeie mense is betrokke in die Skriflesing, die lees van gedigte of besig om deel te neem op ander maniere sodat die fokus nie die heeltyd op een persoon is nie. In die preek word kunswerk, ander bykomstighede en simbole gebruik om die boodskap te kommunikeer.
7. **Eklekties** – Dit is waarskynlik die een algemene kenmerk van multisensoriese aanbidding. Liturgiese elemente uit die Protestantse tradisie en die Katolieke tradisie word oorgeneem. Selfs elemente vanuit die Oosterse tradisie word in hierdie byeenkomste aangewend. Antieke dissiplines en Joodse gebruike is ook aanwesig. Die kerklike seisoen is baie belangrik in hierdie byeenkomste.
8. **Gebed** – Gebed is 'n prioriteit in multisensoriese aanbidding. Baie tyd word geskep vir mense om stil te word en by verskeie gebedstasies te bid en ook saam met ander mense. Stilgebed speel ook 'n belangrike rol.
9. **Nagmaal** – Die nagmaal is 'n sentrale deel van multisensoriese aanbidding. By baie byeenkomste word dit weekliks gebruik. Sommige byeenkomste hou nagmaal soos die vroeë kerk met 'n hele maaltyd.
10. **Jesus die middelpunt van alles** – Die fokus op alles in multisensoriese aanbidding is die verheerliking van Jesus. Ook die boodskappe fokus op hoe om 'n volgeling van Jesus te wees.

11. **Eksperimenteel** – Omdat daar nie vaste elemente of grense vir multisensoriese byeenkomste is nie, word daar nie gehuiwer om met idees te eksperimenteer nie.

### *5.2. Die praktyk van Multisensoriese aanbidding*

1. **Kerse** word nie net as byderwets beskou nie, maar dit simboliseer die Lig van Jesus in ŉ donker wêreld. Gewoonlik word kerse ingespan om ŉ sober atmosfeer te skep en te dui op die erns van die aanbiddingsbyeenkoms. In meeste multisensoriese aanbiddingsbyeenkomste is die beligting effens donker. Dit skep ŉ atmosfeer wat van skoonheid getuig waarin die onrustige hart rustig kan raak en op die aanbidding van God kan fokus. Die kerse word oral in die vertrek geplaas sodat daar nie ŉ sentrale fokus is nie. Dit sluit ook aan by die antieke wortels en by die geskiedenis van die kerk. Kerse het nog altyd ŉ simboliese rol in die kerk vervul.
2. **ŉ Huislike atmosfeer** word geskep in die hoop om die gevoel van ŉ teater te vermy. Die doel is om gemeenskap te bevorder en ŉ sin vir die familie te vestig. Solomon's Porch, ŉ kerk in Minneapolis het hulle ontmoetingsplek vol rusbanke en stoele vir honderde mense gepak ( Kimball 2004:80 ). Die manier waarop hulle kommunikeer en die manier waarop die byeenkoms verloop, herinner baie aan ŉ kuierkamer. Meeste byeenkomste vir multisensoriese aanbidding gebruik glad nie meer stoele wat in ŉ ry staan en na een punt toe fokus nie. Selfs wanneer daar ŉ verhoog is, word die stoele nie in reguit rye daarom gepak nie. Alles moontlik word gedoen om weg te beweeg van ŉ tipiese erediensgevoel.
3. **Ruimte** is geweldig belangrik. Baie aandag word gegee aan die estetika van die vertrek. Die beginsel word aanvaar dat mens enige plek en enige tyd kan aanbid. Maar dit word ook aanvaar dat die meeste kerke nie orals bymekaar kom nie, maar in ŉ bepaalde ruimte en hierdie ruimte se estetika is

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

belangrik. Dit hoef nie buite verband geruk te word nie, maar dit is belangrik. Die Bybel bevat grafiese uitbeeldings van kleur en ruimte en handelinge in die erediens. In Openb. 4 word daar byvoorbeeld in pragtige taal emosie en atmosfeer geskep met die beskrywing van God se troon in die hemel. Dit moet alles natuurlik in balans en perspektief geplaas te word, maar dit is ŉ feit dat veranderende waardes ons sin vir estetika verander. Daarom is dit ook belangrik in aanbiddingsgeleenthede.

4. **Leiers** in die tipiese sin van die woord word met alle mag verhoed in multisensoriese byeenkomste. Die sang is byvoorbeeld nie ŉ samesang met iemand wat van voor af lei nie. Die beginsel is dat dit gemeenskaplik moet wees. Die teorie is dat almal gelyk in die byeenkoms is. Die aanbiddingsleier en die orkes word soms agter in die vertrek geplaas of selfs aan die kante, maar nooit voor nie. Soms sit hulle selfs tussen die mense. In sommige gevalle word die beligting so gemanipuleer dat mens glad nie die orkes kan sien nie. Die fokus is op Jesus en die aanbidding van Hom.

5. **Eklektiese musiekstyle** is baie algemeen. Musikale aanbiddingstyle is gewoonlik ŉ refleksie van ŉ spesifieke gemeenskap. Multisensoriese aanbidding beweeg verby populêre Christelike musiek na ŉ vorm waarin die antieke vermeng word met populêre ritmes, globale musiek en ander vorme van eklektiese en omringende musiek. Kore, nie die gewone kerkkore nie, speel net so ŉ belangrike rol. Hierdie kore sing veral antieke koraalmusiek en ook ander klassieke koormusiek. Die koor staan ook nie voor nie. Mens kan slegs hulle stemme hoor.

6. **Kuns en visuele beelde** is baie prominent. Baie beelde word byvoorbeeld op die skerm geflits tydens sang aan die begin van die byeenkoms. Dit kan stil beelde wees of videosnitte van simbole en ander flitsende beelde. Kunswerke wat deur individue in die gemeenskap gemaak is, of klassieke kunswerke, word ook baie gebruik in die byeenkomste. Ook fotografie word aangewend.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)


7. **Skeppende aanbidding** kom ook in sommige byeenkomste voor. Mense word die geleentheid gegee om deur middel van eie skeppings uitdrukking te gee aan hulle geloof. Tafels en gebedstasies word bedek met byvoorbeeld papier om op te teken. Daar word ook soms ander materiaal voorsien om iets te skep met die doel om te aanbid.

8. **Preke** word aangebied deur konkrete simbole en ander artikels vir illustrasie te gebruik. Preke is gewoonlik kort lerende geleenthede. Dit word ook interaktief aangebied. Baie keer is daar glad nie preke nie en word daar slegs uit die Bybel voorgelees of mense kan geleentheid kry om oor 'n spesifieke teks te mediteer. Dialoog speel ook 'n belangrike rol in sommige byeenkomste. Soms word preke onderbreek om ander handelinge in die diens te verrig. Humor word ook baie aangewend in preke. Daar word ook aanspraak gemaak dat die styl van prediking die model volg wat oorspronklik gevolg is in die sinagoges en die tempel.

### *5.3. Opsomming*

Opsommend kan ons dus sê dat multisensoriese aanbidding 'n byeenkoms is wat gekenmerk word deur 'n lewendige liturgie wat kreatief en eksperimenteel is. Daar is geen standaardvorm nie en daar word wegbeweeg van 'n korporatiewe karakter. Die aard is deelnemend en interaktief met die fokus op ervaring ter wille van die aanbidding van Jesus. Die atmosfeer in die byeenkoms word geskep deur middel van visuele en akoestiese tegnologie, beligting, baie kerse, stiltes, dramas, musiek, sang, prediking, stories, orkeste, blomme en enigiets wat 'n appèl maak op mense se sintuie. Gary Wynne ( www.adventist.org ) verskaf 'n nuttige diagram om die elemente in multisensoriese aanbidding weer te gee:

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)




## 6. Kritiese evaluering

Wanneer ons weer na die tabel van Quicke ( 2003:81 ) kyk, dan besef 'n mens dat die beweging waarin Multisensoriese Aanbidding gestalte gekry het, letterlik en figuurlik in pas is met die tydsgees van *Secondary Orality.*

| ***Aural-Orality*** | ***Skryf- en Drukkuns*** | ***Secondary Orality*** |
|---|---|---|
| Before writing but also affecting a majority of the population before print | Alphabetic letterpress<br>Invention of print ( 1450's ) | Since 1985<br>Electronic revolution |
| Aural/oral way of thinking | Literate way of thinking | New ways of thinking |
| Ear – thought relates to sound | Eye – thought relates to sight | Ear and eye – thought relates |

| | | |
|---|---|---|
| | and space | to space and time |
| Mono – right brain | Mono – left brain | Stereo – right and left brain, image, beat, visualization |
| Story – memorable, mnemonics, rhythms, repetitions | Ideas – conceptual, abstract, analytical, explanation, linear, one-way. | Story and ideas – symbolic, image, experiential, modulation, participation, intuitive, holistic, two-way. |
| Language – mobile, warm, personally interactive | Language – inhuman, passive, unresponsive | Language – new self consciously informal style |
| Community – group minded because no alternative | Individuality – private world of print | Community – self-conscious global village, spectacle |

Dit verg nie ŉ indringende bespreking om dit te besef nie. Ek wil my eerder toespits daarop om Multisensoriese aanbidding te evalueer in die lig van die liturgie binne ons gereformeerde identiteit.

Multisensoriese Aanbidding is ŉ opwindende verskynsel wat die betekenis van kerkwees en aanbidding beslis gaan verander. Dit is wat my betref ŉ welkome toevoeging tot die Christelike tradisie. My gereformeerde bloed en beslis die van baie ander gereformeerde lidmate, pols egter ŉ bietjie te vinnig by die gedagte aan sekere elemente van Multisensoriese aanbidding. In tipies Postmoderne taal wil ek dus hermeneuties suspisieus raak en krities na die verskynsel kyk. Die beste punt om te begin, is seker by die ons gereformeerde identiteit self. Hoe kan Multisensoriese aanbidding gemeet word teen die beginsel van *Skrif alleen, genade alleen, geloof alleen*?

Volgens my kan daar in hierdie opsig nie veel kritiek wees nie. Die beweging se aanhangers maak self baie van die feit dat die Skrif hulle allesbepalende

norm is. Die vereiste dat God deur alles in die erediens verheerlik moet word, word ook duidelik gestel in die byeenkomste vir Multisensoriese Aanbidding. In alles is die fokus op die Here. Alhoewel nuwe elemente in hulle byeenkomste aanwesig is, is dit nie noodwendig daar vir die smaak van mense nie. Dit wil eerder lyk asof dit funksionele elemente is vir die tydsgees waarin ons leef en wat help om geloofsoordrag te bevorder.

Kritiek teen die beweging se benadering kan egter geopper word ten opsigte van die omgang met die Skrif. Dit blyk dat hulle dieselfde fout maak as wat sommige gereformeerdes maak deur biblisisties te wees. Hierdie opmerking word gemaak in die lig van die feit dat daar baie gemaak word van Bybelse modelle. Die Bybel is egter nie ŉ handboek vir die erediens nie, net so min as wat dit ŉ handboek is vir byvoorbeeld die wetenskap ( Cilliers 1998:70 ).

Wat die geloof betref kan ons ook nie regtig kritiek lewer nie. Multisensoriese byeenkomste bestaan omdat die mense van daardie beweging sê hulle glo in God. Dit vind plaas uit liefde en waardering vir God deur middel van kreatiwiteit vermeng met teologie in artistieke uitdrukking ( Kimball 2004:79 ). Alhoewel daar geen formele belydenisse bestaan nie soos in die gereformeerde tradisie nie, bely die beweging tog sy absolute geloof in die Lewende Here en dit word in die samekomste weerspieël. Collins ( www.alternativeworship.org ) stel dit so: "*We need to trust that God is watching over this process and will guide its outcome. Those involved are not losing their faith, but on the contrary are passionate about it – so passionate that they are no longer willing to tolerate aspects of church culture which impede its expression*."

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die Multisensoriese beweging erken ook die feit dat God die inisiatief neem deur in genade na ons toe te kom en dat ons met dankbaarheid daarop antwoord. Dit word duidelik gestel ten opsigte van hulle byeenkomste.

Wat die tradisie betref, word gehandhaaf dat die beweging wel erns maak daarmee. Daar word egter nie op die wese van tradisie gekonsentreer nie. Inteendeel, die beweging verkies om nie afgegrens te word binne 'n spesifieke tradisie nie. Wat lyk of dit "werk" in ander liturgiese tradisies, ( hoog- of laagkerklik word nie juis in ag geneem nie ), word eklekties in bestaande erediensordes ingevoeg. Wat in eklektiese liturgievernuwing nie verreken word nie, is dat daar 'n bepaalde verband tussen liturgie en dogma bestaan, soos dit verwoord word in die klassieke dictum *lex orandi, lex credendi* ( soos ons bid, só glo ons ). Veranderinge wat in die liturgie aangebring word, het onvermydelike implikasies vir ons geloofsbelydenis en ons siening oor God.[4]

Die gereformeerde beginsel van orde, geld nie in Multisensoriese aanbidding nie. Soos dit gestel word is byeenkomste organies van aard. Elke goeie gereformeerde sal kan sê dat dit nie kan nie. Sonder 'n goed verantwoorde liturgiese orde wat op suiwer teologiese grondslag rus, kan ons nie 'n sinvolle erediens hou nie ( Müller 1990:53 ).

Dat Christus nie 'n nuwe kultus kom vestig het nie, beteken nie dat die kerk geen liturgiese handelinge meer sal verrig nie. Van vroeg af het die gelowiges immers saamgekom en liturgies gehandel soos ek hier bo bespreek het. Om egter bloot liturgieë uit ander tradisies oor te neem omdat dit mooi is, soos wat

---

[4] Noordmans meen ons kan met veranderinge aan die orde, rituele, simbole, selfs gebare van die liturgie onwetend dinge begin "sê", wat hoegenaamd nie by ons (gereformeerde) geloofsbelydenis pas nie. Agter elke bepaalde liturgie skuil dus dogmatiese beslissings. Hy noem die liturgie "populêre dogmatiek" en meen dat ons nie maar na willekeur uit verskillende liturgiese tradisies kan leen onder die veronderstelling dat die kerk maar een erediens besit, te wete die oud-Christelike erediens nie. Dit sou "kultiese smokkelhandel" oor dogmatiese grense heen beteken.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

die Multisensoriese beweging dit doen, kan nie regverdig word nie. Veral nie as ons Noordmans se waarskuwing ernstig wil neem nie.

Die kerk in haar aardse gestalte kan nie sonder enige liturgies-kultiese handelinge nie, maar tog is sy daarvan vry, soos wat sy vry is van dieselfde dood wat sy tóg sal moet sterf en vry is van dieselfde wêreld waarbinne sy tóg onvermydelik moet lewe. Hierin is die Multisensoriese beweging reg. Die beweging probeer egter te veel om weg te kom van die gedagte van ŉ erediens. Selfs hulle aanbiddingsgeleenthede is "byeenkomste".

In Rom. 12:1 bedoel Paulus nie dat daar geen erediens sal wees nie. Wel moet daar geen skeiding tussen erediens en lewe wees nie. Die offerandes wat by Jode en heidene in die tempeldiens verwag word, kan by die Christene elke dag in die erediens van die lewe gevind word, die "lewende offer". Met dieselfde aanvoeling het Calvyn ook kultiese terme op die lewe toegepas deur ons lewe "hostie van God" te noem. Dat die alledaagse lewe in ooreenstemming met die enger kultus moet wees, is nie alleen ŉ Nuwe Testamentiese beklemtoning[5] nie. In die bekende Amos 5:23-24 is God aan die woord: "Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos ŉ standhoudende stroom." Dis die ware godsdiens, die ware erediens.

Waar die klem eensydig op die samekoms as primêre lokus van erediens val, dreig die gevaar om aan die Christelike erediens weer kultiese funksies toe te ken, wat gewis aan hom wesenlik vreemd is. Waar die klem daarenteen

[5] Vgl. ook Ef 4:1

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

uitsluitlik op die alledaagse lewe val, is 'n onderwaardering van die erediens as samekoms weer moontlik.

Die uiteenloping tussen liturgie as erediens en liturgie as lewe het klaarblyklik heelwat daarmee te make dat die woord "liturgie", "erediens" of "Gottesdienst" algaande in latere eeue ingeperk is om minder op die diens aan God in die alledaagse lewe te dui, maar hoofsaaklik op die samekoms van die gelowiges op die Sondag. Volgens Ebeling was dit nie die intensie van die reformasie nie en hy noem dit juis 'n verdienste van Luther dat die begrip "Gottesdienst" vir hom beteken het dat God in die lewe, dus ook in "huisbou en ploeg", gedien moet word. Luther sê dat mense by die aanhoor van die woord "Gottesdienst" aan die lewe moet dink en nie alleen aan die gelui van klokke en die klip en hout van kerke[6] nie.

Ons kan nie in die erediens vier dat God in Christus sy Koninkryk van vrede en geregtigheid in ons gebroke werklikheid laat aanbreek het en dan uitgaan en ja sê vir die *status quo* van haat en onderdrukking in die alledaagse lewe nie. Die liturgie moet ook ons oë oopmaak vir die werklike wêreld. Dit is iets wat nie in Multisensoriese Aanbidding gebeur nie. Alhoewel daarop aanspraak gemaak word dat dit gemeenskapgerig is, wil dit lyk asof dit net op die geloofsgemeenskap in die multisensoriese byeenkoms gerig is.

Van der Merwe ( ongedateerd ) verduidelik in hierdie verband hoedat Noordmans die teenstrydighede binne die liturgiese beweging van sy tyd duidelik maak deur hom aan te sluit by die terme wat Van der Leeuw gebruik het, te wete die mens as "ja-zegger" en as "neen-zegger."

---

[6] Luther, WA 6;212,14-18 (1520) en WA 7;595,34-596,16 (1521), aangehaal in Ebeling, *Die Notwendigkeit des christlichen Gottesdienstes* 535 ( vgl. Van der Merwe ongedateerd ).

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Onder die mens as "ja-zegger" verstaan Noordmans die element van deelname, beaming, soos die mens in die Oosterse liturgie en ook in die moderne liturgiese beweging aan die liturgie as geslote drama deelneem. Die element van nee-sê, daarenteen, is die kritiese element wat die Christelike moraliteit kenmerk. Noordmans se argument is dat 'n mens by die Oosterse kerk aan die liturgie as "ja-zegger" deelneem, maar 'n moraliteit behou wat tog deur 'n kritiese nee-sê bepaal word. Hierdie kritiek spruit egter nie uit die liturgie nie, maar eerder uit 'n algemene moraal, want "in de dans der liturgie komt geen 'neen' te pas; men zou er de grootste verwarring mee stichten". Die Oosterse kerk voel dit intuïtief aan en maak daarom die deure van die kerk na die lewe toe. Die profane en sakrale lewe word skerp onderskei en die sakrale liturgiese lewe is die eintlike lewe. Die profane is bloot afskaduwinge van die sakrale.

By die protestantse liturgie soos Noordmans dit voorstaan, word die band tussen liturgie en lewe vasgehou en die deure van die liturgie moet derhalwe na die lewe oopstaan. Om 'n kritiese sedeleer te kan hê, moet die liturgie ook die mens as "neen-zegger" in ag neem. Vandaar die gebroke, sobere vorm van die gereformeerde erediens wat nie altyd by die Multisensoriese beweging tot uiting kom nie. Alhoewel daar soms sobere en gewyde oomblikke is, is die byeenkomste meestal daarop gerig om dit wat esteties en mooi is en sag op die mens se oog val te beklemtoon.

By Van der Leeuw en sy liturgiese beweging sien Noordmans die teenstrydigheid dat hulle die brood aan albei kante gebotter wil hê. Hulle wil die band tussen liturgie en lewe vashou en die reg voorbehou om steeds krities op die lewe te wees. Maar terselfdertyd wil hy die mens as "ja-zegger" in die liturgie laat deelneem. Dan moet die kritiese wyk voor die lewende vorme van

geslote oorgange en hemelse kommunikasie in die liturgie. Om konsekwent te wees, moet die band tussen liturgie en lewe deurgesny word en die deure van die kerk toegemaak word, soos die Oosterse kerk dit besef en beoefen. Die liturgiese beweging bly egter in gebreke om die deure toe te maak. Bly die deure in so ŉ geval geopen, is die liturgie se drang tot ekspansionisme volgens Noordmans onvermydelik en sal ŉ kritiese etiek nie deurgaans moontlik bly nie. Oop kerkdeure na die lewe toe is alleen verstandig as mens ŉ sober, dit wil sê ŉ fragmentariese, nie-selfverheerlikende liturgie het. Iets van die askese van die "neen-zeggen" in die lewe, sal in die erediens ook aangetref moet word. En dit is nie by alternatiewe aanbidding aanwesig nie.

Juis omdat daar dikwels onnadenkend met liturgiese vernuwing omgegaan word, kan daar maklik ŉ beskouing op die wese van die erediens ontwikkel wat die deure tussen liturgie en lewe sluit, en daartoe lei dat ons nie net "ja-zeggers" in die erediens word nie, maar ook onkritiese "ja-zeggers" en meelopers in die lewe. Dit kan veral gebeur wanneer die erediens beskou word as ŉ ontvlugtingsoord. Die emosionele druk wat die gebrokenheid van die lewe op mense plaas, kan daartoe lei dat die erediens onwetend beskou word as die "blaaskansie", wanneer van alle probleme en nood vergeet kan word, ŉ soort ontspanning te midde van die inspanning van elke dag. Dit kan bepaald as kritiek teen die beweging van Multisensoriese Aanbidding geopper word. Die feit dat rusbanke in ŉ erediens gebruik word om ŉ huislike atmosfeer te skep, getuig juis dat die erediens nie oop is vir die lewe nie, maar afgegrens is tussen die gemak van die aanbidder se huis en die gemak van die plek van aanbidding. Die erediens word dan ŉ oase in die woestyn, ŉ eiland van sin te midde van die alledaagse oseaan van sinloosheid of soos Noag se ark in die storm van die sondvloed waar ons beskerm word teen ons onmenslike wêreld en ons verantwoordelikheid daarvoor kan ontkom.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Noordmans sien dit by Van der Leeuw vir wie die liturgie 'n weerspieëling van die hemelse liturgie is waardeur die gelowiges in die nuwe skepping verplaas word.

Volgens Van der Merwe ( ongedateerd ) moet die erediens daarenteen wees, soos Moltmann dit stel, nie *weltflüchtig* – wêreldontvlugtend wees nie, maar *zukunftsüchtig* – toekomsgerig en toekomssoekend.

Vir Saliers ( 1994:25 ) is liturgie daarom 'n eskatologiese kunsvorm: *"the art of receiving God's future for the world"*. Dat die liturgie 'n herinneringsfunksie verrig waardeur die Christelike gemeente in haar oorsprongsgebeure wortel en die dade van God in die verlede vier, staan vir Saliers vas, maar ook hierdie herinnering is *"remembering God in hope"*. Om te onthou wie God is en wie ons en die wêreld voor God is, staan vir hom nie los van die funksie van die liturgie as *"the school of remembering who God has promised to be"* nie ( Saliers 1994:34 ). Die herinnering in die hede aan God se handelinge in die verlede is juis moontlik op grond van die hoop dat beslissende dinge in die verhouding tussen God en die wêreld steeds komende is. Hoop is weer slegs moontlik op grond van die herinnering aan dit wat alreeds gebeur het en geïnterpreteer word as belofte. Saliers ( 1994:26 ) skryf ook: *"without the desire and yearning for history to be different, memory becomes nostalgia or self-serving."*

Ons neem hierdie tendens waar deur die self prysgawe van Christus in herinnering te roep: dat Hy sterf tot heil van sy skepping en tot lewe in God verheerlik word as waarborg dat die realisering van hierdie heil vir die skepping wag. Die erediens is daarom die "kragveld van die beloftes van God" waarbinne die gelowiges ingetrek en tot beweging gebring word. In die liturgie word ons toekoms onthul en aanskoulik. In die liturgie het die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

deelnemers ŉ gekonsentreerde toekomsverwagting dat die skepping eens in onverhulde heerlikheid sal staan. Al is die voleinding van dié droom nog nie daar nie, word die droom van die voleinding in die liturgie lewend gehou. Die droom skep ŉ dringendheid by die gelowiges om alles in die werklikheid wat nie met die droom korreleer nie, met agterdog te bejeën en aktief te ondermyn. Juis omdat die gemeente in die messiaanse fees van die erediens vryheid ervaar en van die moontlikhede van die nuwe lewe bewus word, word sy in die erediens ook bewus van die pynlike verskille tussen die toekomstige vryheid en die huidige lyding in die alledaagse lewe. Terwyl sy jubel oor goddelike bevryding, sug sy terselfdertyd oor die hardnekkigheid van onreg en lyding in die samelewing waarin sy lewe.

Die taak van die Christelike gemeente is om vir die wêreld die horison van die toekoms van die gekruisigde Christus te open en om in die lig van hierdie geopende toekoms, die teenstrydighede tussen eskatologiese geloof en empiriese ervaring aktief te beveg. Die gelowige is soos ŉ swemmer wat in die stroom van die geskiedenis sy kop kan lig om doel en toekoms te verkry. Die erediens kan hierdie koplig-moment wees, wat inderdaad ook asemskep behels, maar die eintlike doel bly om die rigting van die geskiedenistrajek en die eindbestemming daarvan weer in oog te kry ( Van der Merwe ongedateerd ).

Wie God is en waar sy skepping sigself bevind, is twee kante wat beide in die erediens weerspieël moet word. Erediens "slaag" daarom ook net wanneer God se etos ( karakter ) en menslike pathos ( ervaring van gebrokenheid ) mekaar daar ontmoet. Wanbalanse kan hier fataal wees: ŉ weerspieëling van menslike pathos sonder dat dit in die lig van God se etos geplaas word, is tragiese selfekspressie; ŉ weerspieëling van God se etos sonder menslike

pathos gee aan God se etos geen adres nie, dit vind niks om te transformeer nie. ( Saliers 1994:36 ). Hierdie ontmoeting van Goddelike etos en menslike pathos het nie direk te make met emosionele hoogte- of laagtepunte in die erediens nie. Dit is nie so gemaklik aantoonbaar nie ( Van der Merwe ongedateerd ).

Daar is 'n langtermyn karaktervormende funksie van liturgie waardeur ons gevorm word om met 'n ander gesigshoek na die wêreld te kyk as God se skepping wat nie deur Hom laat vaar word nie. Dat daar aandoenlike oomblikke in die liturgie is, dikwels tydens musikale elemente, is waar. Maar die transformerende, karaktervormende uitwerking van God se prysgawe van Homself aan ons in liefde het te doen met die wyse waarop die liturgie ons oor jare heen vorm om anders na die werklikheid te kyk.

Deur die aanhoor van genadige vryspraak soos dit na ons kom op velerlei wyses in die liturgie ( soos deur Woord en sakrament ) ontstaan die moontlikheid om deur God se liefde en genade só in beslag geneem te word dat menslike pathos omvorm tot 'n nuwe oriëntasie op die liefde van en die liefde vir God wat die hart van die evangelie is. Waar God se etos en menslike pathos só ontmoet, vind ons *"God sees in our life patterns what we cannot yet see"* ( Saliers 1994:38 ). Die gebroke werklikheid bly ons voor oë, maar ons sien dit in die lig van nuwe moontlikhede wat daarin ontgin kan word.

Daarom moet ons in die liturgie die lewe en die wêreld in al sy gebrokenheid nie vergeet nie, maar aktief voor God onthou. So kan 'n liturgiese samekoms transformerend inwerk op die alledaagse lewe. Dit kan 'n oop, dinamiese gebeure wees wat die wêreld in al sy gebrokenheid nie wil omseil nie, maar dit juis stel in die lig van God se heilsopenbaring, en veral in die lig van wat nog in die toekoms van God verwag kan word. Dit kan gelowiges uitstuur met 'n

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

nuwe visie op die Koninkryk van God, wat nie los van hierdie wêreld nie, maar juis in hierdie wêreld gestalte kry én hulle in hierdie proses inskakel. Dit staan dan teenoor ŉ liturgiese samekoms wat ŉ werklikheidsvreemde byeenkoms is soos in die geval van Alternatiewe Aanbidding, waar alleen maar dít wat God reeds in die verlede gedoen het, gevier word. Die oogmerk is dan dat gelowiges in ŉ mindere of meerdere mate God en sy Koninkryk in die liturgie as ŉ herinneringsgebeure "aanskou". Hulle verlaat die erediens gestig, maar die resultaat is ŉ blote bevestiging van dit wat hulle reeds geglo het en hoe hulle reeds geleef het. Die *status quo* word gedien. Só ŉ liturgie is afgeslote van die lewe en bevestig eintlik niks meer as sigself nie.

Watter toonaard sal reg laat geskied aan ŉ fees wat die toekoms van die geskiedenis van Christus aan ons openbaar midde-in die gebrokenheid van ons werklikheid? Pas lof en dank hoegenaamd in ŉ erediens waar die gebrokenheid van die werklikheid so skreiend blyk en in sy onwenslikheid benoem word? Om God te loof en te dank te midde van die skreiende teenstrydigheid van ŉ gebroke wêreld kán wel ŉ eskatologiese gerigtheid op die toekoms van die geskiedenis van Christus beteken. Dit is eskatologies in sover die lof- en danksegging ŉ heroriëntasie is tot ons essensiële verhouding met God. Daarom word God nie gedank vir lyding as sou Hy die outeur daarvan wees nie. Maar te midde van lyding word Hy vir sy liefdevolle teenwoordigheid en vir die gawe van lewe en volharding gedank ( Saliers 1994:99 ). Daardie dank is ŉ daad van hoop wat weerstand bied teen die destruktiewe potensiaal van die gebroke werklikheid. Elke liturgiese lof- en danksegging is in daardie sin ŉ daad van weerstand teen die lewensgevoel van "daar is geen toekoms nie" ( Saliers 1994:105 ).

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Daar is egter geen liturgiese modus wat gebrokenheid so duidelik benoem en terselfdertyd die gelowige so diep in die liefde van God inlaat, soos die mineur-toonaard van die klag nie. Vir baie lei die ervaring van God se oënskynlike afwesigheid in 'n wêreld van lyding en gebrokenheid eerder weg van die liturgie as daarnatoe. Dit is inderdaad 'n vraag of die liturgie so 'n wêreld enigsins in sigself kán akkommodeer, aangesien dit so uit pas is met die heerlikheid, vryheid en vreugde wat verkondig word.

Liturgie sonder die klag is egter "anoreksies" ( Saliers 1994:121), doodgewoon omdat dit nie die volle spektrum van menslike emosionele ervaring verdiskonteer nie. Dit bied ook gronde vir kritiek teen die groter multisensoriese beweging se benadering tot aanbidding. Lewendige en opgewekte byeenkomste alleen, verarm en verhonger die liturgie.

Die klag ruïneer nie die liturgie nie, omdat die liturgie juis die kragveld van die beloftes van God voorstel, waar die beklaagde werklikheid voor God benoem word. Lof en vreugde ruïneer eweneens nie die liturgie nie. Die lof is nie daar omdat alles goed geword het of môre beter sal wees nie, maar omdat die klag gehoor word en nie vir ewig sal opklink nie. Die klag word immers gedra deur die Liefde wat sterker is as die dood ( Van der Merwe ongedateerd ).

Deur konstant só liturgie te vier ontstaan 'n nuwe lewenstyl. Hierdie styl van die vrygelatenes, die wedergeborenes wat die nuwe lewe leef, word gebore deur voortdurend in die kreatiewe spanning tussen liturgie en lewe te leef.

Die versoeking is altyd daar om, met die oog op die konkrete gestaltegewing van die liturgie, te vra wat die "doel" van die liturgie dan is, watter "nut" dit moet hê of watter "produk", byvoorbeeld getransformeerde, praktykgerigte

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

gelowiges, ons wil lewer. Dit is nogal kenmerkend van byeenkomste vir Multisensoriese Aanbidding. Dit sal ons immers help om te besluit watter gebede, liedere, rituele, ensovoorts aan die liturgie moet vorm gee. Met so ŉ "uitkomsgebaseerde" beskouing van die liturgie word die verband tussen liturgie en lewe egter nie gedien nie.

Schleiermacher het vir ons ŉ belangrike antwoord: die doel en nut van die erediens is niks. Dit beoog geen eindresultaat nie. Jüngel beskou die werking van die erediens op dieselfde wyse. Volgens hom hoort dit tot die opdrag van Westerse Christene wat tot *Handelnden* en *Habenden* geword het om weer *Seienden* te word, dit is om onsself nogmaals te ontdek as God se kinders: pasgebore kinders wat niks kan doen vir hulle eie *Dasein* nie. Ons moet weer leer dat al ons "doen" uit ŉ "nie-doen" na vore geroep word. Wees en laat-wees is die oorsprong van alle handeling. Daarin lê dan juis die logika van die Sondag as rusdag van die werksweek en as viering van die opstanding van Christus. ŉ Onderbreking van die gewone lewensloop is belangrik om nie in ŉ eindeloos herhalende *status quo* vas te val nie. Dit noop Jüngel om ŉ traktaat oor die liturgie te skryf met die betekenisvolle titel: "Van tyd tot tyd moet die tyd anders wees." Die andersheid van liturgiese tyd word ook raak beskryf deur die titel van ŉ ander liturgiese studie, nl. *A royal waste of time* ( vgl. Van der Merwe ongedateerd ).

Die erediens is dan daardie instelling wat ons daaglikse bearbeiding van die wêreld elementêr onderbreek en ons daartoe bring om ons te verwonder oor ons nuwe *Dasein* in Christus. Die dag van die Here en die erediens is hierdie instelling waarin ons onsself as ontvangers en God as die Gewer ontdek. In hierdie instelling word die werklikheid van die sondaar so grondig onderbreek dat die "nuwe" moontlik word. In die erediens ontdek ons onsself as ŉ

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

gemeente geregverdigde sondaars, wie se eerste handeling juis geen prestasie is nie, maar lof en dank.

Moltmann onderskei wel tussen fees en viering ( die Duitse *Fest* en *Feier* ) en motiveer dat die erediens albei kenmerke vertoon ( vgl. Van der Merwe ongedateerd ). ŉ Viering vier ŉ gebeurtenis wat ŉ beslissende identiteit stempel op ŉ relatief geslote groep plaas. Dit is meer gestruktureerd en meer doelmatig. Daarom word ŉ viering se "program" deur onbeplande invalle van spontaneïteit gesteur, soos die geval is by Multisensoriese aanbidding. ŉ Fees is anders. Dit dra ŉ spontane karakter en is oop vir toevallige onderbrekings. Onderbrekings is nie steuringe nie, maar verrassings. Aan ŉ fees kan vreemdelinge ook deelneem, hulle hoef nie tot die ingewyde groep van ŉ viering te behoort nie. Vir ŉ fees word net die raamwerk beplan, die invulling hang van die deelnemers af. Die erediens moet albei se karaktereienskappe vertoon, want die erediens as viering van dit wat God gedoen het, word gesteur deur ŉ onbeantwoorde kreet van smart uit die diepte. Maar die fees van die Gekruisigde en opgestane Christus kan so ŉ smartroep akkommodeer en verwerk.

In ŉ bepaalde sin sal die erediens dus altyd die onderbreking van die produktiwiteit van die alledaagse lewe wees, al is dit nie ŉ passiewe blaaskans nie. Feesgangers van ander feeste is ook nie passief nie, al is hulle nie met werk besig nie.

Hierdie siening van die nutteloosheid van die liturgie maak ruimte vir ŉ bepaalde etiese beskouing wat ons kan help om die verband tussen liturgie en lewe te lê. As ons steeds sou vra watter doel die erediens het in terme van die produk wat by die kerk se deure moet uitstap, sou dit korreleer met ŉ didaktiese siening van moraliteit en sou die vraag wees watter etiese reëls

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

gelowiges in die erediens moet leer. Teenoor so 'n etiek van plig word vandag onder die Christelike lewe 'n stel houdings, kernwaardes en deugde verstaan soos dit in die selfopofferende lewe van Christus vir ons voorgehou is.

Hierdie houdings en waardes konstitueer 'n lewensbeskouing, sonder om 'n pasklaar oplossing vir elke etiese dilemma te hê. Dankbaarheid voor God en afhanklikheid van God, vreugde in die genade van Christus, hoop, verootmoediging, 'n passie vir geregtigheid en 'n liefde vir God en medemens is van hierdie disposisies wat gelowiges wortel in die narratief van wie Jesus is en was. Ons behoort dus eerder te dink in terme van 'n etiek van karakter ( Saliers 1994:173-175 ).

Skrywers soos Hauerwas het daarop gewys dat die indiwiduele Christen se karakter gevorm word deur die persoon se vereenselwiging met die gemeenskap wat die taal, rituele en moraliteit verteenwoordig waaruit hierdie karakter groei ( vgl. Saliers 1994:175 ). In plaas daarvan dat die erediens gerig is op die nabootsing van Christus, gaan liturgie dus oor die deelname aan die misterie dat God Homself in ons nood gewerp het. Rondom hierdie misterie het 'n nuwe volk van God ontstaan – 'n gemeenskap wat haarself voortdurend afvra watter karakter en gedrag in ooreenstemming sal wees met haar identiteit as volk van só 'n God.

Liturgie is geen produksie nie, dit is karaktervorming met die oog op diensbaarheid sodat God sy wese as Selfgewende Liefde kan voortsit in die wêreld in nood. Daarom is die Multisensoriese Aanbiddingsbeweging se aanspraak dat hulle styl daartoe bydra dat mense makliker geleer word, oop vir kritiek. Want in die erediens gaan dit nie bloot om wat ons moet leer nie. Dit

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

gaan oor die ontdekking, soms blye, soms smartlike ontdekking van ons vrese, woede, liefde, vreugde en hoop binne die konteks waarin ons lewe. Saliers sê daarom dat dit wat Rom 12:12 sê: “Wees bly saam met die wat bly is en treur saam met die wat treur”, presies oor die verhouding tussen liturgie en lewe handel.

Liturgie is dus ŉ komplekse simboliese patroon van woorde, gebare, simbole, rituele wat houdings vorm vir die lewe voor God in die wêreld ( Saliers 1994:175). Dit bring ŉ nuwe oriëntasie op die lewe, behels ŉ bekering van die hart en berus op ons vermoë om ons sosiale verbeelding só te kan gebruik dat ons vir ons ŉ wêreld en ŉ toekoms kan inbeeld wat te rym is met die regering van God in sy Koninkryk soos dit in Jesus Christus verpersoonlik is ( Saliers 1994:182 ). Die vierende feesgangers ontdek só die geskiedenis en wêreld as die arena van God se betrokkenheid. Die gemeente ontdek hulleself as die eerste vrygelatenes van die skepping, ŉ eskatologiese gemeenskap wat as vertoonvenster of proeftuin mag gaan stry teen en werk aan alles wat nie versoenbaar is met die heerskappy van God in sy Komende Ryk nie.

Met dit alles gesê, beteken dit nie dat Multisensoriese Aanbidding nutteloos is nie. Elke aanbiddingsgeleentheid en liturgie is immers ŉ poging om Christengelowige te wees. Mens mag egter nie onkrities staan nie en mens mag nie alle vorme van aanbidding klakkeloos in die erediens invoer nie. Dit is meer skadelik as goed. Die praktyk van Multisensoriese Aanbidding het bepaalde elemente wat nie te versoen is in die gereformeerde erediens nie. Die beginsel is egter iets wat kan help om die gereformeerde erediens weer binne die konteks van ons tydsgees te plaas. Dit kan meewerk dat die gereformeerde erediens weer werklik fees is terwyl ons die liturgie van die lewe vier. Die beginsel kan weer ŉ ander dimensie aan die gereformeerde erediens en die

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

liturgie verskaf deur middel van eietydse hulpmiddele soos tegnologie, musiek, sang, kuns, stories, orkeste, blomme ens. Maar ook klassieke elemente uit ouer en ander tradisies kan daartoe meewerk om van die erediens ŉ feesvierende aanbiddingsgeleentheid te maak. Die gereformeerde erediens kan multisensories wees en nog steeds gereformeerd bly!

In die gereformeerde tradisie verkies ek egter ŉ geordende liturgie wat teologies verantwoordbaar is. Daarom gebruik ek die term Multisensoriese Liturgie. Dit bevat die beste van beide wêrelde: die gereformeerde wêreld en die wêreld van alternatiewe aanbidding. Ek bespreek dit in die volgende hoofstuk.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*H o o f s t u k  5*

# MULTISENSORIESE LITURGIE

## 1. Kom ons droom...

Kom ons droom drome oor die gereformeerde erediens vra Cilliers ( 1998:77 ). Hy gaan dan verder deur te sê dat dit eredienste kan wees waarin die gemeente duidelik verstaan wat God volgens die teks doen, maar ook waarin hulle in die styl van die Bybelteks mag reageer, en wel op ’n holistiese wyse, wat denke en dade en emosie, klag en lof en aanbidding, kortweg: die mens in sy en haar totali-teit insluit.

Met hierdie reaksie in die styl van die Bybelteks word daar nie bedoel dat daar ’n simplistiese gelykaanteken tussen die optrede van die mense in die Bybel en die van die gemeente moet wees nie – beide is immers ook kultureel bepaald, en elke gemeente sal in elke tyd en omstandigheid op ’n eietydse manier aan God gehoorsaam wees - maar dat die grondliggende, eksistensiële antwoorde op God se Woord en handelinge sal ooreenstem.

Gereformeerde eredienste sou ook getrouer aan die bedoeling van God se handeling kon wees, in die sin dat dit alles in werking stel om die aktualiteit van God se handeling binne die konteks van elke spesifieke gemeente te verklank, om eietyds te wees, uniek aan die spesifieke hoorders; worstelend in die taal en terme en met die problematiek van die spesifieke mense wat in die spesifieke erediens hulle opwagting gemaak het, en hier hulle uitroepe van vreugde oor en versugtinge om die waarheid kom uiter het. Immers, God wil *hierdie* mense verander, en daarom mag die erediens op geen wyse aan *hierdie* gemeente se spesifieke mense verbygaan nie. Gereformeerde eredienste kan ’n

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

ryk inhoud en diepte hê, maar ook ŉ sekere "styl", ŉ skoonheid, ŉ kunssinnigheid, wat ontleen is aan die "styl" van die Bybel, maar ook ŉ eietydse, in ons geval (post)moderne aanslag. Ja, sulke eredienste moet "op datum" wees, "by" wees - net soos die boodskap van die Skrif vir die eerste hoorders daarvan was! My "definisie" van ŉ gereformeerde liturgie sou daarom in die woorde van Cilliers ( 1998:77 ) kon lui: *eredienste met inhoud, skoonheid en eietydsheid - in diens van die Waarheid.* In my woorde: eredienste met ŉ multisensoriese liturgie.

**2. Liturgie en Multisensoriese kommunikasiemiddele**

Ons het gesê dat die begrip multisensories afgestem is daarop om al die sintuie van die mens aan te spreek. Maar hoe sou dit in die liturgie tot uiting kom?

***2.1. Liturgie en die visuele***

Dit moet teen hierdie tyd reeds duidelik wees dat ons daaglikse lewens deurentyd gebombardeer word met beelde. Deur middel van die televisie, internet, films, advertensieborde, pamflette en tydskrifte word inligting gedurig op ŉ visuele wyse aan ons gekommunikeer. Verskeie wetenskaplikes praat tereg van ŉ beeldekultuur of die era van visuele kommunikasie. En almal wat iets in hierdie wêreld wil kommunikeer, dra kennis van hierdie ontwikkeling en gebruik dit om hulle boodskap oor te bring. Visuele kommunikasiemiddele kan ook met groot vrug gebruik word in die liturgie omdat die sienhandeling in die erediens belangrik is ( Vos 1996b:230 ).

Die ondeurdagte gebruik van sommer enige visuele middele in die liturgie kan egter meer kwaad as goed doen. Daar is beter en slegter wyses waarop gebruik gemaak kan word van die visuele in die liturgie. Alhoewel ons in die gereformeerde tradisie daarteen waak dat geen afbeeldings gemaak en vereer

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

word nie, kan ons die opmerking van Martin Luther aanvaar dat dit nou nie nodig is om die Heilige Gees vere en al in te sluk nie! ( Wepener :2004:25 ).

Visuele kommunikasiemiddele kan in diens van die verkondiging staan. Sien het ŉ letterlike en verbeeldingsmoment. Daarom kan dit bydra tot die wederkerige kommunikasie of dialoog wat daar tussen God en die mens in die erediens moet wees. God het Homself tog ook op ŉ visuele wyse vir ons toeganklik gemaak in Christus Jesus. Jesus, die beeld ( eikoon in Grieks ) van God wat self nie gesien kan word nie ( Kol. 1:15 ).

Daar is verskeie visuele elemente wat in die gereformeerde liturgie aangewend kan word. Ek gaan kyk na die simboliek en kuns, en visuele tegnologie.

*2.1.1. Simboliek en kuns*

Liturgie, simboliek en kuns is eeue-oue vennote. Die mens dink nie sonder beelde nie. Pieterse ( 1997 ) skryf dat die kommunikatiewe krag van simbole daarin opgesluit lê dat dit na wêrelde verwys wat buite ons sigbare werklikheid bestaan. Uit ŉ kommunikatiewe oogpunt vul kuns en simboliek die verbale Woord-kommunikasie aan en spreek dit die mens as verhoudingswese en as totale wese aan ( Viljoen 2004:27 ). Hoe meer sintuie betrek word, hoe meer volledig die proses van kommunikasie. Met die oordrag van emosie en gesindheid word ŉ skrale 7% verbaal oorgedra en waar sosiale betekenis in kommunikasie oorgedra word, word 35% deur woorde oorgedra en 65% deur ander nie-verbale fasette. Nie-verbale kommunikasie kommunikeer eenvoudig magtiger as verbale kommunikasie ( Viljoen 2004:27 ).

Een van die heel grootste herlewingsbewegings ooit, die Morawiese beweging van Herrnhutt, het byvoorbeeld uit ŉ kunsgebeurtenis in 1719 vlam gevat en gedy. Graaf Nikolaus Ludwig von Zinzendorf het in die Düsseldorf

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Kunsgalery die skildery van Jesus met die doringkroon op sy kop ( met die onderskrif: “Dit alles het Ek vir jou gedoen. Wat doen jy vir my?” ) gesien en daaruit ŉ nuwe roeping en inspirasie ontvang. Die skildery was Domenico Fetti se *Ecce Homo.* Hy het daarna in 1722 aan die Morawiërs ŉ heenkome op sy landgoed gebied waarvandaan die evangelie met passie na die hele wêreld geneem is ( Viljoen 2004:27 ).

Uit ŉ liturgiese perspektief dra kuns en simboliek in die liturgie die wonderlike potensiaal saam dat dit lidmate laat deelneem. Die liturgie is bedoel om aan die gemeente te behoort ( 1 Kor. 14:26 ) in terme van inklusiewe deelname soos die voorbereiding, die uitvoering en die beplanning daarvan. Hierin is kuns en simboliek baie waardevolle voertuie vir die liturgie.

*2.1.2. Visuele tegnologie*

Visuele tegnologie beperk deelname in liturgie ( Kiesling 1983:52 ). Dit het ook die potensiaal om die menslike element uit die erediens te neem ( Fore 1986 ). Dit mag waar wees, maar omdat multisensoriese liturgie ook gerig is op die visuele, is dit my mening dat hierdie aspek ook in die liturgie aangewend kan word. Ook Vos ( 1996b:230 ) meen dat sienmiddels soos skryfborde, aanspeld- borde, truprojektors, rolprente, video’s en elektroniese skerms geskik is vir gebruik in die erediens.

Fore ( 1986 ) meen dat mense in ŉ groter mate besig is om te vlug van die kunsmatige wêreld van televisie. Daarom meen hy dat visuele tegnologie nie ŉ plek in die kerk het nie. Ons moet egter in ag neem dat daar sedert die skrywe van sy artikel byna twintig jaar verloop het. Visuele tegnologie het ŉ nuwe gesig gekry. DVD en tuisteater stelsels het byvoorbeeld beelde en klank op ŉ revolusionêre manier bymekaar gebring in die voorkamer.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Driedimensionele teaters het net so 'n groot impak gemaak. Die ritme hiervan het mense weer terug voor die skerms.

Alhoewel die kritiek geldig is dat visuele tegnologie in die erediens gemeenskaplike deelname beperk, is persoonlike ervarings volgens my, nie uit pas met 'n gemeenskaplike doelwit nie. Die mens funksioneer immers nie gedurig as 'n tropdier nie. Persoonlike ervarings, meegebring deur die visuele media dien ook die groter doel van die erediens. Ons kan nie ter wille van die groter groep, individuele ervarings in die erediens onderdruk nie. Dit sou kunsmatig wees. Ek sou wel meen dat die visuele tegnologie nie in elke erediens hoef te funksioneer nie. Dit kan sinvol aangewend word ter wille van die karakter en doelwitte van 'n spesifieke diens.

Die kerk word egter uitgedaag om dit so aan te wend dat gemeenskap met mekaar moontlik is, dat die waardes van hedendaagse elektroniese media gevul word met fundamentele menslike waardes en om erediesgangers nie met visuele tegnologie te manipuleer nie.

**2.2. Liturgie en musiek**

Dit is geen geheim dat 'n erediens nie sonder musiek kan wees nie. Trotter (1987) sê: "*Of all the ways of speaking in religion, music exists in time and not space. It exists at the intersections of profoundly empirical, physical, and intellectual ways of dealing with events. Its forms are expressive and not didactic. Its capacity for the creative occasion of celebration is modulated by the entire range of human emotion. Its most contemporary forms are coherent with its entire history. It is amenable to the private as well as the public expression of response to events. In its choral forms, it is capable of the disciplined authority of a community speaking together. In short, music is the context of the widest possible theological expression. This coincidence of time*

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*and space, nature and supernature, makes possible the metaphor of the creative event itself. Since religion assumes the meeting of the transcendent and the immanent, the event of music permits the ever new event, powerful in its newness yet linked in time and memory with faith. That is why Alex Robertson could say, "To sing the chorales of Bach is for the disbeliever to experience the suspension of disbelief".*"

Maar dit kan ook waar wees van ander musiekvorme. Selfs hedendaagse musiekvorme moet beslis plek kry in die erediens. Dit dra by daartoe dat die liturgie multisensories is.

*2.2.1. Sang*

Kan jy jou ŉ erediens sonder sang indink? Müller ( 1990:36 ) meen dat om te sing gedurende ŉ erediens eintlik dubbeld natuurlik is. Dit is menslik-natuurlik en dit is gelowig-natuurlik. Maar sang is ook ŉ sosio-kulturele uitdrukking ( Müller 1990:36 ). Daarom hoef daar geen rede te wees waarom alle volke en alle groeperinge die Here in dieselfde sangstyl hoef te dien nie. Die geskiedenis van kerksang en –musiek toon baie duidelik dat daar deur die tye groot verandering ingetree het.

Die tradisionele kerklied hoef dus nie die enigste lied in die erediens te wees nie. Alhoewel daar liedere is met pragtige melodieë en wat teologies goed verantwoord kan word, moet ons in ag neem dat die hedendaagse mens gevoed word met ander ritmes, melodieë en lirieke. Baie mense het geen oor meer vir die klassieke klank nie. En selfs al is ek ŉ voorstaander van klassieke klanke en musiek, dink ek moet ons dit aanvaar. Om dit nie te doen nie is liturgies stiksienig en getuig, wat my betref, van ŉ dorre gees.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Ook in hierdie geval moet ons nie die werking van die Gees aan bande lê nie. Ons behoort oop te wees vir huidige impulse van die Gees. ʼn Kontemporêre lied met ritme en lirieke in hedendaagse taal kan net so goed as die klassieke lied voldoen aan die gereformeerde identiteit. En dit dra by tot ʼn geestelike ervaring. Die ou siening dat die lied alleen aan die antwoordkant van die erediensgesprek kan staan, is nie aanvaarbaar nie. Sang dra beslis die boodskap van die evangelie meer effektief oor as die gesproke woord. Verder is dit my mening dat baie kontemporêre liedere nog meer in staat is as die klassieke kerklied om die boodskap van die evangelie oor te dra, bloot omdat dit in die styl geskryf is van die mens wat deesdae in die erediens aanbid. Sang, in watter styl ook al, vermurwe die hart, verdryf die traagheid en dit wek entoesiasme. Dit skep atmosfeer en gemeenskap.

*2.2.2. Instrumentale musiek*

Vandag hoef ons geen probleem daarmee te hê om enige musiekinstrument liturgies aan te wend nie. As die singende mens ʼn plek in die erediens kan hê, dan kan die musiekmakende mens en sommer die dansende mens ook ʼn plek hê. Die orrel ( let wel: met ʼn goeie orrelis ) was nog altyd ʼn staatmaker in die erediens. Die waarde daarvan vir die kerkmusiek is onskatbaar. Daar is selfs ʼn terugkeer in baie gevalle na die orrel as begeleidingsinstrument.

Goeie *bands* kan egter ook nie onderskat word vir die rol wat dit in die liturgie kan speel nie. *Bands* is beter in staat as die orrel om by kontemporêre ritmes, waarop die hedendaagse mens se oor ingestel is, uit te kom. Om hierdie rede is dit belangrik om ook kitare en dromme in die erediens aan te wend.

*2.2.3. Elektroniese musiek*

Dit is meestal beskikbaar in die vorm van laserskywe ( CD ). Vir dieselfde rede as hierbo hoef CD-musiek ook nie uit die erediens gehou te word nie.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Daar is pragtige musiek beskikbaar wat help om ŉ kontemplatiewe -en aanbiddings-atmosfeer te skep. Dit dra beslis by tot ŉ besondere geestelike ervaring. Dit fokus beslis ook die aandag op God wat die beweegrede is vir die aanbiddingsbyeenkoms. Kontemporêre sowel as klassieke musiek kan op hierdie manier deel gemaak word van die erediens. Dit is veral nuttig as ŉ gemeente nie oor ŉ musikant beskik nie.

### *2.3. Liturgie en taal*

Taal dra nie net betekenis oor nie, dit dra ook gevoelens oor. Die manier waarop taal aangewend word, skep ŉ bepaalde atmosfeer en dit is medebepalend vir die betekenisinhoude wat oorgedra word. Taal het ook ŉ besliste multisensoriese funksie.

Volgens Quicke se tabel is ons in ŉ era waar die gesproke woord weer belangrik is. Dit is egter belangrik om te weet dat dit informeel moet wees. Informele taal, sonder dat dit slordig hoef te wees, skep ŉ atmosfeer van gemoedelikheid en nabyheid.

Taal behels ook stiltes. Taal word immers nie optimaal aangewend wanneer ŉ stortvloed van woorde eenvoudig onophoudelik voortdreun nie. Effektiewe taalgebruik is ekonomiese taalgebruik.

Taal en woorde het deesdae ook ŉ sienelement. Dit kom na vore in die gebruik van metafore. Multisensories gesproke is metafore natuurlik dié element van taalgebruik wat benut moet word. Metafore is die primêre taal vir die toekomstige kerk.

In die Ou Testament kom talle poëtiese tekste voor. In die Nuwe Testament tref ons die metaforiese krag van gelykenisse aan. Dwarsdeur die Bybel speel

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

metafore ʼn belangrike rol. Die kenmerk van poëtiese en metaforiese taal is sy beeldende krag.

In die liturgie kom daar ook ʼn veelheid van poëtiese trekke voor. Liturgiese taal is nie net bedoel om die verstand te raak nie, maar ook die hart ( Vos 1996b:236 ). Daarom moet metaforiese taal nie net met ou metafore werk nie, maar veral nuwe metafore skep.

### *2.4. Liturgie en ruik, voel en proe*

Alhoewel hierdie drie sintuie nie altyd verreken word nie, kan dit bydraende kommunikatiewe elemente in die erediens wees. Om al drie hierdie elemente in elke erediens te inkorporeer sou volgens my kunsmatig wees. Ons het egter reeds gesê dat kommunikasie wat gerig is op die totale mens beter kommunikeer.

Die reukelement kan byvoorbeeld benut word in die nagmaal. Sommige kerke het die gebruik om brood te bak voor die nagmaalerediens om sodoende die betekenis van nagmaal te verdiep. Dit dra ook by tot die intensivering van die smaaksintuig wanneer die nagmaal gebruik word. Dit bring die boodskap van die nagmaal op ʼn meer effektiewe wyse tuis. Blomme en brandende kerse prikkel ook die reuksintuig om ʼn dieper betekenis aan die erediens te gee.

In die gereformeerde erediens was ons nog altyd sku om aan mekaar te raak. Aanraking is ʼn geweldige belangrike element van kommunikasie. Dit kan die gedagte van gemeenskaplikheid bevorder. Om byvoorbeeld op ʼn gegewe moment in die erediens hande te vat kan ʼn dieper betekenis gee aan die feit dat ons een liggaam in Christus is.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Salwing is nie ʼn tipiese verskynsel in die gereformeerde erediens nie. Dit is egter nie onbybels nie en sou bydra tot die element van aanraking in die erediens.

**3. Beginsels vir Multisensoriese Liturgie**

Multisensoriese gebruike in die erediens het beslis voordele vir die verkondiging van die evangelie. Uit dit wat tot dusver bespreek is, kan ons egter die afleiding maak dat die implementering van multisensoriese liturgie in die gereformeerde erediens, gekenmerk moet word deur ʼn bepaalde stel beginsels. Ek het ses beginsels geformuleer.

Die eerste beginsel is dat dit gedra moet word deur die gereformeerde identiteit. Die beginsel van Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen is ononderhandelbaar. Sonder hierdie beginsel sou ons nie meer kon praat van ʼn gereformeerde erediens nie. Die prysgawe van hierdie beginsel sou ons sonder ʼn eie karakter laat en ons buite die tradisie plaas.

Die tweede beginsel is tradisie. Geen erediens binne die gereformeerde etos behoort buite dié tradisie plaas te vind nie. Dit is verarmend om nie rekening te hou met dit wat God aan ons kerk in die verlede gegee het nie. Mens mag egter ook aanvaar dat die tradisie ʼn rivier is wat nie stilstaan nie. Ons staan in die stroom, maar ons leef ook in ander tye met ʼn eie uitdaging en ander vraagstukke. Tradisie is immers vloeiend en word voortdurend geskep.

Daarom is die derde beginsel aanpasbaarheid. Om gereformeerd te wees beteken nie om so onkrities vas te hou aan tradisies dat dit die werksaamhede van die Gees inhibeer nie. Ons moet kan leer uit elemente van ander tradisies en selfs vanuit kontemporêre impulse van die Gees. Om gereformeerd te wees beteken om voortdurend terug te keer na Bybelse en patristiese bronne en om

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

oop te wees vir dit wat die Gees nou besig om te doen. So word tradisie voortdurend geskep en relevant gehou.

Die vierde beginsel is orde. Die gereformeerde erediens word gekenmerk deur ŉ ordelike verloop van die erediens wat uiting vind in ŉ liturgiese orde. Om hiervan afstand te doen, gaan ons eredienste verarm. ŉ Mens sou net sowel ŉ nuwe kerkbeweging kon begin.

Die vyfde beginsel is die beginsel dat liturgie nie net met die erediens te make het nie. Liturgie is nie net iets wat mens in die erediens beoefen nie. Die liturgie het ten nouste te make met die gelowige se alledaagse lewe. *Lex orandi, lex agendi* soos ons vroeër reeds gesê het.

Die sesde beginsel is dat die liturgie esteties kreatief moet wees. Maitland ( 1995:142 ) meen dat die vernuwing in die kerk as ŉ tansformerende gemeenskap binne die samelewing, verband hou met die mate waarin die kerk kreatiewe kuns ernstig opneem. Haar rede word teologies so gestel: *"...because we create in this particular and conscious way only in the light of the creative power of our God.*"

Artistieke kreatiwiteit is dus nie net Godgegewe nie, maar dit is ook een van die beste maniere waarop die krag van God tot uiting kom. Dit skep in mense ŉ dors na geregtigheid en ŉ honger na skoonheid. Maitland gaan voort: "*Any movement for social change requires a revolution of the imagination...*"

**4. Hoekstene vir Multisensoriese Liturgie**

Binne hierdie raamwerk kan ons sê dat liturgie altyd ŉ gerigtheid, ŉ gestuurdheid moet hê. Ware liturgie is altyd liturgie vir en van mense - nie mense in die algemeen nie, maar bepaalde mense van ŉ sekere plek en tyd.

’n Goeie voorbeeld van ’n liturgie wat nie aan hierdie vereiste voldoen het nie en daarom tekens van die dood getoon het, was die Roomse liturgie van die 16de eeu wat in Europa voortgegaan het om die erediens in Latyn aan te bied.

Kerklike liturgiese voorskrifte mag dus nie verder gaan as die aanstip van die kritiese grense of die hoekstene nie.  Oor die res, die boustene, moet slegs wenke of riglyne gegee word.  Dit sal verseker dat elke gemeente op ’n unieke en kreatiewe wyse binne die gegewe hoekstene kan bou aan ’n eie liturgie.

As dié vryheid nie aan gemeentes gegun word nie, kry die liturgie ’n strak en dwangmatige karakter en beland dit in die sfeer van die wettiese.  So ontaard die liturgiese orde in ’n *codex liturgicus,* ’n liturgiese wet (Müller 1990:55).

Kerkvergaderinge val gedurig in die versoeking om die liturgie tot in die fynste besonderhede voor te skryf.  Vanuit alles wat tot dusver bespreek is, kon ons egter agtergekom dat liturgiese ( en daarom teologiese) kwaliteit nie gewaarborg word deur vaste formules en ’n geykte orde nie.

Daar is uiteindelik net een oplossing en dit is om slegs die hoekstene vas te stel en verder sover as moontlik alle lidmate ( en ten minste alle ampsdraers ) op te voed tot liturgiese geletterdheid.  So word die beginsels van *vryheid* en *orde* gelyktydig gehandhaaf.

Hierdie hoekstene, of basiese orde, moet uitdrukking gee aan die feit dat die kerk as geheel betrokke is in die liturgie.  Die gemeentes moet ook liturgies saamgebind word.  Dieselfde basiese orde moet herkenbaar wees in die dorp en in die stad, op die verskillende Sondae van die kerkjaar, in die hospitaalkapel en in die studentekerk.  Die grondtrekke van die erediens moet

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

| **Hoekstene** | **Boustene** |
|---|---|
| AANVANG EN GROET | Voorbereiding<br>Votum<br>Seëngroet<br>Lied |
| VEROOTMOEDIGING EN VRYSPRAAK | Skuldbelydenis<br>Vryspraak<br>Lofliedere<br>Wet |
| PREDIKING | |
| SAKRAMENTE | Doop<br>Nagmaal |
| ANTWOORD | Geloofsbelydenis<br>Gebed<br>Offergawes<br>Antwoordlied |
| WEGSENDING | Aankondiginge |

dieselfde wees, of dit nou gehou word in 'n armoedige hut of in 'n weelderige kerk ( Müller 1990:55 ).

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Andersyds moet daarmee rekening gehou word dat geen twee gemeentes identies is nie en dat daar dus ruimte behoort te wees vir besnoeiing of vir verdere ontplooiing van die basiese orde. Kitsoplossings soos oormatige reglementering, of die oorbeklemtoning van die charismatiese ten koste van orde, doen albei afbreuk aan die wese van die liturgie. Nee, ons sal ons pad moet vind tussen ondraaglike eenvormigheid as die een pool en 'n harwar van ordeloosheid as die ander.

Müller ( 1990:56 ) verskaf 'n bruikbare uiteensetting van hoe die liturgie ingedeel kan word in hoekstene en boustene. Dit bied 'n vaste ononderhandelbare orde asook verskuifbare handelinge, die boustene, waarmee elke gemeente sy eie identiteit in die liturgie tot uiting kan bring.

My kritiek teen Müller se model is dat in die heersende denkklimaat, selfs hierdie model te min beweegruimte laat vir die vorming van 'n eie liturgiese identiteit. Die voorstel in die Leesrooster se *Preekstudies met liturgiese voorstelle* ( 2003/2004:v ) volg na my mening 'n oper benadering wat tog getrou is aan die gereformeerde identiteit. In die voorstel is daar vaste handelinge wat in vier bewegings uiteengesit word en ook verskuifbare handelinge. Die Hoofmomente beskryf vier basiese bewegings. Die Vaste handelinge is handelinge in die vier bewegings wat ononderhandelbaar is. Die Verskuifbare handelinge is liturgiese handelinge wat nie onder 'n bepaalde Hoofmoment hoef te funksioneer nie. Dit behoort egter deel van elke liturgie te wees, maar kan verskuif word na aanleiding van die aard van die storielyn van elke liturgie. Daar is 'n duidelike orde in die liturgie en dit laat ruimte vir 'n eie identiteit. Dit laat ook ruimte vir eredienste met inhoud, skoonheid en eietydsheid – in diens van die Waarheid.

| **HOOFMOMENTE** | **VASTE HANDELINGE** | **VERSKUIFBARE HANDELINGE** |
| --- | --- | --- |
| GOD VERSAMEL ONS VOOR HOM | Voorbereiding[7]<br>Aanvangswoord/Votum<br>Seengroet<br>Antwoord op groet | HANDELINGE VAN GOD<br><br>Wet<br>Vryspraak<br><br>RESPONSIEWE HANDELINGE |
| DIENS VAN DIE WOORD | Gebed om die opening van die Woord/epiklese<br>Skriflesings met reaksies<br>Prediking | Verootmoediging:<br>Skuld of klag<br>Lofverheffinge<br>Voorbidding<br>Geloofsbelydenis<br>Vredesgroet<br>Bulletin<br>Dankoffers |
| DIENS VAN DIE TAFEL | Gereedmaak van tafel<br>Nagmaalsgebed (epiklese)<br>Berig(1 Kor. 11)<br>Instelling<br>Uitdeling<br>Kommunie | Hierdie handelinge kan onder<br>meer plaasvind deur middel van:<br>Sang |
| UITSENDING | Sang<br>Seën | Gebed (stil/hardop)<br>Litanieë<br>Voordrag |

Table 3 - Basiese struktuur vir liturgie in NG Kerk

### *4.1. God versamel ons voor Hom*

Barnard ( 1981:535 ), in sy omvattende *Die Erediens,* stel dit dat daar 'n bepaalde begin nodig is vir die erediens. Volgens hom is die votum die amptelike begin van die erediens. Ook De Klerk ( 1982:536 ) meen dat die

[7] My eie toevoeging. Ek verduidelik dit in die volgende gedeelte.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

votum die konstituering van die vergadering is. Ek wil egter in alle beskeidenheid van hulle verskil. Daar kan nie ŉ absolute beginpunt vir die erediens wees nie. Om die waarheid te sê, Müller ( 1990:57 ) meen dat dit sinneloos is om ŉ absolute beginpunt vir die erediens vas te stel. Ons het nie in die erediens met ŉ sakebyeenkoms of ŉ formele vergadering te doen nie. Ons het in die erediens te doen met ŉ Lewende God wat ons voor Hom bymekaar bring. Van die oomblik dat jy jou voete oor die drumpel van die kerkgebou plaas en die predikant of kerkraadslid jou hand skud en ŉ aankondigingsblaadjie in jou hande plaas, is jy in die atmosfeer van die erediens en beoefen jy jou godsdiens binne die konteks van die ontmoeting wat tussen God en sy gemeente plaasvind.

Om hierdie rede het ons gemeente ( NG Gemeente Randpark in Alberton ) weggedoen met konsistoriebyeenkomste. Ek en ŉ kerkraadslid staan by die deur en verwelkom die mense soos hulle inkom. Die ander kerkraadslede is deel van die gemeente en hulle help om mense tuis te laat voel, veral wanneer hulle nuwe lidmate is. Multisensories gesproke hou dit die voordeel in dat daar fisiese kontak, aanraking tussen mense is. Binne die afgelope twee jaar wat ek in die gemeente is, het die atmosfeer as ŉ direkte uitvloeisel hiervan dramaties verander van ŉ stywe "gereformeerde" atmosfeer na ŉ gemoedelike vriendelike atmosfeer. Daar is geen uitspattige geraas nie, mense het nog respek vir die erediens. Maar dit is opvallend dat mense mekaar se hande skud en mekaar vriendelik groet voordat hulle gaan sit. Elkeen voel welkom in die erediens en dit bring mee dat hulle mekaar wil laat welkom voel. Dit is in pas met Müller ( 1990:57 ) se standpunt dat die eerste oomblikke nadat die kerkgebou betree word die sukses of mislukking van ŉ erediens bepaal.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*4.1.1. Voorbereiding*

Ek het lankal die waarneming gemaak dat baie mense in die gereformeerde tradisie meen dat die erediens begin amptelik die oomblik as die predikant sy of haar hoof buig om die votum uit te spreek. Ons het egter hierbo vir mekaar gesê dat dit nie so kan wees nie. Die erediens het nie ŉ begin nie. Mens betree die erediens wat van altyd af duur en nog vir altyd sal duur.

Wat egter wel waar is, is dat ons ŉ amptelike weeklikse byeenkoms het wat seker wel die indruk kan skep dat daar ŉ formele beginpunt is. Ons moet versigtig wees om nie met ons Westerse kultuur as agtergrond die sogenaamde konstituering van die erediens tot iets onaantasbaar verhef nie. Ons is so klinies en saaklik ingestel dat die feestelike, die gebeurteniskarakter heeltemal verwaarloos word. En dit is juis dikwels die doodsteek van ons eredienste. Die aanduidings is dat in die vroeë kerk die eredienste doodgewoon met die lees van die Skrif begin het ( Müller 1990:58 ). Die stywe, formele begin wat so eie is aan ons eredienste, het hulle nie geken nie. Daarmee sê ek nie dat ons moet afsien van die votum en die seëngroet nie, maar net dat ons baie meer gevoelig behoort te wees vir die belangrikheid van die geleidelike aanvang van die erediens.

Met my aankoms by Randpark gemeente het mense in die kerk gestorm die oomblik voor ek met die votum begin. Ons het egter besluit om voorbereiding deel van ons erediens te maak. In hierdie oomblikke doen die gemeente soms voorsang. Maar soms wys ons net beelde op die skerm terwyl daar rustige agtergrondmusiek speel. Daar is ook altyd een of ander simbool in pas met die kerklike jaar in die kerkgebou. Soms is baie blomme en kerse deel van die estetika. Dit alles dra by tot ŉ sinvolle multisensoriese voorbereiding vir die erediens. Nie ŉ voorbereiding wat geskei word van die res van die erediens

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

nie, maar juis ’n vaste deel van die liturgie is. Al hoe meer mense kom vroeër kerk toe.

Met my navorsing vir hierdie verhandeling was ek dankbaar om te sien Müller ( 1990:58 ) stel dit ook as ’n vereiste deel van die liturgie. Die gebruik se sin lê daarin dat ons saam met God vergader as sy heiliges, die wat aan Hom behoort, maar steeds ook as sondaars. Daarom behoort die kerkganger nader te kom met ’n bewustheid van die heiligheid van God. Sondaars kan nie instorm in God se teenwoordigheid nie.

*4.1.2. Aanvangswoord/Votum*

Volgens die Latynse woordeboek beteken “votum” iets soos begeerte, gebed of verlange. Hoewel die woord by ons ingeburger geraak het, dra hierdie element by ons, in navolging van Calvyn, gewoonlik ook die karakter van ’n verklaring ( Müller 1990:59 ). Müller meen ook dat die woord drie ander sake bevat:

1. Verklaring
2. Aanroeping van God of inroeping van die werk van die Heilige Gees
3. Oproep tot die gemeente om hulle harte tot God op te hef.

Hoewel baie van die vota wat ons gebruik nie inhoudelik aan al drie hierdie elemente laat reg geskied nie, kan die manier waarop dit uitgespreek word en die atmosfeer waarbinne dit aan die orde kom, die gemeente help om iets van al drie te ervaar.

Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur vooraf ’n paar voorbereidende liedere te sing waarin die klem op die afhanklikheid en aanbidding van die gemeente val, en dan word die groot kanselbybel plegtig oopgemaak en op die kateder

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

neergelê, en die liturg spreek dan die Trinitariese formule uit... Die gemeente behoort dit nie net as 'n blote verklaring te ervaar nie, maar as 'n oproep om hulle by God Drie-enig te bepaal, asook 'n ernstige aanroeping van hierdie God.

Müller ( 1990:60 ) meen omdat dit moeilik is om 'n votum te vind wat tegelyk aan al drie sake reg laat geskied, is dit goed om vota af te wissel sodat nie net een aspek elke Sondag beklemtoon word nie. Meer as een teksgedeelte kan moontlik gekombineer word sodat mens reg kan laat geskied aan die meervoudige betekenisinhoud van die votum. Die respons van die gemeente sou ook by hierdie element sinvol ingebou kon word.

Die *Gebedeboek met Liturgiese Voorstelle* wat in opdrag van die Oos-Kaapse Sinode se Sinodale Eredienskommissie saamgestel is, bevat ook pragtige vota waaraan die gemeente in egte multisensoriese styl responsories kan deelneem. Ek haal 'n voorbeeld aan wat al drie die betekenis inhoude van die votum weergee ( Van der Merwe (red.) 2001:7 ):

Liturg: Laat ons die Here prys vir sy magtige dade deur Jesus Christus ons Here.

**Gemeente: Loof die Here, want Hy breek die sondebande.**

Liturg: Laat ons die Here prys vir sy magtige dade deur Jesus Christus ons Here.

**Gemeente: Loof die Here, want Hy breek die dood se bande.**

Liturg: Laat ons die Here prys vir sy magtige dade deur Jesus Christus ons Here.

**Gemeente: Loof die Here, want Hy stort sy liefde in ons harte uit.**

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Liturg: Saam met al sy kinders loof ons God, die Vader van ons Here Jesus Christus wat sy Heilige Gees in ons laat woon.

**Gemeente: Amen.**

Die gemeente kan ook soms die votum sing. Die nuwe Liedboek van die Kerk het juis met hierdie doel in gedagte, die liedere ingedeel volgens die liturgiese orde van die erediens. Liedere 151 tot 181 is vir hierdie doel onder die hofie "Toetrede en Aanroeping" ingedeel. Daar is pragtige ouer sowel as nuwer liedere beskikbaar.

In Randpark gemeente wend ons soms ook die tegnologie vir hierdie element van die erediens aan. Met die verskyning van die fliek *The passion of the Christ* was daar 'n videosnit van die voorprent beskikbaar wat ek van die internet afgelaai het. As voorbereiding het die gemeente gewyde liedere gesing wat in pas is met Lydenstyd. Met die toetrede tot die diens het hierdie dramatiese snit sonder aankondiging begin speel met swaar dramatiese musiek daarby. Dit het 'n besondere atmosfeer geskep waarin die gemeente toe responsories deelgeneem het aan die votum.

*Midnight Oil* het ook 'n laserskyf beskikbaar met videosnitte wat hulle spesifiek vir gebruik in die kerk vervaardig. Nie almal is bruikbaar vir gebruik in 'n gereformeerde erediens nie. Maar daar is heelwat wat ek graag aanwend as deel van die toetrede en aanroeping van God. Die gemeente neem dan op verskillende maniere deel aan die votum. Ek lees dit self, of hulle sing 'n lied of dit word responsories gedoen. Na 'n sinvolle voorbereiding is dit uitstekende oomblikke om erediensgangers aktief by die diens te betrek en dit verseker dat hulle dwarsdeur die diens daar gehou word.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*4.1.3. Seëngroet*

Die seëngroet het ŉ ingewikkelde geskiedenis. Die vroegste seëngroet was nie die bekende apostoliese groet nie. Dit was ŉ dialoog tussen die voorganger en die gemeente ( Müller 1990:60 ). Dit was ook nie aan die begin van die diens uitgespreek nie, maar aan die begin van die tweede gedeelte van die diens, net voor die nagmaal. In die Nederlandse liturgie het dit egter stadig teruggekruip en sy plek langs die votum ingeneem. Hierin lê ŉ stukkie teologie opgesluit wat vir die verstaan van die erediens van wesenlike belang is. Die votum is die nederige belydenis dat alles van God af moet kom asook die versigtige toetrede tot sy teenwoordigheid. Die groet is die meer jubelende versekering dat God sy gemeente met ope arms ontvang. Die samevoeging van hierdie twee elemente aan die begin van die erediens getuig dus van ŉ fyn liturgiese aanvoeling by ons Nederlandse vaders – ŉ stukkie tradisie wat ons vir die erediens van die toekoms moet bewaar ( Müller 1990:61 ).

Die seëngroet gaan gewoonlik gepaard met ŉ simboliese handgebaar – ŉ stukkie simboliek wat veronderstel is om die aard van hierdie liturgiese element te verduidelik of te beklemtoon. Hierdie nie-verbale kommunikasievorm is ŉ bewys dat die NG Kerk darem nie heeltemal vreemd is aan die multisensoriese gedagte nie. Die bedoeling daaragter is juis om gestalte te gee aan die groetboodskap. ŉ Handgebaar wat met ŉ groet geassosieer word, kan beslis help om die betekenis van hierdie liturgiese element oor te dra.

Van der Merwe ( 2001:17 ) maak voorstelle vir die gebruik van ŉ dialogiese seëngroet. Dit pas goed aan by die multisensoriese gedagte van deelname aan die erediens. Binne die gereformeerde opset sou dit dalk net ŉ bietjie te veel wees om direk na ŉ responsoriese votum, die seëngroet ook so te doen.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Volgens my moet dit eerder gedoen word as daar nie ander responsoriese handelinge in die erediens is nie. Die bedoeling van multisensoriese liturgie is nie om erediensgangers met 'n golf van multisensoriese ervarings te tref nie. Eenvoud is die wagwoord vir 'n suksesvolle erediens. Soms kan mens 'n treffende beeld op die skerm vertoon terwyl die seëngroet uitgespreek word. So 'n beeld moet net in pas wees met die vreugdevolle groetbedoeling van die seëngroet.

### *4.1.4. Antwoord op groet*

Dit is gebruiklik om 'n loflied na die seëngroet te sing. Müller ( 1990:62 ) meen egter nie dat dit die beste plek vir 'n jubelende loflied is nie. Hy meen dat die verootmoediging en die vryspraak nog voorlê. Om die gemeente in hierdie stadium op te roep tot 'n oortuigde en borrelende loflied is effens kunsmatig en prematuur. Volgens my hang dit egter af van die aard en die storielyn van elke liturgie. Soms is die diens 'n klag en soms 'n loflied. Van der Leeuw ( onge- dateer ) merk in elk geval heel tereg op dat die grondtoon van die erediens lof is. Daarom is 'n oordeelkundig gekose loflied nie onvanpas op hierdie oomblik nie. Soos die volgende gedig van Sheila Cussons ( 1988:33 ) dit verwoord:

**Met u verlof**
Daar is gladwatertyd,
'n tyd van somerse lig,
wanneer alles gesond en maklik is
en die siel met geesdrif glo,

en wellewende spoortjies ren
oor die wye, vaste, spoelblink strand
van u goedertierenheid.

Verheug U dan in my geesdrif
en spaar my verdere kennis, Heer,

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

van die swalpseë en donkertes
van u afwesigheid –

Al my gees en al my drif is in elk
geval Uwe,
het ontspring in U, wil aan U
behoort.

Gun my dus die vastigheid
van daardie prettige strand:
ŉ mens kan immers ook met blydskap
heilig word.

Hierdie gedig kan byvoorbeeld na die seëngroet gelees word terwyl die woorde daarvan op ŉ skerm vertoon word teen die agtergrond van ŉ gepaste beeld. Die gemeente kan dan daarna uitbars in ŉ opgewekte loflied. Dit hang egter weereens af van die aard van die erediens. Müller se mening dat die loflied nie voor die verootmoediging en vryspraak hoort nie, is in elk geval nie binne die model wat ek voorgestel het van toepassing nie. In hierdie model is die verootmoediging en vryspraak verskuifbare elemente en nie ŉ vaste element soos in sy model nie.

Soms is dit egter ook goed as die gemeente saam bloot "amen" antwoord op die seëngroet. Ander kere, afhangend van die aard van die erediens, kan die geloofsbelydenis hier as antwoord op die seëngroet gebruik word. Dit kan ook responsories gedoen word.

### *4.2. Diens van die woord*

God kom nie nou eers aan die woord nie. Hy het immers al gepraat in die seëngroet. Ook die liedere wat ons sing is ŉ verklanking van God se Woord. Ons kom egter nou by die "woordgedeelte" van die liturgie.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

*4.2.1. Gebed om die opening van die Woord/Epiklese*

Dit is nie eintlik maklik om gebede responsories te doen nie. Dit sou sinloos wees om die gemeente op hierdie manier by gebed te betrek. Tog sou ons ook van hierdie element 'n multisensoriese ervaring wou maak. Eintlik is die aanhoor en die uiting van gebede in wese al iets wat 'n appèl op die gehoorsintuig maak.

In ons gemeente is dit egter 'n vaste gebruik dat daar 'n gepaste lied gesing word waarin die gemeente die Gees vra om God aan die Woord te stel. Liedere hiervoor moet egter versigtig gekies word aangesien ons in biddende afhaklikheid voor God verskyn. Ons kan op geen manier manipulerend te werk gaan en God eenvoudig aan die woord stel nie.

Die Liedboek het 'n afdeling vir liedere wat moet dien as voorbereiding om God se Woord te hoor. Liedere 252 tot 258 kan hiervoor ingespan word. Daar is egter ook pragtige eietydse liedere wat gebruik kan word. Twee uitstekende liedere in hierdie kategorie is "Kom o Skeppergees" en "Gees van die Waarheid". Engelse liedere soos *Ancient Words* kan ook gesing word. Musiek en sang berei mense soos niks anders voor om die Woord te hoor nie.

Stilte as multisensoriese element kan ook in hierdie oomblik ingespan word. Die aanbidder berei hom of haarself saam met die res van die gemeente voor vir die bediening van God se Woord. Die liturg of 'n ander voorganger doen dan 'n gebed. 'n Gebed deur 'n ander voorganger bevorder deelname in die erediens.

*4.2.2. Skriflesing met reaksies*

Nou kom die Woord van waaruit alles in die erediens gedoen word, self aan die bod. Dit kom nie nou eers aan die woord nie. God praat nog die heeltyd in

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

die erediens. Tog kom ons nou eers by die "Woordgedeelte" van die erediens. Nou gaan God se Woord toegespitste en intensiewe aandag kry. Nou word die Woord bedien. Dit is egter nie die sentrale oomblik van die erediens nie. Dit behoort tematies 'n eenheid met die res van die liturgie te vorm.

By ons het die gebruik inslag gevind om slegs een Skriflesing te hê, wat dan ook die teks vir die prediking bevat. Die *Leesrooster* stel verskeie skriflesings voor. Dit spruit waarskynlik uit 'n tydperk toe die gedrukte Bybel nie vryelik beskikbaar was nie en toe baie lidmate ongeletterd was ( Müller 1990:72 ). Onder vandag se omstandighede en in die lig van ons groter insigte in die kommunikasiekunde, is dit beter as een Skrifgedeelte sorgvuldig voorgelees en uitgelê word. Dit is ook nie nodig dat die prediker altyd die Skriflesing waarneem nie. Ter wille van deelname kan ook van lidmate in die erediens gebruik gemaak word.

Soos wat ek reeds gesê het, is die gebruik van visuele tegnologie nie altyd aan te beveel nie. By die Skriflesing is dit beslis nie gewens om die teksgedeelte op 'n skerm te plaas nie. Dit ontneem die gemeente van die een multisensoriese handeling wat eie is aan die gereformeerde tradisie. Om die Bybel self oop te maak, aan die bladsye te kan vat en deur die Bybel te blaai is waarskynlik een van die diepste ervarings wat 'n gelowige kan hê. Dit behoort nie anders gedoen te word nie.

Ek meen egter dat daar by uitsonderlike geleenthede sinvol gebruik gemaak kan word van die visuele media. 'n Teks soos Genesis 1 en 1 Korintiërs 13 asook verskeie ander tekste in die Bybel is oorbekend. Dit gaan al soms by die oor verby.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Dink net hoe treffend kan ŉ teks soos Genesis 1 voorgehou word as die bekende woorde op die oor val terwyl die oog die teks lees teen die agtergrond van pragtige natuurtonele soos dit deur God geskep is. Dit gee weer ŉ nuwe betekenis aan ŉ baie bekende teks. Verskeie lidmate het kom getuig van ŉ hoendervleis ervaring wat hulle weer groot waardering vir die Woord van die Here gegee het. Net so kan baie ander tekste weer hulle betekenis terugkry wanneer dit aangevul word met die wêreld waarin ons leef. Dit moet egter met die grootste versigtigheid gedoen word.

*4.2.3. Prediking*

Quicke ( 2003:194 ) sê oor prediking: "*Christian preaching, at its best, is a biblical speaking/listening/seeing/doing event that God empowers to form Christ-shaped people and communities*."

Dit kan dus uit en uit ŉ multisensoriese ervaring wees. Daarom moet dit aktueel wees. Dit moenie net algemeen-geldende waarhede verkondig nie. Dit is natuurlik nodig dat die gemeente basiese en algemeen-geldende waarhede van die evangelie weer en weer in die liturgie hoor en beleef, maar daar is ook ŉ dringende behoefte aan aktuele prediking. En as prediking nie aktueel is nie, as dit maar net nogeens ŉ vae beklemtoning van waarhede is wat in elk geval reeds in die liturgie beklemtoon is, het dit nie juis bestaansreg binne die liturgie nie. Dan kan die gemeente meer baat vind by ŉ liturgie sonder prediking.

In aktuele prediking gaan dit nie in die eerste plek om die wêreldgebeure of die tydsgees nie, maar om die luisteraar in sy of haar konkrete omstandighede. Aktuele prediking is ook nie byderwetse prediking of prediking uit die koerante nie. ŉ Preek is aktueel wanneer die behoeftes van ŉ bepaalde gemeente, op ŉ bepaalde Sondag, konkreet aangespreek word. Die Woord

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

moet so konkreet aan die mens bedien word dat sy of haar oë sal oopgaan vir die aktuele betekenis van die versoening van Christus vir die erediensganger, hier en nou.

Aktualiteit kan egter verlore gaan as mens die punt mis dat kommunikasie in die postmoderne tyd verander het. Preke kan ook visueel en dialogies wees. Soos wat Jesus sy lering met stories en beelde belig het, kan die prediker dit ook met sy prediking doen. Die preek is 'n uitwysing van God op die kansel ( Cilliers 1998:47 ). Daarom moet dit kreatief aangebied word.

Die prediker kan volgens my gerus die koerante nadertrek of wêreldgebeure, om sy preek te belig. Die gebruik van multimedia-aanbiedings kan ook baie geslaagd wees as mens dit met styl kan doen. Hierdie dinge moet egter in diens van die Woord staan. Dit moenie die inkleur van 'n swak preek wees nie.

In baie eredienste het die gebruik ontstaan om kinderpreke te ontwerp. Dit kan partykeer in 'n "sirkus" ontaard. Baie volwassenes kan egter getuig dat hierdie preke vir hulle sinvol was. Ek wil in hierdie verband ook 'n Bybelse kinderpreek voorstel. Bybelse karakters kan byvoorbeeld voorgestel word met kostuums en al en die prediker kan dan 'n Bybelse gebeurtenis uit die oogpunt van hierdie karakter vertel.

Narratiewe prediking is ook sinvol. Ek het een keer na 'n preek geluister waar die prediker die hele preek aangebied het as 'n tornado wat sy lewensverhaal vertel. Die punt is uiteindelik gemaak dat binne die stilte van die sentrum van hierdie tornado, God se beskermende teenwoordigheid mens koester terwyl alles buite in chaos verkeer.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

### *4.3. Diens van die tafel*

Van die vroegste tye af was die erediens vir die meeste Christene gevorm deur gebed, Skriflesing en lering binne die raamwerk van die Nagmaal ( De Gruchy 2003 ). Later van tyd is die liturgie geskei van die eucharistiese raamwerk wat gelei het tot die artistieke armoede van die gereformeerde liturgie. Die herwaardering van die Nagmaal kan dus by implikasie weer help om artistieke skoonheid aan die erediens te verleen. Nagmaal behoort weer die norm te wees eerder as die uitsondering.

Nagmaal verteenwoordig gelyktydig die mees "primitiewe" en die mees "moderne" kommunikasiemiddele in die erediens ( Müller 1990:75 ). Om te eet en te drink het te make met die mees primitiewe behoeftes van die mens. Dit gryp terug na die basiese van die bestaan: brood en nie koek nie, wyn en nie koeldrank nie.

Nagmaal gee ook aan die eredienskommunikasie 'n multisensoriese karakter. God kom nie na ons toe in koue, saaklike woorde nie, maar in woorde wat toegewikkel is in dade – tekens wat die mens se sensoriese vermoëns betrek. En tog is dit so "primitief"-oud!

Om dit egter weer te ervaar sal ons die nagmaal moet bevry van lang liturgiese formuliere. Dit moet weer 'n belewenis word. Dus moet dit ook meer gereeld gevier word. Dit dra by tot die gemeenskaplike karakter van die erediens.

Iets van die multisensoriese karakter van die nagmaal word verwoord in die gedig van Sheila Cussons *Na die heilige Mis:*

U het my gevul
met die brood van blydskap.
Kyk hoe leef ek en leef my omgewing!

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Alles bespring my aandag
om U te begroet en omgeef van te wees:
transfigurerende kragveld, Jesus.
Talm, ek bid U, 'n uur, nee ure,
deurgloei elke sel en molekuul
want so was dit van nature eenmaal,
sal dit weer wees u triomfantlike wil.

### *4.4. Uitsending*

Net soos wat daar nie 'n vaste beginpunt vir die erediens kan wees nie, kan daar ook nie 'n vaste afsluiting wees nie. Die uitsending is nie die einde van die erediens nie. Dit is die wegsending van die wat bymekaar was na die erediens wat voortgesit word in die lewe. Dit is soos I.L. de Villiers sê: "*U diens gaan aan*." Hierdie oomblik in die samekoms van die gemeente is bepalend vir die houding waarmee erediensgangers die erediens voortsit.

Die gebruik in die gereformeerde erediens is om 'n lied te sing. Die probleem is egter dat die benaming slotlied op hierdie manier inslag gevind het. Hierdie lied behoort 'n antwoord te wees op dit wat in die erediens gebeur het. Dit behoort 'n blywende indruk oor dit wat in die erediens gebeur het te laat. Beurtsang kan ook help om sekere dele van die lied te beklemtoon.

Die wet kan ook hier sinvol gebruik word om die idee van 'n voortgaande erediens te beklemtoon. Dit kan responsories gedoen word ter wille van deelname soos in die volgende voorbeeld:

Liturg: As getuies van u genade en goedheid en met harte versterk om vir U te leef belowe ons, o Heer, uit liefde vir U en ons naaste:

Gemeente: Dat ons U sal dien en niemand anders nie

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Dat ons u beeld en gelykenis sal erken

In die gestalte van Jesus Christus

Dienskneg van onbelangrike mense –

Dat ons u Naam sal heilig

Dat ons u toekomstige dag sal vier

Dat ons ons ouers sal eerbiedig

Dat ons die lewe sal vier

Dat ons aan mekaar trou sal wees

Dat ons niks van mekaar sal begeer nie
Dat ons die waarheid sal onderhou
Dat ons mekaar die goeie lewe sal gun.
Amen

Die antwoordlied wat uit een of meer liedere bestaan kan dan hierop volg. Hierna volg die seën. Dit word gewoonlik deur die predikant uitgespreek. Dit kan baie treffend wees as die gemeente ŉ lied soos Lied 268 sing voor die uitspreek van die seën. Dit kan bydra daartoe dat die gemeente by die seën aangegryp word deur die wonder dat God hulle wil vergesel met sy genade, liefde en gemeenskap, dat hulle dit met hart en mond wil toeëien en dus hardop "amen" daarop sê.

Dit kan inderdaad ook so gedoen word. In die Liedboek word daar voorsiening gemaak vir liedere wat by die wegsending en seën gesing kan word. Daar is vier verskillende "amen"-liedere wat gebruik kan word.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

**5. Verskuifbare handelinge**

Die verskuifbare handelinge bestaan uit die "handelinge van God" en "responsiewe" handelinge. Hierdie handelinge kan onder meer plaasvind deur middel van sang, gebed, litanieë en voordrag.

Meditatiewe oomblikke kan ook geskep word deur ʼn gepaste simbool of kunsstuk te wys waaroor mense vir ʼn paar oomblikke kan nadink. Hierdie gebruik is veral gewild in stil dienste waar daar nie ʼn preek gelewer word nie, maar mense deur middel van stiltes, litanieë, gebede en sang aanbid.

Stemmingsmusiek of musiek met ʼn spesifieke boodskap wat inpas by die groter geheel van die erediens kan ook gebruik word by onder andere die verootmoediging en skuldbelydenis.

Gebede kan stil of hardop plaasvind. In ons gemeente bestaan die gebruik om tydens die voorbidding vir mense kans te gee om hardop te bid. Dit betrek mense by die groter geheel van die erediens. Gebede in groepe is ook besig om weer plek te kry in die gereformeerde erediens. Dit bevorder gemeenskaplikheid deurdat mense kans kry om fisies en geestelik aan mekaar te raak op die diepste manier moontlik.

Dramas en danse het nog nie heeltemal staanplek in die gereformeerde erediens gekry nie. Dit kan egter sinvol aangewend word, veral as mens onder die indruk kom van die deelnemers se opregte begeerte om hulle geloof in God op hierdie manier uit te druk. Dit kan byvoorbeeld aangewend word om ʼn preek in te lei of om ʼn bepaalde oomblik in die liturgie te beklemtoon.

Die verskuifbare elemente in die erediens leen hulle tot artistieke geloofsuitdrukkings. Lidmate kan die geleentheid kry om ʼn bepaalde aspek

van hulle geloof in ŉ kunsvorm uit te druk. Dit kan by enige van die verskuifbare handelinge plaasvind. Dit dra daartoe by dat geloof ook geïnternaliseer word. Die gereformeerde kerkgeboue is nie eintlik geskik vir mense om in rond te beweeg soos by ander kerke nie. Hierdie geleentheid kan egter baie sinvol as deel van ŉ liturgiese handeling ingerig word. Ek is seker dat die harte van baie kinders vinniger sal klop.

Sangdienste met duidelike liturgiese momente kan ook binne hierdie afdeling bydra tot ŉ multisensoriese ervaring. Dit verg noue samewerking met die liturg en die kunstenaar, maar dit kan suksesvol aangewend word.

**6. Die doopdiens**

Geen bespreking oor multisensoriese liturgie kan volledig wees sonder dat die doopdiens ter sprake kom nie. Soos die nagmaal voldoen hierdie diens al klaar aan al die vereistes vir multisensoriese liturgie.

In die doop gaan dit nie om die natuurlike, die gewoon menslike nie. Dit gaan juis om die totaal nuwe, dit wat nie via die bloedlyn na ons kom nie, maar via die genade! ( Müller 1990:79 ). Daarom behoort die doopdiens ŉ gemeentefees te wees. Die doop behels immers nie net ŉ inlywing by Christus nie, maar ook by sy liggaam. Elkeen wat gedoop word is ŉ nuwe toevoeging tot die gemeente.

By so ŉ geleentheid sou daar baie gemaak kan word om die simboliek en die betekenis van die doop opnuut by die hele gemeente tuis te bring. ŉ Feestelike atmosfeer kan geskep word met blomme en ander versierings. Die diens kan ook moontlik in die aand plaasvind en dan kan met kerse en ander hulpmiddels iets uitgedruk word van die kontras tussen lig en duisternis.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Die doopvont kan ook gerus groter wees as wat dit tans die geval in die gereformeerde kerke is. Dit behoort nie iets te wees wat mens kan rondskuif nie. Dit moet 'n permanente deel wees van die simboliek wat in die kerk aanwesig is. Ek het in een gemeente gesien hoedat daar 'n yslike marmer doopvont in twee vlakke in die liturgiese ruimte staan. Water stroom van die hoër vlak na die laer vlak. Wat 'n ervaring om te sien hoe iemand by hierdie grootse genadesimbool gedoop word in die Naam van God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees.

**7. Voorbeeld van 'n erediens met multisensoriese elemente**

Hier volg 'n voorbeeld van 'n diens met 'n multisensoriese liturgie wat volgens my voldoen aan al die vereistes wat ons gestel het. Dis 'n eenvoudige liturgie met 'n eenvoudige simbool wat aangewend word. Maar dis juis die punt wat ek in hierdie verhandeling wou maak. Eenvoud het 'n dinamiese krag wat mense kan beweeg om deur die Woord van die Here verander te word. Hierdie erediens het groot reaksie uitgelok en verskeie mense het getuig dat dit hulle gemotiveer het om opnuut in toewyding aan die Here te leef.

Die simbool wat gebruik is, is 'n gebreekte kleipot. Met die inkoms in die erediens, het die gebreekte kleipot op 'n tafel in die liturgiese ruimte gelê. Dit was sigbaar aan almal en het van die toetrede tot die wegsending 'n belangrike rol in die hele erediens gespeel. Daar staan 'n onaangesteekte kers langs die skerwe. Ek verskaf ook die preek omdat die simbool van die gebreekte kleipot baie sentraal in die prediking gestaan het.

Een van die kinders in die gemeente het tydens die prediking by die tafel gaan sit en die skerwe van die pot weer aanmekaar gesit. Veral aan die einde van die preek het die pot 'n funksionele illustratiewe doel gehad.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

## GOD VERSAMEL ONS VOOR HOM

### Voorbereiding

Tydens die voorbereiding is geestelike musiek gespeel waarin die tema van die kleipot na vore gekom het. Die musiek was gewyd en sober en het 'n spesiale aanbiddingsatmosfeer geskep waarin mense in nederigheid voor die Here kon buig.

### Toetrede

Lied 528:1

Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
Op U vertrou ek, nederig stil.

### Votum

Wees julle dan volmaak soos wat julle hemelse Vader volmaak is sê Jesus in Matteus 5:48. Miskien moet ons juis vandag hieroor nadink. Want vandag is Hervormingsondag. Op hierdie dag – presies 487 jaar gelede – het Martin Luther sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Daardeur het die Woord van die Here en die uitleef van hierdie Woord in die koninkryk weer nuwe betekenis gekry. Skielik was mense self in staat om die Bybel te lees nadat Luther dit in Duits vertaal het. Skielik kon hulle self lees van die ongelooflike genade van die Here en dat hulle nie nodig gehad het om die kerk se reëls vir 'n volmaakte lewe te volg nie. Slegs die genade van die Here red 'n mens. Maar dit skep 'n belangrike vraag waaroor ons noodwendig moet nadink. As ons leer dat die Here ons uit genade gered het, wat beteken dit dan om vandag volmaak te wees soos wat God volmaak is? Wat beteken

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

dit om in die lig van hierdie genade die koninkryk sigbaar te maak in ons harte, in die kerk, in die hele wêreld?

**Respons**

Gemeente kry 'n oomblik om hieroor in stilte na te dink.

**Seëngroet**

Aan die gemeente van God in Randpark en aan almal wat aan die Here behoort in die hele Alberton: Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus.

**Antwoord op groet**

Lied 478:1+2

Op vaste fondamente het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dit toevertrou:
Die koning van die hemel herskep deur Woord en Gees
Verlorenes op aarde dat hul sy volk kan wees.

Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam –
Een in geloof en werke, een in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop
Om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!

**Voorlesing van die Wet**

**( Die liturg gaan staan onder by die gebreekte kleipot ).**

Wanneer mens die opdrag van die Here hoor dat ons volmaak moet wees soos Hy, dan kan 'n mens nogal ongemaklik voel. Want elkeen van ons weet dat ons nie hierdie opdrag nakom nie. Ons besef dan dat ons meestal maar gekraak is. Die Wet van die Here soos opgeteken in Eksodus 20 laat ons nog meer ongemaklik voel. Gewoonlik kry ek die gevoel dat ek 'n gebreekte kleipot is. Die vereistes is soms vir my net te veel. Kom ons luister daarna...

**(Lees Eksodus 20)**

Ek wonder of daar enige een van ons is wat hieraan voldoen. Dit laat ons doelloos en nutteloos voel. Stukkende kleipotte... dit is wat ons is.

Die wonderlike is egter dat die Here ons deur sy Woord weer aanmekaar kan sit. Kom ons vra vir Hom dat sy Woord ons heel sal maak.

**DIENS VAN DIE WOORD**

**EPIKLESE**

**Lied as gebed**

Lied 528:2

Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
Laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.

**Gebed om verligting van die Heilige Gees**

Liturg gaan voor in gebed.

**Skriflesing**

2 Korintiërs 4:7-12

**'n Persoon met wie ek vooraf reëlings getref het, kom op hierdie punt vorentoe en kom sit by die tafel. Die liturg verduidelik dat die gebreekte kleipot simbolies is van ons gebroke lewens, maar dat die Woord van die Here ons weer kan herbou soos wat die kleipot gedurende die preek weer aanmekaar gesit gaan word.**

**Stel die gemeente ook gerus dat hulle gerus maar gedurende die skriflesing en die preek die bouery kan dophou. Dit is in elk geval deel**

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

**van die boodskap wat verkondig word. Veral kinders vind hierby baat. Die bouery aan die pot begin sodra die Skriflesing begin.**

**Prediking**

Die Bybel is ŉ snaakse boek. Aan die een kant verduidelik dit hoe ŉ wonderlike skepping die mens is. Genesis 1 en 2 vertel bv. vir ons dat die mens as kroon van God se skepping gemaak is. Dit verduidelik ook dat ons na die beeld van God geskape is. Psalm 8 verduidelik vir ons dat die mens so belangrik vir God is dat Hy elke oomblik van die dag aan ons dink.

Aan die ander kant teken die Bybel ook ŉ negatiewe prentjie van die mens. Net verlede week het ons in Romeine 3:10 gelees dat daar nie een mens is wat regverdig is nie. Dat daar nie een mens is wat verstandig is of na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie, haal Paulus die skrywer van Psalm 14 aan.

Psalm 103 vertel vir ons van die tydelikheid van die mens. "Die mens, sy lewensduur is soos die van gras, soos die veldblom wat oopgaan; as die woestynwind daaroor waai is dit weg en sy plek vir altyd leeg."

Of dan, die beskrywing in ons teksgedeelte: die mens is soos ŉ kleipot, ŉ kleipot wat maar alte maklik breek en vergaan En, dink ek, die meeste van ons is maar pynlik bewus van ons feilbaarheid en ons verganklikheid. Dis ŉ besef wat maar weer en weer na die oppervlak van ons bewussyn opskiet.

Dink maar net hoeveel keer het jy al probeer om weer te begin. Hoeveel keer het jy probeer om anders te wees. Dalk het jy eers probeer om meer Bybel te lees. Of om meer gereeld te bid.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Sommige van julle het seker al in desperaatheid ’n selfhelpboekie by ’n boekwinkel gekoop: Een of ander program om geestelike herlewing te implementeer. Net om maar weer te misluk. Net om uit te vind dat jy voete van klei het.

Goed. Dalk nie jy nie. Maar beslis ek. Ek het al soveel maal in my lewe probeer om geestelik nuut te word. Soveel maal sonder sukses. Ek het al so baie gefaal dat ek soms te bang is om weer te probeer. Ek weet nie of dit die regte ding is vir ’n dominee om sy geestelike mislukkings te erken nie. Maar ongelukkig is dit die waarheid van my. Ek is baie maal bang om weer te probeer, want ek is bang dat ek weer gaan misluk.

Miskien voel jy nie so nie, maar ek weet beslis baie goed hoe dit voel om met skuldgevoelens rond te loop omdat my geestelike lewe nie altyd op standaard is nie. Daarom het ek gevoel hoe die aanvangswoorde van vanoggend se diens my laat kraak. “Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.” (Matt 5:48) Want ek weet baie goed hoe onvolmaak ek is. Dis waarom ek maar deesdae wegbly van boekies wat my wil help om geestelik te herleef. Want almal van hulle vertel vir my hoe onvolmaak ek is. En dit weet ek. Ek soek iets wat my kan help om ’n onvolmaakte lewe te lei, want ek kry dit nie reg om volmaak te wees nie.

Ek het ’n vermoede dat hier nog van julle is wat so voel. Ons sien net nie meer kans om ons mislukkings en ons geestelike agteruitgang in die oë te kyk nie. Ons sien nie meer kans vir geestelike herlewingsprogramme nie, want net een struikelblok laat ons val. Keer ons om aan te gaan.

Daar was al kere wat baie van ons ’n wonderlike geestelike ervaring van groei gehad het. Dalk het jy ’n seminaar oor geestelike groei bygewoon. Of dalk het

jy ŉ fantastiese preek hieroor gehoor of dalk ŉ goeie boek gelees. Op daardie oomblik was jy gereed, aangevuur om jou geestelike huis te herbou en nooit weer te laat afbreek nie. Ek onthou nog goed dat ek in sulke oomblikke gevoel het dat ek enigiets kan regkry. Niks en niemand sal my weer laat struikel nie.

Totdat daardie oomblik van ontrouheid en mislukking soos ŉ orkaan deur jou gees skeur. Dan voel dit asof ŉ mens niks werd is nie en asof jy niks kan regkry nie.

Maar weet jy wat, ek het agtergekom dat ons in albei hierdie gevalle verkeerd is. Om dit te verduidelik wil ek twee dinge vanmore doen.

Eerstens, wil ek vir julle duidelik maak wat Jesus bedoel het toe hy in Matteus 5:48 gesê het dat ons volmaak moet wees. Met hierdie teks wil ek julle bemoedig om nie op te gee wanneer julle dit nie regkry om volmaak te wees nie. Ek wil die waarheid dat ons kleipotte is hiermee ten volle aanvaar.

In die tweede plek wil ek uit 2 Korintiërs 12:7-10 vir julle wys waarom Paulus sê dat menslike beperkings nie slegs skaamte hoef te bring nie. Dit kan ook ŉ weg wees na groter genade.

In Matteus 5:48 staan daar: "Wees julle dan volmaak soos wat julle hemelse Vader volmaak is."

Ek is oortuig daarvan dat wanneer ek vir julle sou vra of julle so volmaak is soos die Here, sou almal sonder uitsondering "Nee" geantwoord het. Sonder huiwering. Ons het nou net vir mekaar gesê dat ons maar al te bewus is van ons onvolmaaktheid. Ek dink ook dat die meeste van ons sou byvoeg dat dit onmoontlik is om volmaak te wees. Die enigste perfekte mens waarvan ons

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

weet was Jesus Christus. Maar tog sê Jesus in hierdie skrifgedeelte dat ons volmaak moet wees.

Gewoonlik probeer ons die dilemma van hierdie teksgedeelte op een van twee maniere oplos: Ons dink dalk aan die een kant dat Jesus nie geweet het waarvan hy praat toe hy hierdie opdrag gegee het nie.

Hy moes 'n aartsoptimis by uitstek gewees het om so iets kwyt te raak. Met hierdie redenasie plaas ons dan die blaam vir ons onvolmaaktheid vierkant op die skouers van Jesus Christus en ons haal ons onbelaste skouers argeloos op. Gaan aan met 'n lewe sonder enige las.

Die ander manier waarop ons hierdie probleem probeer oplos is om die blaam op ons skouers te plaas. Dan verklaar ons dat dit moontlik is om 'n volmaakte Christen te wees, maar nie vir my nie. Daarvoor is ek nie goed genoeg nie. En omdat bitter min van ons bereid is om die blaam op Jesus te plaas, kies die meeste van ons om self die skuld daarvoor te dra. En dit laat ons skuldig voel. Baie skuldig.

Ek dink dat dit eintlik baie duidelik is dat nie een van hierdie oplossings reg is nie. Wie wil in elk geval die heel tyd met skuldgevoelens rondloop? Nie ek nie.

Die oplossing vir die probleem rondom hierdie teks is om te gaan kyk wat Jesus regtig bedoel het toe hy gesê het dat ons volmaak moet wees. En nou gaan julle sien waarom dit belangrik is om die Bybel in konteks te lees. Waarom dit belangrik is om nie net 'n teks op sigwaarde te probeer verstaan nie.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Iemand sê nou die dag vir my dat hy nie die Bybel in konteks lees nie. As hy vir sy kind gaan sê om te bad, is dit presies wat hy bedoel en niks anders nie. Hy sê hy lees die Bybel so. Daarom het hy ook nie eintlik ŉ dominee nodig om die Bybel vir hom uit te lê nie.

Wel ek is bevrees, as jy vanmore die Bybel met so ŉ houding lees, gaan jy ŉ wonderlike stukkie bevrydingsnuus mislees. Want Jesus het totaal iets anders bedoel as wat daar in Afrikaans staan.

Om dit te verduidelik moet ek vir julle ŉ bietjie Grieks leer. Die Griekse woord wat Jesus hier vir volmaak gebruik het, is TELEIOS. Daar staan dus: "Wees julle dan teleios, soos julle hemelse Vader teleios is." Teleios het oorspronklik beteken: omdraaipunt, die oomblik wanneer een fase eindig en ŉ ander fase begin. Hieruit het die betekenis gevloei: om volwasse te word of te wees op die regte stadium en die regte tyd. Dit is waarom sommige Engelse vertalings sê: "be ye mature." Dit is verskriklik belangrik om dit te verstaan.

As Jesus van ons verwag om volmaak te wees, het hy nie bedoel dat ons moreel perfek moet wees nie. Hy het nie bedoel dat ons sondelose wonderkinders moet wees nie. Dit word duidelik as mens die voorafgaande deel van Matteus 5 lees. Hy het nie ŉ lys gemaak van goed wat ons nie mag doen nie.

Hy praat hier van liefde vir mense. Liefde vir slegte en goeie mense. Dit is hoe God volmaak is. Dit is hoe ons volmaak kan wees. Daarom sê Lied 334:3 "Deur sy Gees, die wondergawe, laat Hy wederliefde spruit; en die liefde wat volmaak is, dryf die vrees en selfsug uit."

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Kan jy al begin agterkom waarom ons nie bang hoef te wees vir God nie. Hy soek nie volmaaktheid soos wat ons dit verstaan nie. Hy soek liefde vir onvolmaakte mense.

Volmaaktheid beteken dus nie om nooit te val nie. Volmaaktheid is juis om te val. Op ons knieë neer te val. Dan is ons waar ons moet wees. Ons word nie volmaakte dissipels deur nooit te misluk nie. Ons mislukkings is juis paadjies na God se volmaakte liefde toe. Dan sien ons dat ten spyte van die feit dat ons breekbare kleipotte is, God vir ons ŉ heerlike skat gegee het. Die helder lig van God se liefde aan onvolmaakte mense.

Nou die tweede teks. 2 Korintiërs 12:7-10. Paulus beskryf in hierdie gedeelte wat ons swakhede en onvolmaaktheid kan word wanneer dit bestraal word met die genade van God se liefde. Hy worstel met die Here oor ŉ doring in sy vlees. Hy skryf: “Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ŉ doring in die vlees gegee, ŉ boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. 8 Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. 9 Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. 10 Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.”

Met hierdie teks, gee Paulus na my mening vir ons die antwoord hoe om met onvolmaaktheid saam te leef. “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Menslike mislukkings is dus nie ŉ rede vir skaamte nie. Dit is die paadjie na God se genade toe. In ons swakhede skyn God se genade op sy helderste.

Dit is wat Paulus vir ons wil sê as hy sê dat ons breekbare kleipotte is. En wat meer is, hierdie breekbare kleipotte dra die onskatbare waarheid van die evangelie in die wêreld in. Breekbaarheid en al. En selfs al sou ons breek, sê Paulus in 2 Kor 4:9 "Ons word op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie." Want die woord van God, die inhoud van ons kleipotte maak ons elke keer weer heel.

Daarom hoef nie een van ons vanmore in moedeloosheid te verval omdat ons al weer hierdie week misluk het nie. Daarom hoef ons nie op te hou om geestelike herlewing in ons lewens te ervaar nie. Want selfs al misluk ons 'n honderd maal, 'n duisend maal, kan ons weer probeer want die volgende keer wat ons probeer, is dit die duisend en eerste keer wat God se genade kans kry om in hierdie wêreld te skyn.

Jy is feilbaar, net soos almal om jou. En daar is absoluut niks wat jy uit jou eie krag kan doen om dit te verander nie. En moet my tog nie verkeerd verstaan nie. Ek probeer nie vanmore vir jou 'n lisensie gee om aan te hou met sonde nie. Nee ek probeer vir jou verduidelik dat jy nie moet ophou probeer nie.

Daarom hoef ons nie weg te hardloop van ons gebrokenheid nie. God sê STOP. Staan stil. Hou op hardloop. Staar jou gebrokenheid vierkant in die oë. En besef dat jy, hierdie gebroke, sondige, stukkende wese, gered is deur Sy genade.

Omhels jou gebrokenheid. Wees eerlik daaroor – teenoor jouself en teenoor ander. Besef dat jy nie al die antwoorde hoef te hê nie. Laat gaan daardie onrealistiese selfverwagtinge waaraan jy vasklou. En val met die vertroue en oorgawe van 'n klein kind agteroor in Sy arms wat wag om jou te vang …

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

**( Liturg stap af na die kleipot toe terwyl hy aanhou praat. )**

Want so leef mens 'n onvolmaakte lewe. Deur net aan te hou om aan te hou probeer. Deur nooit toe te laat dat jou skuldgevoelens jou laat moed opgee nie. Hou vas aan die reddingsgordel van God se genade. En vertrou op die skat in jou kleipot. Vertrou dat God groot dinge vermag met jou onvolmaakte lewe.

Paulus was reg. **(Vat kleipot in jou hande).**
Ons is breekbare kleipotte. En soms breek ons inderdaad in stukke. Ten spyte daarvan, ten spyte van ons swakhede en ons onvolmaaktheid, het God 'n waardevolle skat in ons geplaas. **( Steek 'n kers aan en plaas dit in die kleipot)** Die evangelie van Jesus Christus. Die lig daarvan skyn selfs deur krake en stukkende plekke. Amen

**Verbintenis aan die Woord**

Lied 528:3

U gee u gawes net soos U wil;
Almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
Dat U my oral nuttig gebruik.

**Gebed**

Hierdie gebed is 'n gebed wat deur Annes Nel geskryf is en dit is geneem uit die Groot Gebedeboek ( 2003:90 ):

Vader van genade, U het alles goed geskep: U het die mens goed gemaak. Hoe anders het dit nie nou geword nie! Hoe anders is dit nie met my nie.

Ek is soos ʼn kleipot wat maklik breek. Ek is ʼn lekkende kruik wat nooit vol is nie. Ek is ʼn afgedwaalde skaap. Ek is ʼn kind wat weggeraak het. Ek is ʼn muntstuk wat verlore is.

Ek het baie dorings in my vlees. Ek is stukkend – gemaal deur die lewe; vergruis deur my sonde; verguis deur die mense.

Seun van medelye, U het by gebroke mense stilgestaan. U het vir sondaars, goddeloses, vyande, gebid en gesterf. U vier fees oor hulle wat gevind word. Uit die dieptes roep ek na U.

Ek kan nie meer stilbly nie. Vind my tog, sodat ek rus kan vind. Soos ʼn wildsbok na water verlang, smag ek na u vergifnis.

Laat u genade ook vir my genoeg wees. Heilige Gees, Trooster, Waarborg, Eerste Gawe, Herskepper, U wat soos ʼn ma my trane afdroog; U wat my met die seëlring van u liefde gemerk het as u eiendom – gee my vrede oor my gebrokenheid. Kap die stukke in my lewe af wat nie soos U lyk nie.

Skep in my ʼn onverdeelde liefde vir U. Laat ek hulle liefhê wat my gebreek het. Laat u liefde deur die krake in die kleipot van my lewe op ander uitlek. Vader, Seun en Gees, vergewe my, seën my, lei my. Onthou my; gebruik my. Al is ek stof. Amen.

**Vryspraak**

Die vryspraak en genadeverkondiging het reeds in die preek en die gebeure rondom die preek aan die orde gekom. Daarom is dit nie nodig om dit hier te doen nie.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

**Geloofsbelydenis**

Die Apostoliese geloofsbelydenis word hardop gesamentlik gesê.

**UITSENDING**

**Dankoffers**

Die gemeente gee hulle dankoffers terwyl die treffende lied van Prophet, *I am busy fixing people* gespeel word.

**Antwoordlied**

Lied 200:1-3

**Seën**

Gaan huis toe in die genade van die Here wat vir jou genoeg is. Gaan huis toe met die krag van die Here wat juis tot volle werking kom wanneer jy swak is. Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

**8. Gevolgtrekking**

Multisensoriese liturgie kan beslis bydra daartoe om gelowiges wat honger is vir ŉ vars benadering, nader te trek. Dit het besliste voordele vir lering in die postmoderne era. Dit voldoen tot ŉ groot mate aan die vereistes vir kommunikasie in hierdie era. Ons moet dit net herontdek. Dit was nog altyd rondom ons gewees en die beginsels rondom dit het nog altyd gewys watter waarde dit kan hê in die erediens. Om die waarheid te sê is multisensoriese liturgie ŉ erflating wat ons net nog nooit opgeëis het nie.

Eredienste hoef nie gekenmerk te word deur die afwesigheid van verbeeldingrykheid en skoonheid nie. Eredienste hoef nie vervelig te wees nie. Die eredienste van die NG Kerk kan beslis die hedendaagse generasie

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

toerus om sinvol met God te kommunikeer. Ons moet net ons teenwoordigheid in 'n postmoderne wêreld erken en effektief bly uitreik.

Die erediens gaan egter nie daaroor om multisensories te wees nie. Dit gaan oor die lof en die verheerliking van 'n Lewende God wat homself sigbaar maak in ons lewens. Die implementering van multisensoriese liturgie is net 'n klein deeltjie van ons geloofslewe. Die erediens op 'n Sondag is slegs 'n minuskule deel van ons geestelike vorming en ervaring. Die alledaagse lewe vul die res. Dis die deel waar ons eintlik die erediens moet vier.

'n Erediens hoef ook nie in geheel 'n aangrypende multisensoriese belewenis te wees nie. Dit moet in geheel 'n aangrypende dialoog met God wees. Daarom hoef multisensoriese eredienste ook nie elke naweek plaas te vind. Hier sou ons ook kon baat om oop te wees vir die impulse van die Gees.

Multisensoriese liturgie is ook nie 'n spesifieke benadering tot aanbidding nie. Elke gemeente is verskillend en uniek. Daarom kom nie alle elemente van die multisensoriese benadering in alle gemeentes voor nie. Die hoekstene is mos gelê. Gemeentes in die NG Kerk behoort nie deur multisensoriese liturgie gekenmerk te word nie. Die kenmerkende moet die hoekstene wees wat ons gestel het in die lig van ons gereformeerde identiteit.

Die Skotse teoloog P.T. Forsyth het aan die begin van die twintigste eeu gesê dat alhoewel kuns nie die krag van die Gees is nie, kan dit tog 'n voertuig wees vir die Gees. Ek meen dieselfde is waar van multisensoriese liturgie.

Geloof sonder 'n sin vir die skoonheid, of godsdiens wat sonder verbeelding is, los ons met 'n droogte van die siel. Dit verwek nie meer verwondering nie. Kuns is nie 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid vir die menslike natuur.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Daarom kan geen geloof ware godsdiens beoefen sonder kuns nie. Want uiteindelik lei die verheerliking van God direk na bediening in God se wêreld. Dit is die klimaks van Christelike aanbidding!

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

# BRONNELYS

Adams, R D 2000. The Roots of Reformed Spirituality, *Semper Reformanda* 50 ( 2 ).

Agenda vir die Elfde Sitting van die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Pretoria Sondag 13 tot Saterdag 19 Oktober 2002. *Verslae van die Algemene Kommissie vir die Erediens.* 44 – 104.

Anderson, F R 1986. Protestant Worship Today, in: *Theology Today* 43 ( 1 ), 63 – 74.

Anderson, K C 2001. *Preaching with Conviction: Connecting with Postmodern Listeners.* Grand Rapids: Kregel.

Babin, P 1991. *The New Era in Religious Communication.* Minneapolis: Fortress.

Baer, R A 1974. The Moods and Modes of Worship, in: *Theology Today* 31 ( 3 ), 220 – 227.

Barna, G 1999. *The Habits of Highly Effective Churches.* California: Regal Books.

Barnard, A C 1981. *Die Erediens.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

-, A C ( et al ) ( reds. ) 1988. *Handboek vir die Erediens.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

-, A C ( et al ) ( reds. ) 1976. *Die Kerkboek van die Nederduits Gereformeerde Kerk.* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

Barnard, M 2003. Ik zag een nieuwe hemel en een nieuwe aarde: kijken in die liturgie. Referaat aangebied by Buvton Konferensie. Stellenbosch

Berkouwer, G C 1966. *De Heilige Schrift I.* Kampen: Kok.

Boesak, W A en Fourie, P J A ( reds. ) 1998. *Vraagtekens oor Gereformeerdheid.* Belhar: LUS Uitgewers.

Bosch, D J 1992. *Transforming Missions: Paradigm Shifts in Theology of Mission.* New York: Orbis.

Burger, A 2002. Kan Preke jou nie maar toerus vir uitdagings nie?, in: *Kerkbode*, 15 Maart 2002.

Burger, C 2001. *Ons weet aan wie ons behoort. Nuut nagedink oor ons gereformeerde tradisie.* Wellington: Lux Verbi.

Buys, R 2002. 'n De-Ja-Vu Kerk?, in: *Kerkbode*, 1 November 2002.

Chu, J 2003. O Father where art Thou?, in: *Time* 161 ( 24 ), 14 – 20.

Cilliers, A 2004. Vernuwing en gehoorsaamheid, in: *Kruisgewys* 3 ( 3 ), 5 – 10.

Cilliers, J 1998. *Die Uitwysing van God op die Kansel: Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te laat sien.* Kaapstad: Lux Verbi.

Coertzen, P 1994. *Die Kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Cussons, S 1988. *Die Heilige Modder.* Kaapstad: Tafelberg.

De Gruchy, J W 2003. Aesthetic creativity, Eucharistic celebration & Liturgical renewal: with special reference to the Reformed Tradition. Referaat aangebied by Buvton Konferensie. Stellenbosch.

De Klerk, J J 1982. *Liturgiese Grondlyne.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Dix, D G 1970. *The Shape of Liturgy.* London: Adam & Black.

Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Du Toit, A S ( et al ) 2001. *Person-centered Communication: Theory and Practise.* Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Fore, W F 1986. The Church and Communication in the Technological Era, in: *Christian Century.* September 24, 810 – 812.

Gaddy, C and Nixon, D W 1998. *Worship: A Symphony for the Senses*. Vol. 1. Macon: Smyth & Helwys Publishing. Inc.

Graafland, C 1973. *Waarom nog gereformeerd?* Kampen: Kok.

Hageman, H G 1961. Reformed Worship: Yesterday and Today, in: *Theology Today* 18 ( 1 ), 30 – 40.

-, H G 1959. Three Reformed Liturgies, in: *Theology Today* 15 ( 4 ), 507 – 520.

Hanekom, B 2000. *Hoe leer ons kinders glo?: 'n Praktiese gids vir ouers, onderwysers en predikante.* Wellington: Lux Verbi. BM

Harris, M 1989. *Fashion me a People.* Louisville: Westminster John Knox Press.

Heyns, J A 1970. *Die nuwe mens onderweg.* Kaapstad: Tafelberg.

Jonker, H ongedateerd. *Liturgische Oriëntatie.* Pretoria: NGKB.

Jonker, W D 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit, in: *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 30 ( 3 ), 288 - 299.

-, W D 1998. Sterk- en swakpunte van die gereformeerde spiritualiteit?, in: Boesak, W A en Fourie, P J A ( reds. ) 1998. *Vraagtekens oor Gereformeerdheid.* Belhar: LUS Uitgewers, 38-48.

Keck, L E 1992. Caught in the Act: Praise and Renewal in the Church, in: *Christian Century* December 16, 1167 –1172.

Kiesling, C 1983. Liturgy via Electronic Communication: Is it possible?, in: *Spirituality Today* 35 ( 1 ), 51 – 58.

Kerkspieël 2000.

Kimball, D 2004. *Emerging Worship: Creating Worship Gatherings for New Generations.* Grand Rapids: Zondervan.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Koopman, N en Vosloo, R 2002. *Die ligtheid van die lig: Morele oriëntasie in 'n postmoderne tyd.* Wellington: Lux Verbi. BM

Maitland, S 1995. *A Big-Enough God: Artful Theology.* London: Mowbray.

Martin, R 1974. *Worship in the early Church.* London: Marshall, Morgan & Scott.

Maxwell, W D 1965. *An Outline of Christian Worship.* London. Oxford University Press.

Müller, J 1990. *Die Erediens as Fees.* Halfway House: NGKB.

Nel, A 2003. *Op soek na God... buite die kerk?: Wen weer ontnugterde gelowiges se vertroue.* Wellington: Lux Verbi. BM

Niebuhr, H R 1951. *Christ and Culture.* New York: Harper & Row.

Olson, R E 2003. The Tradition: Why we should still give Scripture pride of place, in: *Christianity Today,* November, 52 -55

Osborne, K B 1999. *Christian Sacraments in a Postmodern World.* Mawhah, New Jersey: Paulist Press.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en Prediking.* Pretoria: NGKB.

-, H J C 1988. *Gemeente en Prediking.* Pretoria: NGKB.

-, H J C 1997. Die aantasting van simbole in die Afrikaanse kerke, in: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.* 37 ( 1 ), 63 – 67.

-, H J C 2001. *Prediking in die konteks van armoede.* Pretoria: Unisa.

Quicke, M J 2003. *360 Degree Preaching: Hearing, Speaking and Living the Word.* Grand Rapids: Baker Academic.

Roberts, P 1995. Liturgy and Mission in Postmodern Culture: some reflections arising from "Alternative" services and communities. Article for the "Alternative Worship" Day, Lambeth Palace.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Ryken, L ( et al ) ( reds. ). 1998. *Dictionary of Biblical Imagery.* Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Rossouw, H W 1963. *Klaarheid en Interpretasie. Enkele probleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif.* Amsterdam: Jacob van Campen.

Saliers, D E 1994. *Worship as theology: foretaste of glory divine.* Nashville: Abingdon Press.

Sample, T 1998. *The Spectacle of Worship in a Wired World: Electronic Culture and the Gathered People of God.* Nashville: Abingdon.

Sangster, W E 1964. *The Craft of Sermon.* London: The Epworth Press.

Smit, D J 1998. Wat beteken "Gereformeerd"?, in: Boesak, W A en Fourie, P J A ( reds. ) 1998. *Vraagtekens oor Gereformeerdheid.* Belhar: LUS Uitgewers, 20-37.

Snyman, F ( red. ) 1998. *Is die NG Kerk nog die NG Kerk? Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Sweet, L 2000. *Postmodern Pilgrims.* Nashville: Broadman and Holman Publishers.

Van der Kooi, C 2001. Historiciteit als die achilleshiel van die gereformeerde spirtitualiteit?, in: *Wapenveld* 2, 10 – 14.

Van der Merwe, I J ongedateerd. Die Here is in sy heilige tempel: Oor die teenwoordigheid van God in die erediens. www.sun.ac.za/buvton

Van der Merwe, I J ongedateerd. Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?: Oor die verband tussen liturgie en lewe. www.sun.ac.za/buvton.

Van der Merwe, J ( red. ) 2001. *Gebedeboek met Liturgiese Voorstelle.* Wellington: Lux Verbi. BM

Viljoen, D 2004. Liturgie, simboliek en kuns is eeue-oue vennote, in: *Kruisgewys* 3 ( 3 ), 27 –28.

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

Viljoen, E 2004. Ontmoeting tussen God en sy gemeente- in hemel en op aarde voor God se aangesig, in: *Vox Viva Gereformeerde Internet Tydskrif.* No. 14.

Vos, C J A 1996. *Die Volheid Daarvan I: Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: RGN.

-, C J A 1996. *Die Volheid Daarvan II: Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: RGN.

Wainwright, G 1991. Renewing Worship: The Recovery of Classical Patterns, in: *Theology Today* 48 ( 1 ), 45 – 55.

Webber, R E (red. ) 1993. *The biblical Foundations of Christian Worship.* Peabody: Hendrickson Publishers.

Wegener, C S 1965. *Die Lewende Kerk.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Wepener, C en Cilliers, J 2004. In herinnering aan die kinders... wat aan honger en koue moet sterf: Liturgie in 'n konteks van armoede, in: *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif.* 45 ( 2 ) Supplementum, 364 - 372

Wepener, C 2004. Liturgie en die visuele en 'n konferensie daaroor, in: *Kruisgewys* 3 ( 3 ), 25 –26.

Wethmar, C J 2002. Die NG Kerk en Gereformeerdheid: Gestalte en uitdagings, in: *Verbum et Ecclesia* 23 (1 ), 250-256.

Wynne, G 2003. Multi Sensory Worship, at: 2003 British Union Conference of Seventh Day Adventists. www.adventist.org.uk

www.allenon.net

www.alternativeworship.org

www.emergingchurch.info

www.emergentvillage.org

www.emergentys.com

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)

www.ginkworld.net

www.jordoncooper.com

www.next-wave.org

www.sacramentis.com

www.scienceandsociety.uk

www.theooze.com

www.vintagefaith.com

University of Pretoria etd – du Plessis, I (2004)